

Part A: Portfolio

Portraits

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

Master of Arts in Creative Writing

of

Rhodes University

by

Gaireyah Fredericks

November 2021

Intro

Die portfolio bestaan yt reflections op my writing process during die course, my reading, my poetics essay en vier boek resensies.

Van haa trollie af

Asse kind het ek anne tale gewelcome. Ienagge iets, vanaf foreign movies tot songs in tale wat ekkie kennie. Maa die Arabic en Malay vocabulary wat in my alledaagse taal intertwined was, was distant vi my. Wan ek hettit gesien asse taal wat ekkie innie oopenbaar wil en mag praat ie. It was taal wat ek associate et anne strictly religious context. It het in my oor in my daaglikse opvangs begin ytsterf. Opsoek na my voice, breek die wal van wat ek in my wegstiek, en it spill als oo oppie page in een van my assignments. Mettie skryf vannie kort verhaal, “Van haa trollie af” begin ek die woore wat my ouma’le gebryk et innie text gebryk. Ek begin die woorde onthou en begin et wee byrie hys met my siblings praat. Hulle catch on en begin onthou nog meer, wat ek al vergiet et van. Enne heel nieuwe vocabulary wat ampe in my ytgestarf et kom na vore en maak hulle way na my characters en my stories voobaraglik. Even die temas wat ek kies om oo te skryf travel back in time. Wanne ek en my supervisor Nathan Trantraalpraat oor die lekkerte van in jou eie taal te skryf praat, dink ek annie texture vannie taal en warrit annie skryfwerk gie en ek decide ek wil die dormant taal wee present annie wêreld. In my thesis sal ek my ampe extinct language lat wakke skrik van sy slumber.

Reading

Met die stuk “In cursive spelling” dee Derrek White, het ek nettie puzzle wattie skrywer aangebied het enjoy. Soes altyd het die titel ennie stuk op ’n siekere manier my laat dink om al die connections innie storie te maak. *Crawfish Noon* dee Micah Dean Hicks isse ampe cinematic, Western storie wat dee insekte vertolk wôd. Micah Dean Hicks gebryk vannie characteristics vannie insects om humor en dramate create. Ek hettit straight up enjoy. Net asse well told storie.

Ek kon simply die storie vi warrit was verteer en enjoy.

Met “Cowgirl” dee Susan Steinberg from *Spectacle* was ek wee geshake deerie use van punctuation. Ytie ballpark intelligence. Sy use vi haa opening line slegs ’n singular punctuation mark: “; it was virtual, the killing; it was conference call, the killing;” Die semi-colon opening line was die most exciting ding wat ek inne lang tyd in teegekom et. In my brein, unheard of en brilliant! Ek was envious en het gewens ek was dai creator en sou soe bold was om simply dit te doen en anne te expect om dit te aanvaar.

POETICS OF THE WOR(L)D WE LIVE

Na die intro na Cape Malay vernacular let ek op na spelling en sound, die vorming vannie sounds innie taal. Vi my was language nog altyd a case van sound, maa nou kyk ek na hoe it innie mond gevorm wôd. How it’s expelled from the lips. Dit vat my trug na my interest in foreign movies (German, French, Sesotho) wat ek gekyk et, simply for the sake of enjoying the sound of another language. My affinity vi sound, rhythm en imagery wat in my wêk vookom hette baie ou history, beyond my senses. Is in my bien gecast. Ek deel die met Nathan and as I say, it clicket. Right there. I immediately understood why – it was the guttural g-sound of Sesotho wat vi my familiar gesound et. Dieselle virrie German. Dis hoe ekket instantly kon copy en mimic. Dai sound wat formulate dis innie throat. Arabic het dai identical sounds en of course is ek al my hele liewe exposed an Arabic sounds. Isse natural sound vi my. In my oor en in my mond. I was blown away! I also reckoned to Nathan after he described his own internalization of any language, that I think I have such a vast space inside me, I could not only take in all these foreign languages, but also develop a response to it based on the relationship sound and language has with one another. A language (sound, rhythm and imagery) I inherently understood it.

Mettie POETICS OF THE WOR(L)D WE LIVE seminar wat dee Paul Wessels aangebied is, encounter ek die statement: “Poetics is about writers writing about writing so as to see what

makes writing possible.” Oo die drie wieke dink ek oo die statement. Ek wonne hoekom ek yt vie siblings die mees gedraw is om te skryf en ommit asse ernstige artform te practice. Al is hulle oek artistically inclined. Ek wonne offit te doen het met die level van cultural, traditional or people (parents, grandparents) wat ek aan exposed was –hoekom het ek begin skryf?

Ek't toe 'n nostalgic trip backwards gevat en my lieue 'n goeie oorsig gegie. Ek't begin die goed wat ek gehoo et, wat my ge-interest et, op te haal. Ek onthou dat ek innie mundane everyday iets peculiar kon sien, vanaf kleins af. Ek was altyd aware vannie dynamics tussen mense en dinge, en mense en mekaar. Ek was baie inquisitive. Ek was altyd aware van die subtle exchanges wat mense onne mekaar maak, die physical suggestive body language en die subliminal communications. Ek't begin wonne oo wat my inner voice na lyste en ytsoek. En hoekom ek 'n vessel met great receptive qualities in ontaard et. Wassit my cultural influences wat my geguide et? Of wassit simply in my veins, hereditary? Ek grawe in my oupas se relationships met my. Dai relationships wat soe formative vi my was. Ek dink oo hulle lewens en explore die influence en die exposure wat my vanyt my kindsbien receptive an die soot van goed – taal, klank, narratives, mense – gemaak et.

Paul Wessels comment op my poetics submission: “Thank you for your very nice and important essay. It's so important to document your heritage and the people who maintain the links between generations that culture is dependent upon.” Ek varrit oppie ken en voel myself al hoe mee in my nuwe developing skin settle.

Reading

Alhoewel ek nog altyd sukkel met baie tekste wat ôs lies te process, sê Nathan is net 'n matter van jouself oepmaak vi als. Hy sê vat in soveel as wat jy kan, maa refuse et assit jou repel.

Hy urge my om my instincts te trust en tekste te dissect en te analyze, until ek myself kan convince hoekom ek die styles like of dislike. Nathan sê: “Find the heart, not the meaning of the story.” Ek het net die process daana getrust wan as ek die nwee ek wil embrace moes ek alle soot nwee writing explore.

In Ronelda Kamfer’s se *grond/Santekraam* skryf Ronelda haa opening lyn in Afrikaans, Engels en in Arabic. Wat my interest wassie die feit dat sy dit doen soeseer ie, maa hoe it die diverse influences op haa asse writer wys. Dan on top of dit het die transliterated Arabic in *grond/Santekraam* simply my mind oepgeskiet na possibilities vi my eie tesis self. Haa reëls lies van regs na links, soes dit innie Quraan geskryf staan. Ek bedoel ekt baie transliterated boeke byrie hys wat nie soe geskryf wôdie. Die vi my wasse extraordinary discovery en het my definitely na my wêk futuristically lat kyk en consider. Ek kon dit imagine en is grateful dat Kamfer my gewys et dat daa is nog baie room vi development en exploration innie soek na my authentic voice.

In die selle asem kyk ek na Churchill Naudee se debut anthology *Drol innie drinkwater*, interesting title, maa die poems skep maa’n swak indruk by my. Ek sien vele clichés en forced rym, goed wat ek nog nooit voorheen genote hettie. Maa al hoe meer opvallend raak vi my gedurende course. ’n Voobeeld van wat ek bedoel met Naudee se writing, “Toe dink ek sommer net so by the way - dan raak ek moeg vir die games / it’s all the sames / dan check jy wee’ my phone en delete wee’ al die names / ek vestaan / dis die ebb en flow maar passop / ek trade in vir jou / jou value het al gedrop want jou mileage is hoeg / en jou hare se punte is gesplit.” Ek het om al live gesien sy gedigte perform. As hy sy wêk perform is hy amazing, maa ek dink nie mens se skryfwêk moet op performance stien om sy impact te maak ie. Ek’s eintlik baie disappointed en sal my habit om my poetry vi performance te skryf oek moet invesitigate. Soedat it oek kan exist byte die context van die blaai.

Innie kortverhaal, "Lelik" van Jolyn Philips yt haa bundel *Tjieng tjang tjerries*, het ek 'n interesting fact discover. Haa teks is geflip en nie getranslate ie. Is asof sy die Saldanha vernacular skryf ennie vertaling exactly skryf sône ommie sinkonstruksie te ve'anne. Was interesting om te sien. It het my lat wonne hoe dieselle tegniek met Kaaps sou wêk.

Ek wens soe often ek het elke skrywer geken wat in Kaaps skryf. Ek dink as ôs as skrywers discuss why en how ôs doen wat ôs doen, ôs baie van mekaa sal leer, maybe selfs meer even as wanne ôs net die teks bestudeer. Die writer se process isse invaluable resource.

Diana Ferrus se autobiographical anthology *Die vrede kom later* issie deel van ôs book review list ie, maa ek vind haa poems oor haa pa roerend. Sy skryf gedigte oo sy PTSD en hulle relationship na die oolog. Die tema van sy silence kom baie sterk na voor en dis toe ekkie ooreenkoms van Hannes Visser se autobiographical anthology *Die jaar toe Pa ...* lies en dieselle silences raaklies. Hy skryf oek ytie oeg vanne kind oo sy waarnemings van sy pa. Especially innie gedig waa in sy pa sterf vind ek it netsoe gevoelsbelaaie soes met Ferrus. Altwie die anthologies is bildungsromans in versvorm wat die geleentheid om die oomblik van hul pa se dood aan te haal en die reflection van die stiltes in meer as een vorm weer te gee. It was vi my net interessant dat hulle twee se titels oek innie vertelling van die pa's se dood voorkom.

Erotica

Ek vind erotica revolting. It offend my religious sensibilities. Maa ek focus net oppie literêre waarde ennie writing possess en gie it die nodige respek. Is moeilik, my hele being skrie: tap yt! Elke kee as ôs moet lies en ôs wêk volôe, is daa students wat baie explicit texts lies. It krap an my soe omdat ek need om daana te recover en dan vi vergifnis vra, wan ek voel ek kannie myself separate van wat ek lies ie. Ek bedoel ek develop innie course my authentic self, develop my voice, maa it is against anne voices within me nog wat an religion en moral

compasses wat die religion voorgeskryf wôd, gebind is. Plus is Ramadaan en ôs as Muslims is innie heilige maand tans. Ek isse practicing Muslim, soe ek pwas boenop daaby. Ek vind et moeilik om myself te separate vanne Muslim skrywer wies. My salvage is om myself te sien asse skrywer wat simply commissioned is om erotica te skryf of lies as tema. Ek beslyt om myself vêder te push en my constraints te face, wan ek moet gloe writing kan soms impersonal wies en net art wies –without die sentimental en anne soot connections. Die discontent hoef nie oppie blaai te wysie.

Ek lies eventually op innie erotica theme en decide ommie assignment halfway te meet. Ek decide om op wordplay te rely en om elke corner wat ek kry cleverly te sny without sacrificing anything. Not me, nor my beliefs, or disrespecting the holy time I am in. Dié challenge myself en gauge my strengths asse writer. Die wiek leer ek om vulnerability en discomfort te face en te endure. Die wiek conquer ek die notion wat 'n inherent fear al jare harbor: being Muslim and writing. In ôs erotica session maak Fortunate Jwarra 'n statement: “If a reader was going to look for a plot they are not going to find it in my work. That’s how I write” en dit lei my bietjie af van my pondering.

Ek was obviously heavily confused en taken aback about what she was implying. My hele understanding was dat in writing moet 'n storyline en plot present wies omit 'n geslaagde wêkstuk te maak. Hoe kan 'n storie nie plot hettie? Even al wôd it nie deerie characters hard gedrive nie –a plot is the thread of a story? According to die internet isse plot defined as: “In a literary work, film, story or other narrative, the plot is the sequence of events where each affects the next one through the principle of cause-and-effect. Plot is similar in meaning to the term storyline”, soe no matter wat die story arc na appear, daa moet een wies, right!? For example: my storytelling photography students (ek teach photogoraphy part-time) sal gereeld hoo ek sê dat hulle die storie moet soek in die een click wat hulle met hulle cameras vat. It kan innie rising action, climax, falling action of resolution wies, literally anywhere, maa hulle sal hulle eyes moet train ommie plot te capture in dai single click. Which means they

must look and imagine the rest to complete the story, to be able to recognize where the lens should be pointed at and what should be focused on. Basically, moet hulle 'n thousand words kan capture in 'n millisecond frame –soe hulle moet dai awareness excersise.

Selfs rantings or ravings vanne character en inner monologues mag dalkie seem dat it vanne plot possess ie, maa daa is definitief 'n arc of storytelling, 'n sequence of events where each affects the next based on the principle of cause-and-effect, therefore, a storyline. My understanding is that a good attractive story has a full circle, even when there's an open-end ending, it should offer the reader a complete meal, 'wanting more' feeling, or satisfied, or wanting to go back for seconds, not a 'not enough' dissatisfaction in the end. I guess dais wee net ek, so I go on. Maa Nathan stress altyd as ek soe vashak dat characters en stories mette 90% truth and 10% fiction-approach geskryf wôd. Met dié approach raak skryf makliker, vryer, en dan wôd die structuring vannie arc met ease construct, alhoewel ek nog steeds my inevitable research oo baie elements innie storie sal pursue, maa die 10% truth sal 'n solid launch yt 'n satisfied informed pen wies. Die 90% yt die research pool.

Reading

“A riddling tale” dee Kate Bernheimer in particular, jump yt vi my. Met die een wood: ‘portulaca’, stuu it my oppe investigatory journey unpacking the short story. Ek research die wood en maak 'n discovery wat my na several other connections innie piece lead. Ek is in awe oo hoe die author die attributes vannie portulaca-rose use tot haa storie se advantage and hoe sy die storie rondom die facts construct. Mind-blowing, completely my stuff. Ek like oek dit doen. Ek voel soe at home.

Oek lee ek met my investigation oo erotica en die ego vannie skryf saga, dat Anaïs Nin haa verhaal innie ‘meta-styl’ geskryf et. 'n Interesting combination for sure: metafiction isse

“form of fiction which emphasizes its own construction in a way that continually reminds readers to be aware that they are reading or viewing a fictional work” en as ek na die storie kyk, issit definitief haa defense. Ek moet my wit vlaggie rys en concur.

Die *Poetry of Arab women*. Die vorm, styl en die crisp directness wat hulle comment op taboo temas, volgens my opbrengs was 'n groot surprise, especially ommat hulle just Arab females is en oek 'n anthology saam geskryf et. Dit was verfrissend om te sien Muslim vrouens lat hulle stem hoor en dit het my inspire om voort te ploeg om my stem ook hoorbaar te hou. Dit het definitief nogge knoop losgetorring, maa ek moet ook confess, hulle wêk het ek hardop gelies, wan yt my perspective het Muslim vroue lank genoeg onhoorbaar hulle gedagtes ytgespreek. In solidarity met my sisters sal ek die fakkel niem en die volgende vuur innie toekoms brand maak.

Toepaslik kom ek op die statement van Diana Williams in *All American*, haar essay: “I didn’t know what I was doing until it was obvious.” Dit het my even 'n dieper perspective oo my potential en waantoe my writing kan na groei geshed. Tans embrace ek my metamorphosis en represent ten volle.

Erotica feedback

Die feedback innie erotica feedback session is gentle, maa die suggestions is against my personal goal met my storie: “Mr Cello”. Volgens Nathan sê hy dat as ek die storie wil gebryk en ek’s sentimental about it, to stick to my guns. Maa as die storie 'n isolated one-off storie is, and it can meet the brief with the suggested I should perhaps consider to apply the feedback and experiment with the suggestions. Ek aanvaar die feedback, maa ek wil nie die erotica daarin die overpowering narration maak ie. Ek balance dit currently rather yt met die character se mundane life wat haa klein, yet powerful characteristic textures van haa

personality en omgewing wys. Volgens Nathan moet ek lee wanne om feedback te oppose en wanne om te concede, soedat as ek rêrag móét oppose dit dan genuinely matter vi my. En assit nie my change ie, dan moerit nette storie wies. Ek aanvaar sy wisdom en apply some suggestions made, but ek hou vannit oppie backburner vi nou. Ek moet nog in als dit groei dink ek. Dan imagine ek wat erotica in Kaaps sal na klink, maa nie nou nie, soe dit bly in Engels.

Kinnes vannie Jannat

Desire in my reference bly 'n touchy subject. Innie seminar Desire and Derangement waa ek “Kinnes vannie Jannat” skryf lee ek dat begeerte nie net een gesig hettie. Ek leer dat om pure desire te reach, daa 'n form of derangement present móét wies. Elke being hette boundary en desire present in one way or the other a level of existence. A permanent conversation wat altyd present is between desire and boundaries, en dit determine many times die course vannie story. Desire transform albei parties involved wan die exchange gebee nie inne vacuum ie—it also expands boundaries, therefore, as jyrit reg gebryk, kan dit die saucy bits in your story wôd wattie reader in draw en die meal appetizing hou. Waa die wiek vi my profound was, is dat desire nie sexual hoeft te wies ie. As mens jousef toelaat om plek vi understanding te maak, free jy jousef exponentially op allie vlakke.

Vrietangs

Rants and raves tie in byrie vorige session oo Desire and Derangement. “Vrietangs”se opening lines: “My oupa was oblivious to a lot of facts en kon net goedheid in mense sien. My ouma, sy was die embodiment van style en class.” Coupled daana met baie detailed

description van my ouma yt haa perspective in haavoice. Nathan advise ôs om na ôs eeste paragraph of opening line te gaan kyk offit nog altyd relevant is innie storie. He reckons with the first paragraph the writer is still warming upmost of the time actually, ees daana vloe die writing process en dan develop die storie in ways wat die start baie kee redundant maak. Hy advise ôs om basically die start te delete. Ek was baie sentimental oo my opening line, maa wat hy sê, just made so much sense. Ek was die point in actuality geprove. In my wêk. Ek doen dit since, maa is baie moeilik.

My tweede challenge dawn op my, dat ek wee in Kaaps skryf en ek immedialtely imagine dat ek in die piece sieke soese matroos gan moet vloek, maa innie assignment kry ôs net pardon vi een vloek woord. Wee voel ek restrained, 'n weird restraint. En toe doen ek al wat oobly. In my eeste draft skryf ek soe colourful soes ek wil en shave et daana tot die bare minimum, soedat ek steeds die gees vannie piece bly hou. Ek praat met Nathan oo dit agtena, since sy poetry collection *Chokers en Survivors* baie 'colourful' is. Hy sê vi my toe om oo die hurdle van restraints te kom, maa nog altyd iets believable te skryf, jy 'n setting of character moet choose waa dai restraints innie real world bestaan, bv. 'n plek van aanbidding. Dai sallie skrywer naturally in 'n box plaas en cognizant van sy setting en die respek daavoo hou, en oek dan die taal wat daamee sal gepaard gaan. Dit was baie interesting vi my om te lee, especially met my wat as gevolg vannie judging eyes vannie Muslim community nog consideration voo voel. 'n Leeftyd van brainwashing wat stipulate wat ek lies en hoe ekkie moet lies en wat ek daavan moet dink assit nie reg lies ie –volgens my religious teachings en wat oek al anne constraints en innie reading sessions baklei ek met tekste wat voorgestel wôd as ek lies. Selfs met my peers se writing, silently. Ek dink in imagery en my brein fire at twice ie speed thinking in images soes speelkaarte wat gedeel wôd. Ek maak natural associations en skryf it nee langs 'n dik swat lyn (fed by lifelong voorseggenkappe in woore vs mental pictures / emotional connections / sensory memories). Elke nou en dan skemer daa

iets dee as my constarints 'n pouse kry. Ek wiet ek's meer en wil meer...en ek gan meer. Ek ride maa die wiplank vi nou.

Die Mayet

Sabrina vra in ôs Q & A na die seminar whether protest poetry and rants dieselle is. Ek het ees nee gedink, maa toe stop ek en lyste liewes wat gesê wôd. Volgens Paul Wessels is protest poetry die gedagtes en gevoel vanne groep, 'n collective voice en Rants en Raves is die gedagtes vanne individual– die individu se siening. Of course! Dit wasse very interesting realization. 'n Mens is geneig om dinge te wiet, maa sien nie altyd die whole picture nie. Hierdie explanation het my soeveel perspektief gegie, al het ek permie gevoel ek skryf in protes as a rule.

By dié tyd issit ampe 'n given dat ek in Kaaps gan bly skryf, no matter die subject. Innie Death and Dying seminar waa ek “The Mayet” skryf voel ek al ytgeskryf oppie subject, maa accept die challenge gladly. Ek het al oo dood van allie angles wat ek kon ytdink geskryf en struggle om iets vorendag te bring. Lo and behold, terwyl ek sit en try om te brainstorm kom daa 'n community Janaza notice op my email dee mette informative nassegat (story) saam.

Immediately slyp ek my tanne en realize ek't noggie ytie dooie se perspective geskryf ie, maa oek innie selle asem wiet ek dis nie die perspective vanne believing Muslim ie. Die dooie hettie 'n conscience nie, maa ek sê myself is fiction en in Islam override intention als en my intention currently is om 'n fictional rendition vanne character te skryf that just happen to be deceased en knowledgable van die proceedings van dood in Islam. Met dai notion val ek weg met further research en ek create “Die Mayet”.

Nathan warn die groep altyd om nie assumptions te maak, maa om eerder te research wat jy nie 100% van wietie. Sabrina het oppe anne geleentheid 'n storie geskryf wat some hospital practices gefeature et en ek, ommat ek 'n care nurse inne ouetehys was, het immediately die inaccurate information erken. Dadelik het die wêkstuk in my mistrust gestir en ek't reluctantly vêder gelies. Merely yt courtesy. Maa eintlik het ek cheated gevoel. Gevoel ek konnie haa writing trust ie. En ommat ek al Janaza's bygewoon et, maa nie self die toekamanie wêk doen nie, moes ek maa my feite gaan research. I did, and it paid off. Nathan herrit as 'some of the best writing on the subject' beskryf en further my commend op my ability om 'writing subtly and very controlled' te produce. It wasse moeviese learning curve and on top of it het ek 'n subject wat se perspective controversial is angepak en finally niemand se permission gevra nie, net gedoen. Ek het ook gelee dat rythmn emotion kan create en dat ek nie need om my wêk aan niemand te vedydelik ie. Ek moes toelaat dat ie wêk homself vedydelik. Al die lingo sal either in context of deerie reader dan gereasearch kan wôd en dit was okay. Ek kon maar. Net die fact dat ek die vryheid kon hê om die lingo wat ek elke dag praat te gebryk en wat by Janazas veral gebryk wôd, was soe bevrydend. Dit het my volmaak laat voel asof ek nogge puzzle piece bygevoeg et. My authentic narrative was biesag om te evolve.

Met my research vi my storie, "Die Mayet," discover ek die website: SOEMBAIN DOT KOM -<https://alexfam786.wordpress.com/501-2/>.

It was super exciting. Ek discover 'n list van Cape Malay vernacular woore wat my grandparents rondom my as kind gebryk et. Doing my thesis in this vernacular, I really thought this could only be from Allah. Oek was ek straight gesit toe ek die webpage email enne paa questions vra. According, Mogamat Alexander, wie die site manage, praat ekkie Kaaps ie, maa wel Cape Muslim vernacular. Imagine my astonishment, even more toe ek die Malaya, Indonesian and Arabic influences we as Cape Muslims have had in our development of language van lee op die webpage.

Example: “Hy bly mos oorkant die masiet, ons kry toe sommer die katel daar. Sy boeta is mos ñ toeka-manie, ons het hom toe ytgelê en sommer vroeg oggend ge-ghoesl, ek het gesê ek wil vir sy kaffang betaal. Ons het toe gesit en batcha daar by hom, Surah Yaseen, Tabarah en Surah Mulk...”

Ek lies die woore en voel soema homesick, nostalgic. Ek moet anhou explore en nie stop ie. Die taal voel precious en sallie kan dood ie. Dit het my soema oppe heel anne investigation gesit en my vesieke ek’s oppie regte pad, die pad na my linguistic home. Ekt oek besef sodra ekkie old language in my gan unlock, dat daa ’n authentic, organic stem gan emerge. “You must not remove how you write too much from how you talk.” vedydelik Nathan Trantraal my. “It is amazing om te sien. Soe nader jy an jousef skryf soe meer krag kom daa dee innie writing. Ek is baie excited oor die taal.” Priceless remarks van Nathan en ôs altyd agree dat ek currently a molting process ingetrie et en a new version of me is in production.

Alterations

Ek skryf al obliquely before MACW, maa nou kry dit ’n naam enne definition vi my. Ôs lies innie reading session “Cactus” by Miljenko Jergović en my excitement oor die type of writing laat my mond wate. Ek recognize die style instantly. Ek voel overjoyed en notice die dialogue between die characters en hulle interaction met die object (cactus) en voel asof die writer unwritten dialogue innie piece in hide –asof mens dit subliminally hoor en vestaan. Is exhilarating. Die dialogue wôd innie interaction enne responses vannie character towards the cactus, reveal. Vi my kommit voo asof daa ’n main theme enne secondary theme simultaneously innie story run wat both equally important is –en oek mekaa compliment en complete. Dissie type of writing wat instantly met my resonate. Writing interestingly and cleverly –giving the reader work!

Die perfect storie comes to mind – “Alterations”. ’n Storie oo ’n character ytie 40s, based op een van my oupas wat ’n tailor was en sy punt altyd kon maak, sône om offensive voo te kom. Also is geskryf in Kaaps. My inner fights is endless. Tussen tale, genres en themes en personal constraints en soms issit net vanselfsprekend –skryf die storie innie taal wat die character praat. Jo-ann Bekker respond met equal excitement en inform my dat sy ‘particularly liked the meticulous descriptions of the measuring, and how they were woven into the dialogue.’ Sy sê dat my ‘story more than meets the requirements of the assignment -- by focusing on a suit (and a dog) a far broader story of prejudice (and education) unfolds’ wat vi haa laat voel asof dit ‘exactly what I intended to achieve’ portray. En sy was spot-on. Elke gevolgtrekking van haa was in my planning. Ek’t soe accomplished gevoel en gedink hie kan ek nou begin believe dit wat ek altyd try om te achieve –to decide what my reader takes with and are left with.

Reading

“In the girl who was blind all the time” by Sheila Heti, impress die power van sight in absence my baie. ’n Goeie example van die usage of tangible concrete language. Innie eeste paragraph: “She lived in the hollow of her mouth and ears. She lived in the two deep hollows of her nose, and when if someone touched her, she lived in her skin.” wôd die leser innie senses from within die blinne character geplace. Innie hele storie voel die reader saam blind en beleef die wêreld in sensory form. Even mee innerlik as wat ek altyd travel in my characters.

In die Kaaps reader compiled dee Nathan Trantraal lies ek Anwar, a character in Chase Reese se boek, *Kinnes* raak en immediately relate met hom vividly. Clear, real. Een wat ek en Nathan oo lag wat al oek my in my leeftyd al most probably al gerop et. Ek point yt ’n scene waa Anwar the character and mannerisms van famous movie idols authentically portray

en my admiration virrie author se clarity innie scene, maa Nathan alert my an iets wat ek, ommat ek nie soe 'n trained eye soes hy hettie, innie storie. Hy vra my om te kyk na die characters se ages en die era wat die storie in geskryf is. Hy point yt dat die character Anwar nooit die stories gemention sal gaan kyk het nie. Ek was surprised about die oversight, considering the insights wat die author my met die ontmoeting van Anwar an introduce et.

3 Virre Rand

Soes my voice al hoe meer clear raak voel ek losser en meer comfortable agterie pen. Die seminar on Re-Imagining Place moet ie 'setting' oek asse character beskou wôd – 'n element wat die storie vorentoe move –eintlik soes 'n tag-team. En al skryf ek deerie oë vannie character kannit nog altyd bereik wôd as ek die setting asse character beskou. Dit was aanvanklik baie confusing, maa na ek die characteristics vannie setting neer geskryf et, soes wat ek normally vi al my characters doen, begin ek die possibilities te sien. Byvoorbeeld: die ghuffie isse waterstroom wat deerie buurt vloei ennie flats ennie cul-de-sac se hyse van mekaa skei. Daa groei dik riete daaryt, en daa isse baie swak geboude houtte bruggie wat creak as jyrit oostiek. Die ayas maak biesems van begriete daa. Dis soese highway virrie pedestrians heen en weer vanaf Waterbokstraat veby die flats, oorrie landjie narie main road. Daa's altyd vroegoggend en saans mis oorrie ghuffie. Daar's 'n permanent stink walm, veral innie soeme –ommat ie wate oud en vyl is en alhoewel et vol bakterieë is, groei daa klein bietjie vegetation daa. Ek kon die ghuffie sien evolve inne character met potential to do things –soes as ek my kiddies stories conceptualise. Dit lat my dink an die radiodramas wat ek somtyds skryf. As jy 'n radiodrama skryf moet jy equally of even mere cognizant van jou setting bly. Jy maak staat op die dialogue om die environment te skilder. In hakkies of met capital letters describe jy die emotion wat die actors in hulle stemtoning moet weergee om als te frame in focus. Ek kannie dink waa annes raak die setting mee key as wanne jy

radiodrama skryf ie en thus kry ek 'n rounded sense van Re-Imagining Place. Ek dig in die experience wat ek het met radiodrama ennit help my met die assignment. Vi die assignment skryf ek 'n storie, "3 Virrie Rand".

On Voice

On Voice, an experiemental seminar wôd daa verwag, as we are developing your own voice, om 'n bestaande piece in ôs inventory te rewrite. Ek rediscover "16 June 2003". As jyrie storie lies is die taal wat dit in happen ennie characters Afrikaans, soe dit lei my na die necessity ommit te rewrite in Kaaps, maa met dié, gebee daa 'n baie peculiar thing. Die character request die freedom omme certain sassiness dee middel van dialogue te inject. And as soon as wat ek dit toegie transform die character se vulnerability status. Sy transform into 'n bold, defensive being, dee haa fears innie situation heroic of daring te behave –asof sy nou mee wind in haa vere het. Terwyl ek die juxtaposition with regards to language se spice ponder, onthou ek Raymond Federmanse essay, "A voice within a voice" waa hy verdydelik dat 'there's a voice that speaks in him, that double-talks in him bilingually, separately or, at times simultaneously. He also claims that there are certain texts which can only be written in English, and others only in French" –soes sy struggle between English en French, voel ek dieselle oo my multilingualism. In Federman se woore: 'I think that the two languages in me love each other, and I have, on occasion, caught them having wild intercourse behind my back. I am a bilingual being, a double-headed mumbler, one could say, and as such also a bicultural being... one is constantly displaced from one language (and one culture) into the other. And yet, at the same time, it means that one can never step outside of the languages inside us, whatever these languages may be. The bilingual writer allows the readers (if he has any) to listen to the dialogue which entertains within himself in two languages, even though in most cases the readers (who usually not bilingual) only hear half of this internal (one

should almost says infernal) dialogue. A schizophrenic bilingualism.” Hy slaan hom oppie kop. My experience inne nutshell. Ek het ’n peaceful relationship met die drie tale wat in my reside – Afrikaans, Engels en Kaaps – al baklei hulle vi aandag. Die objective decide altyd die taal, en die style van writing.

Soe dan kan mens maa assume dat voice override style, wan jou voice evolve en style becomes more refined en taal het sy eie character, mood and rhythm? In my opinion, dink ek style is ’n mold vi language warrit moet in squeeze en dan trou. Dit was soe ’n pleasant realization om my journey van hoe my voice begin te solidify te sien develop. I had ventured into many different styles of writing, soes met die ‘Experimenting with sex’ assignment and ‘Writing with and against other narrative conventions’ waa ek die directive surpass et en beyond the brief explore et –my eie stem begin remodel et. Voice truly overrides style. Voice groei soes language tender oppie ear vannie skrywer en somtyds issit subtle en organic, en soms issit simply ’n wake-up call en wôd it violently in jou ‘natural’ self ingedruk.

Reading

Die een storie vannie *Collection of Very Short Stories* written by Sarah Manguso, “Titleless stories from 300 Arguments” grabbed my attention: “I use to have a handwriting. Now I have a signature.” Die single line het soeveel te sê. Die reader moet die blanks vul en die storie wat die reader op conclude is soe big. Simply intriguing. Die one-liner storie kom soese free writing prompt voo en terwyl ek my tanne slyp vi mee van dit innie collection teekom, stop ek en vra myself. Is daa ’n plot nou hie present? Wel daa was inne way I guess, maa nie innie conventional way nie en dit vat my nou wee trug na Fortunate se style of writing en haa statement, “If a reader was going to look for a plot they are not going to find it in my work. That’s how I write”. My revelation het finally arrive na my endless question. Ek kan nou sien

hoe ek space vi haa sienswyse het within me. Ek het 'n flaw as 'n creative in being unable to allow something in if it doesn't make sense en somtyds kannit soe critical en by-the-book wil appear, maa in die instance face ek die reality dat ek eintlik myself net deprive van altwie sides vannie coin sien. Lesson learned.

COIL project

Met die COIL project waag ek my eerste translation van Engels na Kaaps. Dit was baie interesting, veral hoe die language se expressions change. Examples:

Engels: "I stared. Frozen. My eyes bled tears from my core. Knuckles clung to plastic against my bosoms. My feet rooted down and I felt anchored – like trees bolted down."

Kaaps: "Ek kyk net. My nat oë bloei trane yt my core. Knuckles klou aan harre plastic tien my bôse. My voete skiet wortels en ek voel geanker – soesie boeme vasgemaak."

Kaaps: "My vookop is nat ennie sout-straaltjies brand my oë assit my eyebrows sidestep en even 'n bitter smaak in my mond laat. For 'n while kon ekkie ees myself hoo nie."

Translated to Engels: "My forehead is wet and the salt trickles down and burn my eyes when it avoids my eyebrows and reaches my mouth that has a bitter aftertaste. For a while I become silent to myself." Die Engels hettie robustness vannie experience verwyder, alhoewel dit oek impactful gevoel et, wassit nie die gestroopte naaktheid wat ek wou hê die incident moet mee gerelate wôdie, ma asse excersise baie leersaam nonetheless.

In die workshop sessions wat ôs peers aangebied et lee ek van Surrealism in writing. Ek ken Surrealism innie konteks van Kuns, maa nie writing nie en as ek na Salvador Dalí se artwork kyk, is die intrigue vi die style very much hightened. According to Thobeka 'the human psyche is said to be decided into three segments, the superego that entails societal norms; religion, and parents. The ego, which undergoes the superego and those norms and also

undergoes the ID. The ID is the subconscious mind, the one that entails our inner desires to feed, to kill, to have sex. The ID communicates to us through dreams.” Die information was oppe other level. Baie van wat ek al oo geskryf et was droeme –as ek slaap en daydreaming. Ek was definitief interested.

Ek dink an een profound experience eendag toe ek innie skoolbus gesit et. En inne moment van escape yt die mundane het ek innie glas vannie bus myself transport en ’n hele storie daa sien ytspeel et. Vi dai tyd was ek weg van my realm en inne anne wêrel. Toe die bus stop het die jolt warrit mee stop my yt die daydream wakke geskrik en my dag het continue. Maa die wiete van die secret experience het my allie jare bygebly. Met die Surrealistiese invloed base ek my storie op die event, maa die character Stretch en die visual picture van wat ytspeel vat toe ’n mee Surrealistiese vorm, different as warrit was innie original storie. My thoughts was by Salvador Dalí se paintings en die symbolism in sy wêk. Ek skryf die storie in Engels, wan die students wat ôs die COIL project mee share is American, but in my agterkop dink ek hoe Surrealism in Kaaps in sal sound.

Stillness, Silence and Quiet is ôs tema vir ôs team, ek, Sibongakonke en Nelia, drie pole. Maa die theme wat ôs kies om te workshop, present in al drie ôs wêk in different ways. Nelia skryf oo nature and animals en die nostalgiese quiet wat it die soul bring. Sibongakonke se wêk focus oppie stillness vannie liewe en myne, die silences wat mens in jouself beleef. Ôs bring it soe to light:

1. How to recognize and write about it and
2. How to recognize it,

But first I needed to know what it was exactly. Toe ek my vagueness regarding die topic met Sibongakonke en Nelia share toe vedydelik hulle dit vi my. They used my own work (“Broken angels” and “Kinnes vannie Jannat”) as examples to make me aware of it and how

to identify it. I'm still not entirely 100% clear, although I liked to write it, it's at least 90% cemented.

Mettie feedback sessions vi COIL recognize ek die different elements innie students se wêk. En ek nervously share dinge wat hulle might benefit. Although dit nie my heel eeste kee is wat ek na students se wêk kyk ie, ôs doen dit among ourselves elke wêk met feedback sessions. Ek het baie mee confident oo my impressions oor die wêk gevoel. Dit wat ek kon sien en ytpoint. My response time dink ek was wat my foremost impress et. Ek het dadelik die necessary connections gemaak. My critical eye was sharp en in fact, ek't oek gevoel ek doen justice met my feedback. Daa was vi my contribution oek suggestions gemaak en all in all wassit 'n amazing exchange.

Reading

Ek catch myself nog altyd terug na "Marriane" geskryf deur Anaïs Nin. 'n Short story innie erotica genre. Dit pla my dat die storie se balance vi my lopsided voel. Die skrywer gee 'n nice introduction en build-up na 'n warme detailed sexual account, typical erotica en dan as die skrywer die climax vannie storie oorstiek, voel et sy kap die aanloop nareinde short met less flamboyant descriptions of detail en ek assie leser voel afgerammel nareinde. Ek vra die question: issit maa die genre se inskap of issit nete egoistic skrywer wat nou voel sy't ôs gegie wat ôs expect et en haa job is done? Die responses het my glad ie gesatisfy nie. Soe again vra ek: Does a writer write with an ego? Dit was my food for thought die wêk.

Vi my dink ek storytelling is about taking the reader on a journey en no matter wat jy sê of doen, dit vra virre reaction offe response vannie leser, dan nie? Soe die concept 'read what's

on the page' maak my even more uneasy die kee. Ek wil question en dispute whether ek dee Anaïs Nin 'n storie an verkoop was, wan sy grab my attention met die opening line: "I shall call myself the madam of the house of literary prostitution, the madam of hungry writers who were turning out erotica for sale to a 'collector.'" En dan haa hunger om die heated sex scene: "When she saw that he was dissolved with pleasure, she stopped, divining that perhaps if she deprived him now he might make a gesture towards fulfillment. At first, he made no motion. His sex was quivering, and he was tormented with desire... Marianne grew desperate. She pushed his hand away, took his sex into her mouth again, and with her two hands she encircled his sexual parts, caressed him and absorbed him until he came." It voel sy rob my van daana skryf met die selle deernis – ek bedoel as jy erotica skryf, oo sex, continue maa oek daana asof ek iemand is wat na die climax wil cuddle of some pillow talk enjoy. Moenie my net met die einde gooi nie. Disappointing literature en dai's deel van my issue met die genre. Is lopsided.

Toe ek "The stain" lees het ek net innie storie geval ennie beautiful skryfwêk opreg gewaardeer. Die moment tot moment account vannie aksies innie verhaal; die tension wat met eenvoud geskep wôd; die pragtige gebryk van personification, "The jacket lay quietly by the side of the road." Writing like: "His hands were tucked in tortoise style. / It was as if the bush were clinging to the ground in fear. Now, there was only tiptoeing silence." Simply unbelievable images wat create wôd. Ek was soe entertained and excited! Die skrywer het nie een woord sonder doel daa gesit ie, g'n placeholders – all justified. Gerry Lafemina's *Fairytale* would not leave me. Although I realize and was constantly reminded by the writer's tale it was fiction, the bedwetting made me believe we are in realm. It haunted me and although Paul explained to let the piece simply have its say; to be mindful of triggers and to ignore pre-conceptions, I remained divided on the matter.

Epistolary Writing

“Epistolary Writing urge their readers to play an active part in the narrative: to make the connections, be skeptical, and fill in the blanks.” Nou dis my type of writing. Ek self isse reader wat wil wêk vi my enjoyment. Ek wil puzzles bou of wittiness raaklies. Ek willie gespoonfeed wôd ie. En ek wil intelligence innie teks sien. Ek is oekie Kaapsie, ek praat en skryf Kaaps – dai statement het to mind in dié wiek se seminar about Epistolary writing gekom. Stacy vertel:

“I was born into a white family during apartheid South Africa and experienced its system of radical closure, containment and isolation. From a young age I was taught to keep myself erect. Sealed off. At a safe distance. Look but don’t see. Feel but don’t touch. Live but don’t breathe. Much of my life and writing has been born in reaction to this - I love writing that violates personal space, radically intimate work that speaks directly to a reader instead of a generalised reading public. Writing alive with joy or sorrow.”

En daa gan daa liggies soes krismis in my kop aan. My search vi taal en my relationship met my moedertong is mos nou al ’n engelange journey en constant engagement. En nou repeat ek haa woore aan myself, maa toe create ek my version:

“I was born into a Cape Malay family during apartheid South Africa and experienced its system of radical closure, containment and isolation. From a young age I was taught to keep myself obscurely erect. Sealed off and at a safe distance. Look but steal with your eye. Feel but pretend it doesn’t touch you. Live! But don’t breathe too loud.

Much of my life and writing has been born in reaction to this – I love writing that validates personal space, radically intimate work that speaks directly to an honest reader including the generalized reading public. Writing alive with joy or sorrow and remembrance.”

Ek kyk nare twee narratives en ek sien interessante similarities, but ook opposites. Opposites wat die taal se ouderdom verklar. In Stacy se statement love sy writing wat personal space violate (en ek loveit ook fiercely) maar ek het ook 'n responsibility wat ek moet acknowledge, writing wat personal space validate –on both sides, writer and reader. Stacy praat tot die reader instead of die general public. In die Kaapse narrative is daar nie die luxury nie. Jy speak nare broader public, altyd –die community, die kanon, die grense in die hoop van waardering van taal holisties –alles en ammel! En laastens, jy moet writing produce in remembrance, want dit is nog steeds eers as opgeteek nie.

Soe ek sien hoekom ek myself asse Kaapsprekende ambassadeur proklam en hoe die twee narratives writing in die literêre geskiedenis beïnvloed het. Meaning, ek is nie Kaaps nie, maar skryf en lees in Kaaps, want ek's South African foremost (soos wat Stacy haar moedertong praat en skryf maar nie dit personifiseer nie –simply nete fellow South African.)

Die epistolaire briewe in ons leser was vir my baie interessant. Die bou en die benadering. Ek't die intimacy en die simplicity van die narrative waardeer. No flair, net honesty. Ek sien die writing soos innermonologie waar jy, die narrator van jou briewe ook basically die subliminal character is. Amper convos met jouself het en die other self mette ander karakter replace. Die ander writing style onder Autobiographical fiction –Parts of an Autobiography se Fragmented self / life as a list writing van Camen Giménez Smith was ek nie besonder aangetrokke aan, maar ook baie waardeer vir ontwikkeling. Alhoewel ek die genius in die simplicity van die writing waardeer het, was dit die numbering wat later monotonous geraak't. Ek kan die potential van interessante events en 'n clever woven storie daar in construct se possibilities recognize, ja, maar die rigidness van dit is dalk 'n future ytdaging. I must say though: Dit was interessant dat die skrywer besonderse events highlight en even al was dit single sentences aanhalings oor 'n sequence van life events, was baie emotion geïkapture en die bare essentials –net wat saak maak gemention. Example:

“I saw my cervix during a Pap smear.

The whole world had a new layer of grime for me to pick at: misogyny.

I decided my eggs were my own commodity.”

Soe asofie skrywer beads oppe tafel ytgegooi het wat die events represent en gesort het oor die favourites. Oek dat daar deelopende temas in haar narration in die different eras vannie karakter se liewe ge-highlight wôd.

Reading

In ôs Tuesday group reading sessions met Paul Wessels enter ek mette open mind elke wiek en repeat die woore “Let the piece have a say,” in my ore. Ek allow some in en enjoy et en annes repel ek soes met “Water liars” dee Barry Hannah. Simply oo my kop gegaan. Met “Dust particles” hoo ek die stem vanne kind skemer dee assie narrator’s voice –die taal lei my daarna toe. Ek pause en dink ’n bietjie en ek hoor weer die stem. Ek kon age innie voice vannie narrator hoor, sien, lies. Ek sien, nou verstaan ek die boegenoemde concept. En dan surprise iets my. Sabrina lies ‘n paragraph wat ek completely gemis et of nie kan onhou nie: “I really didn’t want to play this game...” en daa kap my reservations wee trug en allow my om myself te beskerm dee nie die particular deel in te vattie –completely. Soe ekt ’n lang pad gehad om te gaan, maa ek was present soes wat ek moet, al wassit nie heeltyd ie. Dai was powerful writing and it was epic!

Saam die development van voice, kom die technical aspects, soes Kaapse spelling natuurlik. Ek en Nathan praat oo spelling in Kaaps en ek open myself vir die current general aanvaarde standards vi publication –oek as dit die reader se taak sal vergemaklik. In particular praat ôs oor die –tjie en nie soes en –chie skryf ie. Ek lyste na Nathan even though SOEMBAIN.COM se explanation van hoe spelling evolve et tussen die twie languages: Afrikaans pronunciation en Cape Malay pronunciation, for example: Afrikaans – boonkie/Cape Malay –boenchi. Afrikaans biekie/Cape Malay –biechi. Ek moet getyg, ekt gejump for joy toe ek dié ontdek et, maa my thesis is best written op die standard wat Nathan tans present en dit lies oek baie gemaklik, even vi my tans. Soe 'n twiede natuur, ek doen al editing in die vorm. Ek sien dit nie net important vi my thesis ie, maa asse parallel journey of language wat equally strong en relevant vi future reference is anyway.

During my research vi die book reports kom ek oek op 'n Pen/Afrikaans article waa Carolyn Meads skryf oo die history van Kaaps en Kaaps gedurende Apartheid en iets oo Adam Small vang my oeg. Sy quote Adam Small se gevoel tienoo Kaaps in sy anthology *Kitaar my kruis*. Small sê: “Kaaps is 'n taal in die sin dat dit die volle lot en noodlot van die mense wat die taal praat, dra: die volle lot, hulle volle lewens ‘met alles wat daarin is: 'n taal in die sin dat die mense wat dit praat, hul eerste skreeu in die lewe skreeu in hiedie taal, al die transaksies van hul lewens beklink in hierdie taal, en hul doodsroggel roggel in hierdie taal. Kaaps is nie 'n grapperigheid of snaaksigheid nie, maar 'n taal.” Ek venoem na Kaaps of wat ek skryf en praat, al dispute sommige dis Cape Malay vernacular, as 'n taal. Small beskryf et soe in sy stelling oek.

Dink daa aan, Academic papers wôd daain geskryf, daa wôd gedig, gepraat, geskryf en awards virrit ytgedeel –gladie defined as a ‘joke-taal’ ie, 'n taal wat sône clear wit and intelligence, without trying to sound clever or purple, met opreg beoefen wôd. Nathan sê: “Concern jouself net met jou internal dialogue. Lyste na wat jou kop vi jou sê. Die goed wat

jou pla, jy ken klaa die antwoorde. Jy wiet hoekom it jou pla. Al wat jy need om te doen is ommit te acknowledge.” En soe hou dit my oppie straight and the narrow.

Ek maak nog baie die common mistake om my eie gedagtes in characters se monne te sit. Ventriloquism, soes dit define wôd. Die possession van characters dee hulle writers. Ek dink omdat ek dee die oë vannie character kyk ek myself te gemaklik in die character-vessel maak datek myself (skrywer) te explicitly express. Oek skryf en produce, asoek speel ek poppekas extensively en kan dalk dié extension van characters wat ek ’n affinity voo het misuse en my gedagtes vi hulle gie. Maa ek vestaan as mens literêre kritiek genoegsaam lies, dit jou sal toelaat om die type of writing easily later te begin identify. No matter how, is iets wat ek nog stêk aan wêk.

According Virginia Woolf, advise sy wee dat mens ’n boek met blurred enne divided mind moet approach. Sy suggest mens banish al jou preconceptions as jy lies en try om nie die author te dictate ie, maa eerder te try om innie skoene vannie author jouself te place. Verde sê sy: ‘Be his fellow-worker and accomplice. If you criticize at first, you are preventing yourself from getting the fullest value from what you read. If you open your mind as widely as possible’, waarborg sy jou ‘this will bring you into the presence of a human being unlike any other.’ Ek’s excited om die level van lies permanently te experience. Ek wandel nog in en yt dai reality. Haa woore is ampe soes ie Commandments van writing en ek dink ek sal geloof moet kry en dit gehoorsaam, veral soes ek na my tesis se afhandeling beweeg.

Abstract en thesis

Met my eeste attempt tot my abstract het dit wild gelies soese street vendor. Ek was vasgevang in die entertaining mood wat Kaaps ‘apparently’ moet het (ek wiet nou anders) en het gedink ek moet ’n hook het ommit basically te vekoop, maa ek vestaan en het nou an

myself geprove dat Kaaps oek subtle en met deernis iets kan vertolk. Ek was lost. Konnie dit wat ek van my thesis wil oordra clearly communicate ie.

Ek't 'n list van my wêk wat ek dink vir my tesis oorweeg kan wôd saamgestel. Ek currently lies dit dee om connections en dialogue tussen stories te identify en ek het nou al 'n paa workable pieces. Pieces waa jy die die relation tussen hulle kan sien. Ek't oek tans 'n oostroming van stories en ideas based op my history en knowledge van die Cape Muslim community wat mette taal gepaard gan wat ampe al die gees gegie et. Soms is die stories die focus en soms issit die outentieke taal van my ouma se era wat stories voerendag bring, ma all-in-all beweeg ek in dai rigting.

Portraits

My current thesis research title: *The portrait of a Muslim woman in South Africa*. Toe start ek en Nathan praat oo die thesis title en ek kry die idee ommit *Die photo album* te noem. Exactly wat ek probee sê. Ek picture die idee vanne era en mood met humour, depth, feel-good and nostalgic stories. Ek imagine die stories oo die characters in portraits en hoo in my minds eye die stories wat met die stories gepaard gan. Die swat en wit paging na die hede in colour. Die image bring my 'n vision van oo eras en cultural expressions en practises. Die language in die thesis moet natuurlik oek dai quality het, but oek van 'n group of people, ordinary, but interesting that exist(ed), vertel.

Daa issie baie South African literature wat die Muslim community depict ie en iemand sal die important stories moet optieken. Soe daa was vele mindmaps en conceptualizing under die researched concepts van photo albums, cameras, lenses, and focusing on capturing stories. om Ek het die thesis se title verander vanaf *Polaroids* na *Shutter 1/200* (this sounded too technical) en finally na *Portraits*. Toe ekkit sê herrit soema reg gevoel, toepaslik. Ek sien

dydelik die interesting characters in portraits en die endless interesting stories wat hulle sal deliver.

Currently lies ek Naguib Mahfouz se *Palace Walk*, *Palace of Desire* and *Sugar Street* boeke, translated from Arabic by William Maynard Hutchins and Olive E. I am learning how to encapsulate culture and traditions in writing. Die trilogy teach my baie oo writing with simplicity. Ek enjoy die language en agree dat simple language netsoe effective soes ienage iets annes kan wies. Is die storie en die perspective wat die reader intrek en as mens honest writing present, kan jy nie verkeed gannie.

Nou moet ek net cognizant vannie possible challenges bly. My challenges sal innie taboo issues vannie culture en tradisies opkom en innie skrywe en versorging vannie characters geremedy wôd. Ek wôd however soe meegesier mettie ou woore wat by my gladly kom spoek, dat ek soema die woore soes miedourah; miesval; zujaarat; kiefaa'at; mannie; gheid; jamang; mantra; dyyjalyah en mustadjab wee in my daily vocabulary hoo inslyp. Elke woord bring my nostalgic familiarity van culture, community, customs onne community practices enne rich identity.

Final RJ

Die process na die final stretch het consist van translating al my Engelse stories – “One does”, “Home is where the heart is”, “King Cello”, “Wit has no colour”, “Ghost” en “Stretchy” na Kaaps. (Baie van die titles het nou al verander) Sien lat ek my hele thesis in Kaaps nou moes skryf. Oek moes ek as a result al my RJ's en my Poetics Essay translate, which was very challenging. Met die Poetics Essay was die referencing, wat in Engels is baie disturbing, want ek moes fluctuate tussen die twee tale constantly. Om seamless transitions te create in die reading process was not that easy. Nonetheless die translation was gedoen. Een ding wat

ek kan note is dat in my vel sit akedemie en Kaaps ongemaklik langs mekaa. Hulle converse nie rêrag comfortably nie.

Met my RJ's was die proses baie makliker, wan ek kon net iets vetel soes ek dit vestaan. Somehow herrit my laat vry voel. Dieselfde het gebee toe ek die book reports ennie report oppie reader's reports geskryf et. Dai selle freedom van myself express en free voel om te sê wat ek dink in my eie woore was die ultimate freedom. Ek moet byvoeg though, ek hettie juis my Cape vernacular vocabulary ge include ie. Dit was nie 'n taal wat vi my natural gevoel et om in soe 'n document te use ie. Funny enough, toe ek myself oorgie aan my kortverhale daain skryf, het ek gesoar. Die Cape vernacular het wings gekry en is snaaks dat dit juis soe is, wan as ek praat in die circles waa ek liewe het ek g'n problem om my vocabulary lig te gie nie. Dit het die al hoe mee in my daily communication, written en spoken nes gemaak –even die ouer woore wat my ouma'le gepraat et. Daa is nog baie cultural knoepe wat ek nog moet ontkenoep, maa dit sal met tyd develop.

Die laaste phase van die course was predominantly op vertaling gefocus, maa die rippling effect warrit gecause et is as volg: ek't ontdek my characters is mee sassy en solid gecast as hulle Kaaps praat –groot personalities; ek het spelling soes 'vir' wat as 'vi' geskryf wôd; oek om die 'et' lostaande aan 'n woord wat in die past tense geskryf wôd, te spel. Ek het akute begin gebryk op woore wat op specific klanke gefocus het –dit sal nou depend oppie structure vannie sentence oek; ek moes leer dat my sentences te lank en met te veel kommas geskryf wôd. Korter en tighter sinne was van mee baat. Met die Islamic influence innie storytelling en characters moes ek met baie customary practices research en culture na annie realistic practices narrate; ek moes cognizant bly van die wete dat die stories nie geskryf wôd om mense te lee oo Islam ie, maa om die Muslim community en die milieu op te vang. Ek was oek geneig om die characters en die storie nostalgies op een vlak te skryf en was nie eers

bewus dat daa nie balance issie –soe ek moes trug gan. Ek rework characters wat in een dimension geskryf is; titels van stories het ook verander. Soes ek en Nathan oo en wee die process geleef et, het ek soveel vannie “standarised” Kaaps in geskrewe vorm gelee en het later sommer direk die geskrewe Kaaps begin toepas. Dit het al hoe meer gemaklik begin skryf en lees.

“Kinnes vannie Jannat” wasse challenging storie. Alhoewel ek Muslim is en die practices vestaan en as a rule waarneem, was daa considerable research om accuracy te deliver. Spelling van die transliterated Quraan byvoorbeeld. Die storie wat ook met die COIL project in Engels vertaal, soedat die American group die storie kon vestaan. It was vi my interesting hoe die intent innie idea van wat ek wil sê nog altyd present was. Even die tenseness vannie skrywe:

Kaapse yttreksel - My keel kraak wan dis soese bottelnek wat die velocity kee. As ek sluk pyn my nek van oor tot oor en it hou my emotions hostage.

Die emotion seek yting in perspiration op my palms, loep yt in my oë en my gesig gloei van pyn wat onne my vel capillaries vul. 'n Swelling sensation wat byte my body radiate, gryp my siel annie hand vas. Getaklied inne alternate reality, is my hanne oversized en ek skep spadefuls grond yt totdat ek hulle bientjies reach ennit vasklou. Embraced tien my bô, vasgedruk inhale ek ie kamfer gemix met rooswate innie kafang gesoak. Kinnes vannie Jannat ryk soe, different.

Engelse yttreksel - My hoarse throat cracks with pain fighting the emotion that
bottle

necks and pushes with force. When I try to swallow, pain shoots from ear to ear and it keeps my emotions hostage. The emotion seeks salvation through perspiration on my palms, runs from my eyes and my face burns with agony that fills my skin capillaries. "- an outpouring sensation that formed beyond my physical started to radiate - personified my aura and held my soul by the hand. Trapped in an alternate reality, my hands, oversized, started to scoop truckloads of soil out until I reached their bones and cling to it. Embraced against my bosoms, I inhale the camphor mixed with rose water soaked in the kafang. Children from Jannat possess this fragrance.

Ek is baie proud oo my vernuf om die vertalings tussen die tale te kon bemeester, al het ek baie nog om te lee. Mettie einde wou Nathan 'n soote poetic end hê. Dit was moeilik om an 'n anne ent as wat ek gehad het te dink, want ek het kort-kort nog in die cultural en religious bondages oorgeg. Die actual achievement was elke kee 'n moeilike transition en 'n vars een wat ek moet start –ees met myself praat en verdydelik en dan myself ooreed ek transgress nie asse Muslim ie. Miskien issit misplaced, maa ek't oek ees in die course en met my exposure an nieuwe texts begin nadink en ytfigure wat transgression is en wat is nie. Example: Arabic is 'n taal wat dee mense gepraat en geskryf wôd, nie net virrie Quraan reserve ie.

Met “Die mayet” wassit even worse. In Islam is daa nie die vestaning van die soul wat kan dink en voelie, maa in my storie is dai die actual perspective. Die tema dood het ek al ytgeskryf in soveel ways, dat ek at a loss was, maa die theme was relevant with regards to the collection van stories. Oek hie om te justify dat ek mag, en juis yt die perspective oo die tema skryf, het ek intense research oo die versorging vannie Muslim body gan doen. It was belangrik datek als volgens die practice reg kry. Die storie was vi my die easiest toe ek ees die perspective van 'n dooie in barzag begin skryf –skielik het ek besef, maa assit nie exist of

soe gegloë wôtie, dan issit mos net 'n verhaal –fiction. Dis toe ek myself full freedom gegrant et om te skryf in die hoedanigheid vannie storie vertel. By die vertelling was dit maklik om nie so emotionally involved te raak, maa wel het ek soes die readers report uitgewys et, kardinale foute begaan om direk die leser aan te spreek met dinge soes, “Sad ne?” Rookie mistakes, ma toe ek dit in die report sien en die teks weer onne oë kry, was die lies sône dit magical. Iets met die teks gebee. Die verteller het 'n groter presence begin kry. Die intieme persoonlike direkte aanspreek het 'n lyn oorstiek wat die teks over emotional en sentimental laat voorkom et. In die vertelling was die teks overly emotional en sentimental. In die vertelling was daa nie plek vir dit nie, die sentrale boodskap is wat op gekonsentreer moes wôd. Na ek die wolletjies verwyder het en die main tema weer sentraal geplaas et, het dit soveel sterker gelees. Die taak was nou ommit nie soese lesson te laat klinkie, maa eenvoudig die narration van 'n mayet se encounter met sy burial te skryf. Ek't g'n idea hoe dit accept gan wôd deerie Muslim community nie, maa ek wiet ek't die practice justice gegie in absolute accuracy.

Met “n Hija vi Faati” was die introduction van Hija poetry (dis Arabic insult poetry) dee Nathan 'n profound revelation. As Muslims is ôs geneig om te dink Arabic is die taal vannie Quraan en mens kannie soema net willy-nilly praat as jy Arabic praatie, maa even my suster wat in Kuwait 'n kerkdiens bygewoon et, het confirm Arabic isse taal. Een wat mense ongeag hulle religious status praat. Daa kon jy hoo die priest gereeld sê: “Allahu akbar” –wat as ‘God is great’ na translate. Met dit is die oplies van Hija poetry soe revolutionary, dat ek even die connection tussen die coloured “Wil jy gor?” practice vereenselwig het met die rants en ravings van “n Hija vi Faati”. Baie myths het in die proses van die collection skryf oepgebriek. Ek is hie especially proud oppie feit dat ek nie hoof oormatige vloekery te gebryk et om die rants te support ie. Kaaps hoof nie besaai te wôd met vloekery om et te validate ie. Ek lies op Facebook 'n wit poet skryf Kaaps en sy vloek soese matroos en die comments is oorweldigend positief. Ek skryf hie authentic stories in Kaaps en die Cape vernacular en die vloekwoore kan jy tel oor die hele bundel soveel soes sy in dai een poem

gebyk et. Die collection moet dai dinkwyses persuade en introduce aan skrywe sône die need virre crutch camouflaged in cussing –as dai al is wat die collection doen.

“Naalwêk” was een vannie stories wat ek cognizantly elke kee myself moes maan tien one dimensional characters en nostalgic storytelling. Ek het die tendency om te skryf asof ek wil entertain en nie hoe dinge werklik issie. Mens skryf mos maa na aan hoerie liewe is. Ek sal one dimensional characters skep en hulle paint soes ek hulle sien, nie hoe hulle issie. Met dai wide-eyed wonder. Die particular storie was oo my ouma –my hero en dit moes elke kee in-check gehou gewies et. Die title wat “Mamma” was, het verander toe die true tema vannie verhaal bekend geraak et. Dis oek iets wat ek telkens verkeed kry. Die titles. Later sê die storie –waana dit na develop en wat die tema vannie storie eintlik is. Oek hie kon ek die readers report advice om na die central message vannie storie focus te hou trug gaan en besef, die storie gaan orie naaldwêk en nie die ouma. Dis oek iets wat ek telkens verkeed kry.

Vorig getiteld “Droem Journal” was ek met “Die reflektiewe spieëlbeeld” weereens confront met die hero-worship wanne ek oo my oupa vertel. By nou kon ek al van die lessons wat ek by Nathan ontvang et onthou. Dit was oek ’n storie waa ek moes gaan research et. Die idee van droeme ytlê. Dit isse ding in Islam, soe dai wassie ’n blok ie, maa wat tergend was, is dat daa nie baie usable info oor droeme ytlê yt die Islamic perspective oppie net was ie. Daar was wel ander valuable info across board. Toe Nathan my vra om die storie te extend en die droem yt te lê, wan volgens hom herrit ie daa geeindig ie, was ek definitely challenged.

Again toe ek die Muslim element verwyder en net vertel, gebasseer op fiction, het die storie gevorm. Die challenge however na ek die readers report gelies et was met die note dat die dialogue between Bapa en sy keinkint geforseerd en onnatuurlik voorkom. At first kon ek nie sien nie. Ekt dit ’n thousand times gelies, gelos en dan wee gelies. Finally, herrit geklick waa die texture vannie conversation synthetic raak. Hie issie uitreksel en die correction:

“Het iemand jou seegemaak kint! By jou privaatheid gekrap?”

“Promise né! Is al vi mee asse jaar. Ek willie gepraat et ie. Sit nee die hamme Bapa.”

“Ek need nette naam kint, nette naam.”

“Bapa kannie.”

“Fokkie kannie, ek plieg moord!”

“Mens slaan nie an bloed ie.”

“Nuu...!! Fok-moer, nuu!! Ja Allah...”

Let op waa ek veranne en dan is die dialogue baie mee effective en natural.

“Het iemand jou seegemaak kint! By jou gekrap?”

“Promise né! Is al vi mee asse jaar. Ek willie gepraat et ie. Sit nee die hamme Bapa.”

“Ek need nette naam kint, nette naam.”

“Bapa kannie.”

“Fok kannie, ek plieg vedag moord!”

“Maa ek sê mos Bapa sallie kan nie.”

“Hoekom mie?”

“Wan mens slaan nie an bloed ie.”

Met “Neesa”, wat “unseen” voorheen getiteld was, was die navorsing van kardinale belang.

Ek moes baie oplies en die regte factual rendition vanne mantra research. Dis nie ’n practice

wat mense oppie lappe gooi nie, maa innie Kaap is dit ’n baie live practice nog. Met my

research het ek op ’n academic paper wat oo mantra handel op afgekom. Al herret inne anne

land geskied, was dit wat hulle doen en die recital van die necessary dele vannie Quraan

valid. In dié tipe stories was my ultimate objective above all omit as accurate as possible,

without sounding preacherag, te capture. Die character Ammie was maklik om te conjur.

Elke familie innie Kaap het ’n Ammie –nie noodwendig doen hy mantra wêk ie, maa hy is

super religious. Ek moet oek mention dat die storie van vier lyne ytgebou is. “Ghost” wat in

die writing simply seminar assignment geskryf was. Ek’t begin sien hoe stories ytgebou kan

wôd, soe half 'n formula wat mens kan toepas en redelik ienagge core-idea te kan expand. Soes met die stories waa religious practices vetel wôd, was ek altyd weary van te lank talm oppe point. Ek wou oekie preacherag vookommie. Ek't dit fyn beplan en na vele drafts gevoel daa's 'n vloei wat sense maak. Ek was happy om te sien die readers report note die effort wat ek gemaak et.

“Touba” is een van drie stories wat, toe ek ees ge-olie my thesis begin structure, my geforseer het omit yt te skryf. “3 Virre Rand” se moeilikste deel was om innie first person te bly. Ek't elke kee myself gecatch slide yt die first person skoene. Die storie het consist op baie rewritings as gevolg van my poor ability om innie first person voice te bly skryf. Die ayas was 'n challenge en daa moes YouTube videos gekyk wôd om die pypstiekery accurately te kry. Ek moes oek naslaan oo hulle vocabulary en basic customs en cultures. All in all was die storie 'n learning curve in wat rewriting kan vermag as jy die moeite doen.

“King Cello” was initially as deel vannie course as erotica geskryf –vi die assignment doel, maa dit was die een most unwanted genres wat ek moes verduur. Die storie however het vi my great significance ingehou re: die ytgangspunt vannie tesis self. My rewriting van “King Cello” feature steeds die cello as 'n focal point –sien dat die research op hoe 'n cello gespeel wôd en die liefde vi music en die relationship vannie Muslim characters met music innie collection soe prevalent is.

Met die fraction assignment het ek oppie ent van my stoel attention gepay. Vi my was die idee om met soe min, soe baie te sê in prosa obviously exciting. Ek's eintlik 'n poet –not too sure anymore – maa is my groot liefde. Poetry. Die idee dat ek my in prosa net soe kan enjoy soes met poetry was revolutionary. Met “Rembrandts” was die challenge wat bly en wat gan. Die careful sorting van wat drive die storie vorentoe –dialogue or telling. Die direct dialogue het ek hie rêrag gerealise is wat die emotion ennie relationship van die twee characters

solidify virrie reader. Die piece manage om 'n impact te maak, nonetheless. Oek catchy about die storie is die full circle warrit maak. Die game wat hulle speel wat die een character nôtie-jé lat skrie is oek die woore wat hy yter aan sy deceased vrint aan die einde. Die storie is netjies vepak. Oek lee ek van spaces use na jou advantage oppie blaai. Hoe gaps oppie papie tussen skrywe oek dialogue het en virrie leser 'n interpretation van time delay offer:

“Een, twee, drie, twaalf, twinnag, dêtag. Kamma kôma!?”

“Nôtie-jé!”

“Kamma kôma?”

“Nôtie-jé!”

“Voetsek Lanie, jy speel soema kak wegkruipetjie!”

Nog iets worthy om te mention is die vloekwoore wat sinvol appear. Nie forced of oorbodig ie. It was belangrik om authentic te bly, en nie die stereotype thinking van in Kaaps moet jy soese matroos vloek omdat it soe aanvaar wôtie. Met die collection hoep ek met betrekking tot die issue dit change ie narrative.

Die readers report wat ek ontvang et het gesê dat die character in “Alterations” homself moes redeem innie storie. Ek moes lank en hard dink hoe hy kon. Daa isse ernstige mag presence in die storie wat politically in die milieu al klaar in geweave was, ma dit wasse note wat ek aandag moes aan gie. Uiteindelik, na ek myself ver van die storie gestuur het, kry die karakter sy sassiness. Maa met die exercise ontdek ek dat ek baie trug hou en amper tot net oppie rand skryf – versigtig. Ek dink dalk issit die issues wat innie storie se temas ontstaan wat my dictate tot hoe vêr ek iets kan drive –of willing is om te vat. Dis iets wat ek moet cognizance van vat – period.

Kyk ek isse great believer van als wat ek skryf kan somehow gebruik wôd someday, somewhere. Die fairytale wat ek geskryf et mette anne purpose in hand innie course kry 'n hele make-over net om die structure vannie storie te veranne en dialogue te add. "Home" transform dramatically en slaag eventually en enhance die original storie tenfold.

"Mr Rosso", again tienie politieke agtergrond van Syd-Afrikaanse geskiedenis geskets, het vi 'n sekere kind of narration gevra. Hie wee trap ek liggies en skryf met caution – die kee onne die political bondage. Ek sidestep die uitbou van die een wit character wat by die toonbank afronlik vetoon compared toe die Italian, also wit wat wee die coloureds innie storie bevrin – soe asof ek dink die anne witte moet 'n uitlander wies. Geslaagd met wat ek wou sê, ma gedurende die herskrywery dink ek aan hoe ek dit met kid gloves wil hanteer. En ommat ek in die frame of mind trippel, kom die tendency om die character Majiet inne hero worshipping en one dimensional manier te skryf wee na vore. Oek mention Nathan dat ek moet weg beweeg van entertaining, oodrewe, basically nostalgiese vertelling produce. Sy advice is om dit net eenvoudig te vetel. Gesamentlik neem ek die advice van die readers report en Nathan en plaas die storie weer onder die vegrootglas en korrek die character se portrayal en die oodrewe vetelling.

En soe maak ek die mistakes throughout die collection, even in die verhaal "Labarang" reg. My first draft spreek van 'n perfect, foutlose and unrealisticfamily gathering. Die old issue van gekettang voel – geanker in soeveel responsibility oo hoe ek represent en die verskillende hoede wat ek represent – kleurling; moslem; political baggage en soeveel meer. Ek leer in die verhaal na ek die balaans herstel en die textures van realistiese narration met betrekking tot die tema herskryf, dat die storie se vibrancy met soeveel meer multiply. Oek experimenter ek om poetry ook in te weef en sien dit werk lekker harmoniously saam. Finally, is my liefde vi poetry en my nieuwe liefde vi prose getroud.

Met “Die Doepmaal” create ek ’n character in ’n stagnated space en die storie bloei yt in colourful events. Ek create kontras en kry et reg omit perfectly te balance. By dié tyd het ek al die know how ontwikkel om die multi-diverse characterization te achieve en die events te balance met realistic depiction – met al sy ups and downs. Oek moes ek die doep se procedure navors en ’n geleerde man interview om die authentic feel van die event accurately te narrate. Die celebratory onne family was a lived narration.

Ek stap hie van die course weg verannerd en ingelig, ma nie net oo creative writing ie. Ek stap hie weg wetend oo my bondages en my bad tendencies. My writing elements wat ek moet verskerp en wat ek in staat is om te doen. Ek verlaat Rhodes asse Kaapse/Cape vernacular skrywer wat nou kennis dra dat geloef is iets wat ontkoppel kan wôd en fiction ’n kans gie om net shine te vang. Om textures en dimensions in my wêk te add en die balance sensitively uit te stryk. Om te re-evaluate hoekom ek skryf en wat ek met my wêk wil bereik. Die wêril is nou ’n oep stage en daa sal ek my volgene play gan skryf en annes met hulle s’n oek kan help.

Poetics Essay: A world in the Clouds

Ek is van Cape Malay afkoms en gelukkag genoeg om oupas an weerskante in my kinderjare te het, wat my astronomically beïnvloed et – my blootgestel et annie art of storytelling. My creative spirit was dee my een oupa, Boeya genurture, wat ôs oek eindeloos met traditional stories ytie ou dae en dad-jokes gebombardeer et en verantwoordelik was vi my eeste Kreola Art-set own. Hy wasse imposing grey figure, breë skoues in stylish self-made suits – ’n Kaaps spriekende ‘Pang’ en master-storyteller wat ’n audience met clever puns en witty humour captivated kon hou.

Aan die anne kant, my oupa aan my pa'le kant, Bapa, wat often annoyed geraak et met my relentless inquisitiveness, tewyl hy aan sy Rembrandt cigarette starag trek en sê: "Your hawk eyes miss nothing!" 'n Engelsspreekene, diep denker wat strength and pride yt sy vast knowledge en intelligence gedraw et. 'n Recluse in sy workshop en mechanical exploration-guru, gevoed dee investigated conclusions van theories en stories van academic nature. Gevang tussen freedom van vebeelding en learning the ropes of unraveling – a critical thinker towards language; sound; rhythm and melody – in literature and spoken language. Dit was my wêrel.

Ek het grootgewôd die meeste vannie tyd as kind innie geselskap van albei my grootoues, skoolmiddae by my ma'le side en skoolvakansies by my pa'le side. Linguistically is ek blootgestel an Bo-Kaap, Elsies ennie Rivierwal (Jubilee-Paarl), soewel assie Cape Malayse Mosliem-tradition. Boeya, het gewiet hoe omme goeie storie te vetel, en Bapa het gewiet hoe om ienagge storie te dissect en yt te pak – soe te sê agte die storie vannie storie te kom. Die een se interest was in entertainment ennie anne een – getting the facts. Beide op sukke tienoogestelde pole, maa albei as interesting as wat dit kan raak. Ek, innie middel, sou oepbek my verstom oo hulle natural ability to cut through and move horizons as they see fit – om te construct wat hulle as obvious gesien et en hulle interpretations met groundbreaking epiphanies as a result. Bapa respekteer die laws of science en Boeya, die laws of storytelling. Nie een van hulle is professionally opgelei nie, maa altwie experiment actively, without asking permission, tewyl hulle create. Ek hettie besef watte impact en bydraes hulle self-proclaimed freedom oppie vorming van my eie organic process, om my creativity te ontwikkel, sou hê nie. Soe kan 'n mens aanvaar dat hulle natuurlike talent oorerflik was? Kan 'n mens dan oek assume dat dit met my conception oek directly inject is, of herrit ontwikkel ommat ek soe baie tyd saam my oupas gespandeer het en in hul natural surroundings alles waargeniem et, wat as a result my beïnvloed et? 'n Mens moet wonne. Hoe explain 'n mens waa die dwang om stories te vertel of te skryf vandaan kom? Die absolute behoefte om impulses en ervarings wat binne mens nes maak, in te transform en oor te dra? Hoekom? En

waarom maak die ritme van taal my soe excited, asof my oor 'n ingeboude radar het, voortdurend op soek na rhythmic phrases and peculiar sounding expressions? Hoekom appreciate ek foreign clicks; the guttural growls; the vibrating tongue, the rhythm soe baie?

Volgens Marina Tsvetaeva (7) het sy gegloë dat “the only book of information is your own ear” en “that there is only one Teacher: your own labour. And only one judge: the future.” Vêder beweer sy op bl.7: “For a poet, theory always comes post factum, a conclusion from his own experience of the labour, following his tracks in reverse: Like her, I do too. I do this by checking through the rough drafts... I then reach a certain conclusion which I then work at and presents as some theory or other. But the basis of every new theory is one’s own experience. Theory in this case is verification, the intelligence of the ear, merely a becoming –conscious of one’s hearing. Theory as a free supplement to practice. Can such theory be of use to others? It can, as a check.” Wat sy hie sê, het my wee bygeval en my wee 'n vraag laat vra: In watter mate het my twee oupas 'n invloed op my gehad? As ek terug kyk, kan ek die konneksies sien – ek het my eie teorieë, maar laat hulle moontlikhede ondersoek. Yang Wan-Li [12th century]:

The poet must work with brush and paper,

but this is not what makes a poem.

A man doesn't go in search of a poem –the

poem comes in search of him.

Yang Wan-Li, laat my dink aan die skrywer van *Eat, Pray, Love*, Elizabeth Gilbert se TED-talk “Your Elusive Creative Genius”, wat haar ontmoeting met die bytengewone Amerikaanse digter Ruth Stone beskryf, wat toe in die 90s was toe hulle praat, maar was ook haar hele liewe lank 'n digter. Stone het aan Gilbert gesê, “when she was growing up in rural Virginia, she would be out working in the fields, and she said she would feel and hear a poem coming at her from over the landscape. And she said it was like a thunderous train of air. And it would come barreling down at her over the landscape. And when she felt it coming, because

it would shake the earth under her feet, she knew that she had only one thing to do at that point, and that was to, in her words, “run like hell.” And she would run like hell to the house and she would be getting chased by this poem, and the whole deal was that she had to get to a piece of paper and a pencil fast enough so that when it thundered through her, she could collect it and grab it on the page. And other times she wouldn’t be fast enough, so she’d be running and running, and she wouldn’t get to the house and the poem would barrel through her and she would miss it and she said it would continue on across the landscape, looking, as she put it “for another poet.”

Ek moet wonne offe storie offe gedig nou wel constantly op soek is na ’n vessel om te possess. Ek moet dan oek die idea entertain offit die vessel kies wat die ability het om origin, tradition, place of birth, the writer’s ancestor’s ennie past influences te kan interpret. Soes gesê in Amina Cain se opstel “Slowness” (bl. 30), waa sy skryf, dat sy die gedagtes van die teks waaraan sy wêk volg. Sy begin vanyt ’n oep plek en vetrou dat die elemente wat innie storie moet wies, die weg sal vind. Sy dinkie veral aanie toeganklikheid vannie gehoor ie; sommige van haa stories is toeganklik vi sommige mense, en sommige daavan issie. Sy is van miening dat sy nie dit kan beheer ie. Haa imagination kry alles, en dit bepaal oek alles: form, language, narrative voice, character, setting, and soe on. Kate Bernheimer, aanie anne kant, gloe dat daa stories in haa woon. Sy sê in haa opstel “Fairy tales is form. Form is fairy tale” (pg.65) dat “fairy tales are the skeletons of stories and reading them provides an uneasy sensation – a gnawing familiarity.” Sy sê oek “the first thing you always know about a fairy tale is that you are in it” (pg.66). Tydens die lies vannie kortverhaal “Fairytale” dee Gerry Lafemina in die anthology *PP/FF* (p.111), beleef ek die uneasy sensation wat Bernheimer om inne fairytale te wies na venoem, uneasy familiarity van skeletons residing within myself, first hand. Die kotverhaal begin mert:

Once upon a time there lived a witch. She was not your usual witch.

She was a very contemporary witch; she didn’t ride a broom,

she drove a vacuum cleaner. She'd gone to therapy.

And because eating kids was out of fashion, she now visited them sometimes in her sleep and tickled them till they wet the bed.

Dit is die eerste paragraaf van 'Fairytale'. Die opening line, soos mens sou verwag van 'n fairytale begin met 'once upon a time...', maar nie te lank in die paragraaf, besef mens dat daa iets verkeerd met die storie is, en dat dit nie 'n tradisionele storie is. Ek het anxieties geraak toe ek die eerste paragraaf lees en my persoonlike demone het die teks onmiddellik repel. As skrywer glo ek dat ek dié kortverhaal op ienagge dag uit my pen self kon skryf, maar asse reader kon ek glad nie die teks afsluit nie. Al my stories van pyn en lyding het gesurface – uninvited – generational pain, passed down deur my ouers se stories en hulle emotionele interpretasies van die wêreld hulle stories vanaf aard. Nou was ek net gekonfronteer met hulle invloede oor hoe om die storie uit te pak of te konstrueer, maar ook hoe 'n storie 'n emotionele las kan dra as gevolg van mens se erfenis en lewenservarings. Al wat ek as reader ervaar gehad het, was die perfekte teks om my interne voorraad van opgehoopde negatiewe impulsies op en my refleksie na my ouers se pyn voorgelê te kry, en daa surface alles onmiddellik.

Ek sou my voel dat as ek so 'n omvattende invloed op beide pole in storytelling gehad het, en oop genoeg was om vrylik stories op soek na vorme om my te besit te laat, sou ek aanvaar het dat ek ook open kon wies om dié een storie toe te laat – maar my talent was nie in isolasie oorgegemaak nie, generational baggage, wat al klaar interwew was, het ook deeglik. Nou's ek gebles om nie net 'n storie te kan skryf nie, maar om ook te theoriseer oor die tegniese van 'n storie, maar because of my juvenile position in interpreting literature, maak ek nog altyd die rookie mistake van myself in die storie te inject – never allowing myself om te gloe, being in the storie maak dit nie real nie. Dit maak net mee vivid – vir entertainment's sake.

As 'n kind wat traditional Cape Malay weddings bywoon, sou 'n choir wat yt local Muslim mans consist en yt 'n close-knit community kom, ongenooïd by die venue opdaag en pleasantly receive wôd assie singers wat die ambiance vi die event gaan skep. Hulle sou daa aankom en die unspoken rule volg van hulself aanie agterkant vannie saal gaan position – in 'n kring gaan sit met hul ghoema-tromme, banjos en tambourines en begin tokkel. A well-known playlist bekend as 'The wedding songs' sal hulle sing en die guests sou vry voel om in te join en oek te request hulle favourites. Hier, in dié setting, tewyl ek as kind om stoele haloep, soes kinnes ma gereeld doen, hoor ek my eeste 'Hollandse liedtjie', spesifiek “Rosa” en raak meteens verlief op die karinkels wat in algemien die skilled voice control method van sound op en af oorie vocal cords rhythmically slide bekend staan. Maa dit wassie net die sound vannie karinkels of die harmonizing wat my attract et nie, of selfs die vars new version vanne soote Afrikaans waarmee ek nou 'n eeste ontmoeting geniet het ie, dit was die nostalgic essence vannie experience wat my tot stilstand gebring et en my aandag geverg et. Die lyrical songs; die storie van Rosa; the literal language wat gesing wôd en die combination van als saam. Dit het my met erns gepenetrated en possess, maa in my embedded wasse natural feel of familiarity en safety.

Woore soes “be(ri)min” en phrases “Sy was maar noemlik sestien jare oud” of “sy seg sy sal my nooit verlaat/sy volg (vollig) my waar ek gaan” – 'n besondere manier om te sê sy sê sy sal het my nooit verlaat nie en was 16 jaar oud, of sy volg my oral, die woord ‘volg’ in Afrikaans nou ‘vollig’, het my belangstelling geprikkel soes niks wat ek al ooit oo taal gevoel et nie en et het my onmiddellik nuuskierig gemaak. Boeya was steadfast oppie Cape Malay tradition, right up to wearing the red ‘koefieyah’ elke liewe dag ennie musical tradisies, aangesien hy 'n mooi noot kon dra, was iets om te behold. Virre snotnies-kleindogte was dit magical – die linguistic lyrical marriage – 'n taal wat my oupa mie vertrouwd was en soe naturally en met groot waardeering ytgespreek et, sing hy die notes met 'n even mee emotional performance. Dieselle emotion wat ek as hy die Heilige Quran voordra altyd opmerk. Hy het gereeld met trane die Quran recite en telkens afgebreek inne overwhelmed

state, asof hy wiet wat die Arabic mean. Hy kon lies, maa nie juis et gepraat ie, en hy't et oekie verstaan ie, maa wôd more than not daardee aangeraak. Dit is 'n bekende verskynsel onne Mosliems – leer ommie Quran te lies, maa leer nie noodwendig Arabic asse taal nie. Die Quran wôd met die hart gelies – of soe gloe ôs as Mosliems en dis hoekom jyrit even kan voel. Die scripture is soe liewendag geskryf, met soeveel divinity, dat dit jou binnedring, jou hart sal enter en daa veriewag bly.

It kan dalk verklaar hoekom ek die inherent liefde vi tale het dee simply die sound daarvan en nooit overwhelmingly compelled was ommit te vestaan nie. Sou die melodious gelyd van my Boeya wat die heilige Quran voorlies, Arabic lies, maar oek terselfdetyd sy diep waardering daarvoor toon, my soe beïnvloed et, dat et kan bepaal hoe receptive ek as kind geword het en daarna vir vriemde en bekende ammel dieselle reaksie kon deliver? Was dit wat my twee oupas my ge offer et, 'n sufficient baseline wat ek nodig gehad et om inne skrywer te ontwikkel? Of soes ek vroeër gevra het – wassit oorerflik of bloot pure natural talent?

Later op laerskool, soes 'n mens Afrikaans móét leer, het die gedig: “Die dans van die reën” dee Eugene N. Marais 'n significant cord getref toe my onderwyser die spesifieke dag die gedig vir die Afrikaanse les gelies et. Die eeste reëls van die eeste strofe het my weggevoer na 'n anne wêrel waarvoor ek stil-stil liries voo geraak et. Dit ly soes volg:

O die dans van ons suster!

Eers oor die bergtop loer sy skelm,

en haar oge is skaam;

en sy lag saggies...

Ek het mettie taal connect, die rhythm, die storytelling, maa dié keer was iets anders present.

Die visual interpretation van woore het vir my dydelik gewôd. Om te paint met woore. Yang

Wan-Li [12th century], from “Some fun Introductions”: “The poet must work with brush and paper” Op dié presiese oomblik het woore ink gewôd, die betiekenis daavan – imagery and poetry art. My brein het nou met pictures, soes ’n movie woore begin interpret. Dit was natuurlik nie heeltemal nuwe inligting nie, just to be honest, maa die poem was in soe ’n way gepresent, dat die idea van met woore skilder op papier by my toe gecliek et – en van daa af koep beeldspraak ’n plot in my wese.

Ek het once innie bus op pad skool toe gesit en tienie venster gelê en daydream. Voorat ek kom beseft et wat’s-wat, was ek innie glas. Binne ’n leë wit space tussen die lae vannie dik glas vannie bus se venster. Alles om my wat reality define et, was amiss en ek was inne empty canvass met ’n storie wat wag om te gebeur. Ek hettie soes die verteller gevoel ie, maa soese visitor in my eie world of imagination. Daar was ’n vriendeling tienwoordig, iemand wat ek daar teëgekom et, maa ôs het nooit met mekaar gesels ie, alhoewel ek oek fisies innie storie was asof ek ’n out-of-body-experience gehad et, looking in on me having an out-of-body-experience. Die storie het sy gang gegaan en toe die bus stop mette skrie gelyd, trek die gelyd my innie present realm. Ek was trug innie bus en konnie skoolterrein dee die bus se venster sien. Die tyd wat dit geniem et om daantoe te ry, was all comprised inne wink of a moment. Ek het gevoel asof ek getime travel et. Ek het no memory van nare skool travel gehad ie. Die natural storytelling powers wat my oupas by my ingeboesem et, het nou inne super-power ontwikkel. Van daar af kon ek oral en altyd in en yt in my imagination travel, soes ek voel, veral as ek die harsh reality wou ontsnap – al wat ek moes doen is my imagination op conjur. Ek was nou completely susceptible to possession in both genres and languages comfortably. Maa soe glansryk soes dit vi ienagge skrywer klink, was daa nogge twist in die saga. Die drie tale. Afrikaans, Engels en Kaaps. Binne my het al drie tale gemaklik bestaan, maa hulle het nou baklei oo watter taal die voorkeur moes kry en vi watter storie dit die beste sou pas.

Net soes Raymond Federman se opstel, “A voice within a voice” (pg.77) verdydelik dat daar ’n stem is wat in hom praat, wat twietalig, afsonderlik of soms gelyktydig in hom praat, soe is my ervaring oek met Kaaps, Engels en Afrikaans. Federman beweer oek in boegenoemde opstel (bl. 81) “there are certain texts which can only be written in English, and others only in French” – net soes sy stryd tussen Engels en French, het ek dieselle gevoel oo my drie residing tale. Veral met Kaaps en Afrikaans – innie konteks van Syd-Afrika ennie historical relation tussen Afrikaans en Kaaps, was my ervaring dat hierie twee tale total interchangeable gewôd et (p.79). Federman verdydelik die idea perfectly: I think that the two languages in me love each other, and I have, on occasion, caught them having wild intercourse behind my back.

Die influences wat my oupas my aan exposed et in storytelling, language, cultural and traditions, het my receptiveness geshape, vi taal en alles wat met taal te doen et, het ’n significant contribution na my current writing deliver, maa dit was net die foundation van my relationship met taal - eintlik manet ’n inleiding. Ek het ’n bilingual writer gewôd – ’n merging-of-the-world-of-languages-writer. Weereens kan Federman aansienlike lig oo hierdie saak deel. Soes in sy opstel gesê, soes hierboe genoem, sê Federman die volgende oo twietalige skrywers: “I am a bilingual being, a double-headed mumbler, one could say, and as such also a bicultural being.” (pg.77) “...one is constantly displaced from one language (and one culture) into the other. And yet, at the same time, it means that one can never step outside of the languages inside us, whatever these languages may be. The bilingual writer allows the readers (if he has any) to listen to the dialogue which entertains within himself in two languages, even though in most cases the readers (who usually not bilingual) only hear half of this internal (one should almost says infernal) dialogue.” (pg.81)” “A schizophrenic bilingualism.” (pg.77)

Vincente Huidobro beweer, “the poet has a double personality which is not a double personality strictly speaking but, on the contrary, a personality in the singular, the sole

genuine one. The whole infinity of within a poet, the entire poet in the moment when he projects himself. The work of art has as its cradle these two elements which also constitutes a parallel duality: feeling, which is the effective element, and imagination, which is the intellectual element. In automatic writing, feeling takes up more space than imagination, because the affective element is much less controlled than the other. In created poetry, imagination prevails over simple feeling.

Die las van passed down baggage pertaining cultural, traditional and even political value, het nou, as skrywer in my eie reg, ingeslyp en beïnvloed nou wat ek probeer skryf. Alhoewel my oupas my 'n stiewage foundation gegie et om van te launch, het die generational proverbial restraints steeds 'n monkey on my back gebly – aangepass, cos is deel vannie pakket. Waar my oupa'le vestaan et, hulle kannie oopenlik hulself in hul talente expressie – onne die political umbrella, het creativity vi hulle 'n hobby of vi home entertainment purposes gebly. Brian Evenson sê in *Altmann's Tongue* "I too, although more liberated, still felt I will be held responsible for what I write. This has caused me to measure each word carefully. It has made me attentive both to the style and the content of what I write, has made writing a serious task to me, and has helped me realise that my commitment to writing, for good or ill, is greater than most of my other commitments in life." (pg.276). In agreement met hierdie stelling het ek oek gedink dat writing nie net asse hobby of 'n means of expression gesien moet wôtie, maar asse representation vanne groep – cultural, traditional and perhaps also political moet wies.

Toe ek my family vetel et dat ek in (moedertong) Kaaps gaan skryf en publiseer, was hulle op die minste skepties. Ek is dee my oupas beïnvloed; het vemaak vi ammel by family gatherings dee om my wêk te lies, maa hulle kon hulle nie voorstel dat dit vêder as home entertainment sou kon gaan nie. Inne land van 11 amptelike tale is Kaaps nie een daarvan nie, oek nie een vannie anne vernaculars van Afrikaansie, net om dydelik my punt hie te maak. Tog het die meeste vernaculars colonialism en apartheid survive, maa ek kon nie ees

my eie familie se remarks en opinions survive ie. Oek nie volgens hulle asse suitable taal vi publication kwalifiseer ie. My eens superpower het 'n embarrassment gewôd. My wêrel 'n klug, oornag. Gelukkig omdat ek goeie kaarte gekry het en my oupas 'n fighter en 'n geloewage in my ingeboesem et, het ek my eeste anthology *Kaaps is Hollands* in 2015 in Kaaps gepublish. Ek het g'n idea gehad hoe om Kaaps te skryf ie, of dit even ienagge weight in the literary world sou hê nie – 'n nuwe wêrel wat ek compelled was na om te verken, en toe klim ek maa oo die fence wat dee (generations) ytgehou was van exploration, die social brainwashing (dat skryf nie is nie vi my soot ie) en pursue toe my droem – 'n droem wat my oumas – nou oorlede nie eers kon witness ie.

Soes dee Robert Berold innie interview met Lesego Rampolokeng en Ike Mboneni Muila in Junie 1999 oo oral poetry report, het Rampolokeng hierie wonnerlike statement gemaak: “This country’s best poets will never be known, will never be recognized, because they do not even see themselves as poets, just as people putting words out there, in the street, mouth to ear, that kind of communication.” Ek kan hiermee relate. Ek wiet as ek nie die influence en exposure gehad hettie – die validation van my oupas, sou ek presies dieselle gesê et inne interview. Soes Rampolokeng gegloe et, moes ek oek diep introspection gedoen et om te kan project wat dit oek al was om die aandag van mense te trek. Ek moes brave wôd, en overcome die idea dat my type of creativity slegs vi home entertainment bedoel is, om dit mettie wêrel te deel en te present en my ware ‘self’ te oopenbaar. Ek het my signature poem “Kaaps is Hollands” geskryf, wat alles wat ek in hierie opstel genoem het, wat representation and validation geneed et –'n tribute (so to speak) aan my oupas se influences en my belief in my talent, en baie belangriker nóg, die blootstelling aan my eeste twee tienoorgesteldes, die strong poles in language, culture, traditions en perception towards literature. Hieronne isse yttreksel ytie gedig “Kaaps is Hollands”, ytie anthology *Kaaps is Hollands* dee my, Gaireyah Fredericks, (pg.25)

Cape flats praat soes 'n boychie innie djaart.

Oppie tong vanne kalit, hoor djy mos nette ballad.

Elke croon, is 'n different tune.

Soesie suidoos turn, salie vywe oek learn.

Ma Kaaps het mos sy eie style,

die swak mentality,

dai maakit vile.

Hierie gedig het alles gesê en soveel mee. Dit was my introduction tot die wêrel, my community en die literêre wêrel, en set die tone tienoor my heritage en represent an idea van purpose to come. Met die skryf van die gedig het ek soveel van my erfenis ingechannel. Die boodskap daarvan in soe 'n volmaakte lyn met die yttreksel yt "Someone is writing a poem" by Adrienne Rich: "And all this has travelled from my nervous system of the poet, preverbal, to the nervous system of the one who listens, who reads, the active participant without whom the poem is never finished." Soes sy sê, het die gedig sy eie journey gevat en 'n wenkbrou laat lig waar dit oek al gevoel et dat dit nodag is. Die punt is, soes Tiff Holland sê in *Written in stone*: (pg.6), "I had been afraid to expose my narrator, myself." Daniël Hugo beskryf my *Kaaps is Hollands* anthology innie Burger, 2016 as "die grootste verrassing van 2016". Wat Hugo opmerk, het ek probee onnedruk. Ek het gevoel dat daa g'n plek is vir my soot skryfwek in Syd-Afrika nie, wat nog te sê innie Kaap. Historically en politically was my tong nog steeds in kettangs. Na die announcement, het ek soes Tiff Holland sê in *Written in stone* "I tried to listen for that voice myself, to let it speak, not shout, to say just the 'thing,' whatever it was, and let it rest" (pg.6). Maa omme realistic perspective op hierie reaksie van my te offer: ek het nog steeds iemand se permission norag gehad om te gloe dat ek hoot en mag in my moedertaal skryf. 'n Reality wat ek steeds elke dag innie literêre wêrel aan dié kant vannie baan sien.

Ôs kan nie politiek ignoreer ie. Om die stelling te onnesteen, hoo net wat Lesego

Rampolokeng (met Ike Mboneni Muila) sê inne interview dee Robert Berold wat praat oo

oral poetry, die soot poetry waarna Kaaps 'n mens politely na stoot, sê Rampolokeng dat “this country has killed off, across the political spectrum, a whole lot of talent, to use that phrase.” Ek het twee oupas gehad. Uiteens kreatiewe en onbegreifbaar talent, maar albei praktiseer en geniet hul kreatiwiteit agter skerms, arm en onnedruk – ryk aan natuurlike talent en dra by tot die ienigste ding wat hulle legaal kon offer. Hulle braveste aksie was om hul klein dogter aan die artsbloed te stel en haa aan te moedig om aanhou te ontwikkel in die hoop om haa te ween tot 'n posisie waaraan sy mee kan wies as nete hometertainer of kritiese denker. Of dit nou opsetlik of nie was, dit was 'n kombinasie van kultivering van ereditêre natuurlike talent en setting the stage with the kind of influences wat definties haa God-given talent wat sy mien gebore was, te gide. Die vraag bly dus: Is natuurlike talent ereditêr? Was dit Boeya se natuurlike talent om te entertain met storytelling; Bapa se approach to creativity and theories; the rhythm, language; receptiveness of highly developed creativity wat ge-contribute et towards a writer emerging in me? En was dit waa die dwang om stories te vertel of te skryf vandaan gekom et? Ja, ja, en ja op al die vrae. Ek dink dis alles! Ek dink die world of literature in die konteks van die preverbal cosmos het die sterre perfek opgeline en 'n wêreld geskep waarin al die bestanddele van literêre bliss vir my bestem was om te proe. En daar is geen skaamte daaraan nie. Iets moes uiteindelik toegee. Dee toe te gee aan al die ‘i’s’, diegene wat verteenwoordig wêreld – ‘the we’ wat moes praat. Antonio Machado spreek sy gedagtes met soveel conviction en liefde in sy opstel, “Notes on poetry”: “Language is already much less mine than are my feelings. For after all I had to acquire it, learn it from others. Before being ours –because it will never be mine alone –it is theirs; it belongs to the world which is neither subjective nor objective, to that third world of psychology has not yet paid sufficient attention, the world of other I’s.” (p.167)

Wie ook al die Suid-Afrikaanse literêre maze survive, besit dit nie net vir hulle self nie, maar vir die massas. Diegene wat nie oupas gehad et nie, wat die tyd geniet et om 'n saadjie te plant, soedat die volgende generasie 'n kans kan kry om 'n weg te pondeer om hulle

kleinkinders se creative minds te cultivate. Innie interview van Philip Zhuwao yt *Bliksem* Issue 6, 1996 gepubliseer dee Alan Finlay, leer 'n mens dat Zhuwao na homself verwys as 'n “outwards” skrywer. Hy sê: “Firstly the self. I’m much more interested in the self. I’m not interested in the ordinary man on the street. No. The ordinary man doesn’t interest me. Some people say my writing is selfish. But I have to take care about this personal thing before anything broader. Where I write from, it’s my own experience, personal experience. What I’ve seen. What I’ve felt. My relationships with people. My loves.” (pg.1)

Twie verskillende denkrigtings, maa albei relevant. 'n Mens moet 'n outward skrywer wies om die foundation wat die oppressed skrywer tans nog ondervind, te vestig. Dit maak grense oep wat dee ôs verliede gebou is, en verwyde generational pain en lyding wat sône insig oogedra wôd. In my experience met skrywers voel hulle, behalwe dat hulle verplig is om te skryf, altyd nog meer gedrewe om eers hulself yt te skryf, voorat hulle oo anne dinge skryf. Machado sê dat “when the poet doubts that the centre of the universe lies in his own heart, that his spirit is an overflowing fountain, a focus which irradiates creative energy capable of informing and even of deforming the world around him, then the spirit of the poet wanders disorientated again among objects”. Daarom moet jy skryf yt jou ancestral roots en traditions, soelat die tone set in wie jy in develop asse creative. George Quasha herhaal hierdie konsep vêder as hy in sy essay “Axial drawing” beweer dat: “My sense of orientation is that I’m requesting an encounter, a co-performance, and in that sense the art is erotic, the pursuit of mutual (strange) attraction that seems fundamental to living entities –like calling to like in the interest of discovering one’s further life. My sense of performance is the opportunity to engage radically other identity states without loss of integrity. I regard “chance” and “automaticity” as belief systems and compassing narratives which I don’t engage; axially in my view is self-organized, self-configuring, and liminal to interior and exterior forces. An axially realised entity is in some sense intelligent within itself. You go into a performance space as you are and come out as the other. Its life is its own. My discipline is to serve it by optimizing its action. It alters my sense of world and dimension the way art does. It tells the story it is –performs itself and I am its audience.

Dit kon nie bieter as dit verdydelik wôtie. Om die skrywer te wôd wat ek wou wôd, moes ek die stages van development embrace. Verstaan die wêreld van anne I's, wôd 'n outward writer en wôd yteindelik my eie audience, en dit was wat Boeya, Bapa en allie anne influences wat ek ervaar et, my as skrywer gebied et. Maa dit was nooit 'n gegiewe dat ek sal slaag nie, alhoewel creativity met conception ge inject was. Die natural talent wat hereditary was, moes gevoed wôd om die adversities te survive. Ek is gebore om 'n skrywer te wies, dai trajectory is in my bloed georden en assie cosmos nie opgeline et ie, en daa was g'n ernstage attempts met earnest gepoog ie, sou ek g'n kans gehad et om 'n gift te ontvang ie – die gift om te compose en met woore te paint. Die gawe om as skrywer gebore te wôd. 'n Gift om 'die wêrel' te ontvang.

Bibliography:

1. Evenson, Brian. "Afterword" in Altmann's Tongue: Stories and a Novella. University of Nebraska Press, 2002.
2. Bernheimer, Kate. "Fairy Tale is Form, Form is Fairy Tale". Accessed online: <http://www.katebernheimer.com/images/Fairy%20Tale%20is%20Form.pdf>
3. Cain, Amina. "Slowness" in The Force of What's Possible: Writers on Accessibility & the Avant-Garde. Lily Hoang and Joshua Marie Wilkinson, eds. Nightboat Books, 2015.
4. Cape malay traditional song, Rosa. <http://www.eduprop.co.za/DUTCH.htm>

5. Federman, Raymond. "A Voice Within a Voice" in *Critifictions: Postmodern Essays*. State University of New York Press, 1993.

6. Gilbert, Elizabeth. "Your Ellusive creative genius": TED200

https://www.ted.com/talks/elizabeth_gilbert_your_elusive_creative_genius/transcript

7. Fredericks, Gaireyah. "Kaaps is Hollands" in *Kaaps is Hollands Anthology*: Cape Town, 2015

8. Huidobro, Vincente. "Creationism" in *Manifestos*. Trans. Tony Frazer. Shearsman Books, 2020.

9. Holland, Tiff. "How Subject Dictates Narrative Form" in *My Very End of the Universe: Five Novellas-in-Flash and a Study of the Form*. Tiff Holland, et al. eds. Rose metal Press, 2014.

10. Lauterbach, Ann. "Use This Word in a Sentence: 'Experimental'" in *Ann Lauterbach, The Night Sky: Writings on the Poetics of Experience*. Viking, 2005.

11. Machado, Antonio. "Excerpt from 'Notes on poetry'" in *The Poet's Work: 29 Poets on the Origins and Practice of their Art*. Reginald Gibbons, ed. University of Chicago Press, 1979.

12. Quasha, George. "Axial Drawing" in *The Body in Language: An Anthology*. Edwin Torres, ed. Counterpath Press, 2019.

13. Rich, Adrienne. "Someone is writing a poem". Accessed online:

<https://www.poetryfoundation.org/articles/69530/someone-is-writing-a-poem>

14. Rampolokeng, Lesego and Ike Muila. "Lesego Rampolokeng and Ike Muila: Interviewed by Robert Berold" in *South African Poets on Poetry: Interviews from New Coin, 1992-2001*. Robert Berold, ed. Gecko Poetry, 2003.

15. Tsvetaeva, Marina. Extract from "Art in the Light of Conscience" in *Art in the Light of Conscience: Eight Essays on Poetry*. Trans. Angela Livingston. Bloodaxe Books, 2010.

16. Wang-Li Yang quote [12th century].

<https://www.azquotes.com/quote/1387664>

17. Zhuwao, Phillip. "Interviewed by Alan Finlay" in *South African Poets on Poetry: Interviews from New Coin, 1992-2001*. Robert Berold, ed. Gecko Poetry, 2003.

Boek resensies

“Vroue se pyn en heengaan, verlore goed en prys gie.”

Uit die Kroes dee Lynthia Julius.

Kwela Publishers. 2020. 83 bladsye.

Uit die Kroes is Lynthia Julius se debut digbundel, in 2020 uitgegee en vattie lieser deere reis van stories van stêk vroue wat dee eeue adversities survive en yt hulle kroes die liewe anpak en ooleef. Julius hette honneursgraad in filosofie enne MA in Kreatiewe Skryfkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Maarie digter reject, in die bundel, wat vi haa voel soes 'n overly academic en intellectual approach tot taal en kultuur, soes sy noem in een gedig, “Ek was moeg van die intellektualisme van goed. / Moeg van Celan, moeg van Chopin-sensitiwiteit/moeg van Foucault/Mbembe, Nagel, Chomsky/Ek was moeg van die intellektualisme van goed” *Uit die Kroes* is geskryf in eenvoudige taal, wat ienagge lieser sal kan vestaan. Ennie stories wat innie boek vetel wôd sal resonate met mense wattie noodwendig anne eenvoudige definisie van “intellectual” sal voldoen ie. Maa tog is dit 'n text wat soaked is in veral slawe geskiedenis en gelerentyd.

Julius bring heelwat oeroue vroue slawe name annie liewe en vetel van soeveel meer vroue se stories met deernis. Die lieser maak kennis met Sara wat opgehang gevind was in “Aurora die mooi teef”, Amria van Bengale wat vê weg van haa hys af geniem was en nooit wee hystoe kon kommie, Ouma Xhau wat haa voovaarders se oue manier van leef nadink, Luna wat geliende liefde liefkoos en Nicky en Dulcie September wat bullets deerie die kop gekry et agv van hulle resistance tien oppression.

Die gruesome details wôd nie ytgelaatie, maar die stories wôd versieke vetel, soes in “Dulcie September”, “So lees ek maar van jou/ van vyf bullets deur jou kop/ van jou handsak eenkant jou hare teen die muur /en jou valse tande op die grond”

Lynthia Julius is gebore in Springbok, het in Kimberley grootgewôd en woon tans in Bloemfontein. *Uit die kroes* gie die digter se komvandaan, wat soesie titel verklap, yt haa voorvaarders se bestaan weer, tot die hede. In Suid-Afrika wôd jy an jou hare se roots an jou heritage connect. 'n Leftover van die Apartheid government se pencil toets. Haar texture isse loaded subject in Suid Afrika. Oek wôd die mengsel van taal wat innie are van Julius se familie stamboem vloei, sliep-sliep swaa dee generasies oogedra, soes met baie anne vernaculars. Maa Julius gie haa eie outentike taal nieuwe liewe dee haa waardeering vi haa connection na die Nama in die bundel dydelik te maak.

Sy sê aan Elodi Troskie inne aanlyn artikel vi *Klyntji*: “Die Afrikaans wat ons by die huis in Namakwaland praat, is 'n Afrikaans wat nie kan bestaan sonder Nama-woorde nie. Jy sukkel om sulke Nama-woorde in Afrikaans te bewoord, omdat dit bloot nie sin maak as jy dit in Afrikaans gebruik nie.” In ‘Ontheemding’ skryf Julius op bl.41: “My ma sê haar ouma was 'n Namavrou / die grootmense het onder die skerm gesit en hulle taal gepraat / die kinders weggejaag want dit was 'n grootmenstaal”. Innie moderne liewe is taal ie meer virrie jongelinge grootliks deel van hulle identiteit ie, maar deur dié tipe wêk wôd die authenticity gecelebrate en skep dit 'n platform om trots in die jong leser te trug te ploeg.

Julius skryf van vroue se pyn en heengaan, verlore goed en prys gie. Innie gedig “Vir Al Jereau” op bl. 48 vewoord sy haa reaksie aan haa ma se poging tot selfmoord. Die poem begin met: “Allerliefste, ek stuur vir jou / 'n please call me / want niemand sal 'n student wat broke is / blameer nie / my ma het selfmoord try pleeg / en 'n houer pille geword” Julius pleit in die gedig en sê dat sy nie weet of haar ma orraait gaan wees of selfs ooit weer godin sal wees nie en dat sy bang is sy lewe en sy's dood. Heart wrenching sadness met die finale wore: “bel tog / kom tog / ek het nie airtime nie.” Julius kry dit reg deurentyd innie bundel om die leser na 'n afgestompde reaksie te lok of na te voer. Die gedig het momentum ná die pleidooi ennie reëls raak baie korter ennie repeat-gedagtes gie insig na haar desperaatheid.

Julius, sonder direkte vergelyking, gie verduideliking annie modern vrou se
alomteenwoordige desperaatheid, wat sliepvoet yt haar kroes by haar bly spoek as gevolg
van die geskiedenis wat in haar wortels begrawe lê.

Die bundel highlight conscience knowledge rondom identity, maar oek die rebel tien dit wat
die identity obscure en assie karakters dit nie in die verhaal hettie, doen sy die pleasure om
opstand te spreek teen dit wat moet gesê moet wôd. Om jou roots te aanvaar en dit met trots
oppie mou te dra, is saamgevat innie finale gedig, innie finale reël vannie gedig, “Kroes” op
bl.82:

Mamma sê ek moet my kop nasien
(reguit maak; gladder, dunner, witter maak)
wie nog kroes is is aspris hoor ek
daar’s genoeg Dark and Lovely en Sunsilks
om die geskiedenis uit jou hare te vee
om jou te laat vergeet watter voorouers
by die wortels van jou hare deursingdans

net ’n bietjie BaByliss hier
’n bietjie blow-dry daar
net ’n bietjie laat sy ring tog net nie in jou hare vassit
as hy sy vingers deur hulle try liefkam nie
daar was ’n tyd toe ek in Kimberley in wou pas
toe ek Engels wou praat en manne met spike hare
en wit Golfie-karre nag soen
ek was te kroes om ’n Kimberley Coloured te wees
te glad om opreg Khoi te wees
te gemeng om wit te wees
ek het uit die as opgestaan met my kroes hare, Mamma
sukkel-sukkel die krulnukke in my hare uitgekam
en met die loskomsels op die kam besef:
fok glad wees
laat sy ring maar in my hare verstrik raak
ek vee nie my geskiedenis uit my hare uit nie
kroes is kroes

kroes word nooit tot die wortel glad nie

“Wit isse religion

Wit isse 'n colour nie dee Nathan Trantraal.

Kwela Publishers. 2018. 157 bladsye.

Nathan Trantraal is in 1983 in Bishop Lavis, naby Kaapstad, gebore. Hy is een van ses kinders. Alhoewel dit nie maklik is om van hulle armoede te praat, vetel hy en sy broer aan Litnet dat om kos te kry, om te eet, 'n permanent probleem gedurende hulle grootwordjare was. André, sy broer –ook wat saam hom skryf en graphic design practice, sê: "As ek nadink oor my kinderjare, dink ek aan honger. My pa was 'n alkoholis. Toe hy dronk was, en hy was amper altyd, het hy ons geslaan. Maar die honger was erger. Altyd die vrees om nie kos te hê nie." Volgens Nathan sê hy dat daa een ding is wat hy gelee et van opgroei in Bishop Lavis: "Daa is niks meer unimportant as die lewens van arm mense nie. As arm mense doodgaan los hulle niks agte nie, niks trace dat hulle exist et ie. Vi my is my writing history as told by the losers." In die bundel wôd armoede van uit die binnekamers vannie skrywer geskryf.

Wit isse 'n colour nie, soes Trantraal sê, isse religion, lat mens truly wonne oo wat Trantraal innie boek home wil bring. Die sub-title 'aangedrade stories' of skinnestories, might die accounts wat Trantraal narrate soe unbelievable raw klink, amper na fiction. Daa wôd dalk netjie genoeg oo sukke type of armoede geskryf ie –rou armoede sône apologies en verbloeming –en oek uitie core van arm wies ie. Ek lies once 'n storie van Boerneef, Stortreën oore whitey wat in sy ruim studiekame sit en kerm oo die vertaling wat hy moet doen en hy remark dat hy bieter as die minnerbevooregtes af is –maak mention van sy electric heater en such, toe hy die vrolike gesing reg voo sy hys hoo en besluit om onnesoek in te stel, sien hy die visverkooper met stukkenne klere staan by sy stootkarretjie, terwyl hy

skrie da's 'Lekka vars vis, Nôï!'. Die whitey admire sy bravery tienie koue en roep hom op 'n paa random name eeste: "Hierjy Jafta, Apools, Mohammodien." Hoe jou naam oek mag wies. Staan nader na die agterplaas toe!" En soe is die verkoeper oorgehaal oo die baas se bedagsaamheid met die aanbieding vanne lekka stewage dop brannewyn en 'n hele paa sigarette. "Baas! Ai Jerretjie tog, dankie! Baas is my wonderlike baas."

In sy noppies sluit hy by sy vrind wat byrie stootkarretjie gewag et aan en hy brag oo sý 'sopietjie en sigarette' met lof wat sopas nie ees vis by hom gekoep ie (wat most prob sy liewe kan verbiete et met 'n aankope). Die baas is chaff en voel hy't sy deeltjie vedag bygedra, want die verkoeper loep sing-sing jolly verre aan en hy sal maa verre gaan sukkel met sy vertaling.

Boerneef skryf, soes Nathan raw accounts van 'n anne perspective –die perspective wat plek gemaak et ve die minnebevoorregtes, ma uninformed oo die visvekoepse se real struggles bly. Hy raak oek misguided mettie happiness en humour wat die minnebevooregte display –even innie worst situation. "As daa niks daa geskrywe innie margins staaie issit ma net oo dai stories nooit geskryf wôtie, of truthfully geskryf wôd ie. *Wit issie 'n colour nie* vertel dié stories. Dis stories oor liewe annie anne kant vannie kantlyn." sê Trantraal.

'n Bundel soos dié wat die waarheid ontbloom van warrit vat om coloured te wies is fundamentally important, want dit present 'n point of reference wat at least understanding bring ve baie anne behavior van die sogeneous minderbevooregtes in general –besides dat dit vi geskiedkundige waarde essential is vi optieken.

In die verhaal “Hailey” op bl.111 kom sy en deliver ’n koue notification oo iets horrific: “Julle gannie nou vi my wil gloe wat met my gebeurit ie. Ek was nou lekka gerape.” In Cheers sê die spreker aan Jody dat hy “moetie bang wies vi die mense nie, hy explain my watte nomme hy is en hoe hy hulle ammel rus-rus sal sodomise.” Die karakters wat Trantraal oo skryf is decensitized –hulle praat as-a-matter-of-factly van swaakry en struggle asof dit net nogge mundane dag innie minnebevooregte se skoene is en net soes die visvekiepe van Boerneef, wiet hy nie ees die witman het hom ’n onreg aan gedoen nie. Trantaal sit die karakters in jou gesig en force jou om met hulle te deal sône om jou ’n cop-out te offer.

In sy tittle verhaal, “Wit issie ’n colour nie” verduidelik wat hy mettie tittel, wat hy bedoel en beweer dat hy, Trantraal wit nie as ’n colour sien ie, ma ’n religion en dit vir jou gevoer wôd, ongeag. Hy gebruik die term ‘Die boek’ voor die proclamations en die woord ‘profeet’ vir die apartheid-founders/keepers/enforcers en list die onreg soes gebooie wat gevolg moet wôd en soese geloof uitgedra wôd. “Die boek lee ôs dat ‘swartmense diere is en dus hoef jy hulle nie beter of slegter te behandel as hoe jy enige ander diere behandel nie’.”

Trantraal highlight belangrike aspekte wat nog pynlik in die bruin en swart gemeenskappe steeds sonder ’n gekermry mee gedeal wôd. Die bundel isse collection van life stories wat identity; race, politics, culture, status en klas define en ontbloot –die onreg daarin –die deprivation vannit. Inne convo met Trantraal once sê hy ve my hy sien toggie wit, geel, groen, blou of swart ie, hy sien klas en dis sy distinguishing factor van hoe hy mense sort. “Miskien issit omdat poverty my define en nie die racial politics vannie land ie.” Dis sy wore en sy redenering na apartheid.

Die boek het oek baie rou honest stories wat ampe belaglik klink, want jy kannie dink dit kan soe real en sad wies at the same time ie. For example op Bl.70 in “Modern Times” - “...Jimmy het inne chemical fabriek innie Blackheath gewêk. Die chemicals het elke twiede

maand opgebom, dan gaan lê Jimmy virre wiek innie hospital met second-degree burns oo sy lyf. Jimmy het soes Freddy Krueger in blou overalls gelyk wanne jy hom soe five o'clock gesien et by sy hys optrek innie wêk se bakkie. As ek soe vi Jimmy gekyk et hettit my altyd lat dink, 'n mens kan sieke ienagge iets gewoon raak." 'n Tipiese voorbeeld van hoe as jy in armoede liewe, jy net moet opstaan en aangaan en later raakit 'n norm. En op bl.95 in Dek, tafeltjie: ... "Een kee toe sê ieman ve April dat da 'n bakery innie Airport Industria is wat sy orage dieg innie vullisdrom gooi. Maa die dieg wôd in plastic bags gesit voo hullerit weggooi, skoon, like. Sy het vie brode met dai dieg gemaak, en da was nog baie oo." Jou brein hak amper vas want is moeilik om dié soort armoede te compute, ma ek ken mense wat dai information soes goud sou aanskou. Wat die bundel doen is om die realiteit van wat Apartheid nagelaat et te ontbloot en die mentality wat daa nog steeds ontbreek wakker te shake en slapende dooies soes Boerneef se karakter ingelig te laat na die lies van die bundel.

Ma dan is daa oek die flipside, die droë humour wat Trantraal gebruik om amper soese byway jou te maak skater en solat jy 'n break kan kry em terselfdetyd true value van brilliant humour en unorthodox views vanne haaglike situation te appreciate. Soms is die situation soe bad, jy voel guilty jy't saam gelag, byvoorbeeld in "Pump Party" op bl.47- "Krabs isse kak synagge bra wat jou sal charge vi CPR as hy jou verdrink oppie strand moet kry." Of op bl.149 in KK 'n K: "Hulle stiek hulle bigotry weg, maa net half-heartedly en hulle treat it half-seriously, die way ieman inne kiddie movie altydd agte 'n godyn wegstiek maa dan stiek hulle skoene yt." Is distasteful humour at times, maa die images is hilarious nonetheless.

Op Litnet verduidelik Trantraal aan Ronelda S Kamfer, dat hy gedurende sy grootwodjare Kaaps in Mitchell's Plain gelee praat et. Na hulle oues se divorce, het hulle Bishop Lavis toe getrek en dis waa die specific influence op sy skryfwêk van oorsprong het. Trantraal sê: "...ek skryf innie koerant waa iemand elke twiede wiek 'n brief skryf dat ekkie regte

Afrikaans skryf ie. Ek skryf nog altyd in Kaaps, despite die feit dat ek nooit 'n bestseller soe sal produce ie.”

Nathan Trantraal is die wenner van die Ingrid Jonkerprys (2015) ve sy debuutdigbundel *Chokers en Survivors* (2013), asook verower hy 'n ATKV-Woordveertjie vir dieselfde bundel. Sy tweede bundel, *Alles het niet kom wôd* (2017), het voldoen aan die hoë verwagtinge wat 'n opvolgbundel aan 'n jong digter stel, en *Oolog*, sy derde bundel, is 'n voortsetting van die gehalte digkuns wat lesers van Trantraal se digkuns verwag.

“Oorvertel en grond”

grond/Santekraam dee Ronelda Kamfer.

Kwela Publishers. 2011. 59 bladsye.

Ronelda S Kamfer groei op in Grabouw by haa grootouers. Sy return na haa ouer huis in Eersterivier, 'n plek met baie social problems, o.a armoede, dwelms en bendegegeweld. Die ervaringe shape haa liewe en haa werk tremendously. Sy studeer aan Universiteit van Wes – Kaapland vir haa Honneurs (Afrikaans en Nederlands). In 2009 wen Ronelda Kamfer met Loftus Marais die Eugene Marais prys wat deurie Suid-Afrikaanse Akademie toegeken wôd.

grond/Santekraam het 'n eenvoudige cover wat nie juis ienagge iets weggie nie. Dis concentric circles in wate. Die titel however is 'n vriemde woord en maak my nieskierag. Die opening poem *gaan i* (bl.9) het nog twee opvolg gedigte wat “gaan ii” (bl.13) en “gaan iii” (bl.15) getiteld is. In al drie die gedigte praat die spreker van 'n doel: om te gaan, maar oor die drie gedigte blyk dit die spreker kom net nie so vê om te gaan nie. Dis interessant en create 'n stagnated feel in die bundel, especially ommat daa ander gedigte tussen die drie

geplaas is. Die gedig “grond” (bl.10) en “Insha’Allah” (bl.14), die tussen gedigte in die “gaan”-reeks getuig van Islamitiese invloed. Insha’Allah translates na Godwilling en die eerste reël van *grond* wôd in Arabic geskryf (regs na links). Dié twee gedigte is in conversation met mekaar, maar innie selle asem sluit dit oek aan met die “gaan”-reeks en die wind kom voor asse stêk element deurgaans. *grond* praat van skei en verlore raak en “Insha’Allah” – (met God se wil) swerwe en hoop om rigting te vind.

Die bundel vertel en oorvertel stories by “Skipskop aanie Suidkaap”, oorvele interessante karakters soes Mal Maria, Mietjie, Herrie/Autshumao, Jan van Riebeeck en antie Katie, asoek vanne gemeenskap in Klippenkust. Soes met die “gaan”-reeks kom die “oorvertel”-reeks ook te voorskyn, genommerd: In “oorvertel 1 Desember 2009” op bl.16 soek die spreker inligting oor Skipskop en is “geiriteerd dat dai fokken Kramer-jong met ’n Kaapse aksent dai song gesing/ so long Skipskop/nogals pure djasgeid/ wit mense se sad en onse sad is different/ hulle huil oor die plek oor dit mooi was/onse mense huil oor hulle net moet maak soos gesê was;” in “oorvertel 2, Februarie 2010” op bl.17 kom daar weereens woede tienoor Kaapse mense wat sê die son sien alles, maar eintlik net highlight die miskonsepsies oo briunmense: “ek huil nie oor Apartheid-kak nie/ ek huil oor julle klo’goed net hoor van District 6/ ek kon nog die St Helena in my oumoeder se hare ruik/ maar bruin mense is net klopse papbekke en gomgatte/ om bruin te wies is glad nie so verkakte storie soos daai slamse voorgee nie/ en dan is daar nog die anner storie van boesman wees/ die problem is wanner jy jou mense se storie ken en daar’s nie ’n slams of boesman in nie/ maar jy moet ma ja en amen/ want al wat jy het/ is die oorvertel” dis opletbaar duidelik, as jy verskeie bruinwêk lies, dieselfde temas en identity proclamation of die afbreek daarvan as belangrike goedversorgde temas hanteer wôd in die respective bundels van die bruin skrywers.

“oorvertel 3 April 2010” op bl.18 verduidelik die spreker van bruinmense se trots: “dis beter om die storie in jou woorde oortevertel/ want ek wil graag hou wat ek het/dis al wat ek het/as ek dit ook weggee is ek regtig soos my kleinkind sal sê/ ’n happy loser;” daar isse duidelike trots wat deur die wêk teëkom en bekend gemaak wil wôd. In “oorvertel 4 April 2010” op bl.25 vertel die spreker van faith en sê: “ek verstaan nie die lewe nie/ maa ek verstaan dat daar lewe onder die water is/ want die Here is goed/ sy goedenturendheid is getrou” en finally in “oorvertel 5 Mei 2010”op bl.57 in slot getuig die spreker dat “herrinneringe is soos ’n klomp klere in ’n kas/ jy stop net vol tot eendag wanneer jy sukkel/ om die kas toe te kry soos die klere wil uit/ jy maak toe toe toe maar hulle wil uit uit uit” – alles het ’n threshold en dinge kan nie veriewag opgekrop binne gehou wotie. Die bundel package die dinge wat moet uit –wat moet gesê wôd, sodat daa voort kan beweeg wôd. Vir die skrywer, sowel as die leser – something’s gotta give.

Die gedigte in dié bundel is soes koue water in jou gesig. Dit raak aan temas van dood, hartseer, armoede, onreg, hoop en trots. Baie poems volg in reekse, hak mekaa in, meet mekaar op, oor blaaië tussen in en continue die direct conversation met complete transparency. *grond/Santekraam* is hie ommie layers van ‘lui oë’ af te peul en die naakte waarheid, soes warrit innie harte vannie bruingemeenskap opgeteken is, oor te vertel.

“Die ou dinge het veby gegaan”

Alles het niet kom wôddee Nathan Trantraal.

Kwela Publishers. 2017. 59 bladsye.

Die boek se cover isse interpretation van die Baroque-Renaissance sculptor, Gian Lorenzo Bernini se masterpiece, the “Ecstasy of Saint Teresa”, ’n to-the-point sensual rendition,

contrary to the strict rules about hoe religious figures depict mag en kan wôd. Die statue, innie Cornaro Chapel in Santa Maria della Vittoria in Rome, depict 'n engel watte spear innie bôns van Saint Teresa oo en oo stiek en haa tot innie wolke oppe religious ecstasy transport. Dié type of depiction was as scandalous en blasphemous innie tyd van skepping, gesien. At first wassie connoisseurs ennie common folk ammel geshock, but het later hulle daana toe opgewarm, no pun intended. Gewysig oppie choice of cover, issit clear dat Trantraal 'n promise offer van baie stêk religious temas unapologetically, wat suggest die aandadagheid wat jy innie bundel eventually teekom. Die social commentary wôd innie form vanne humoristic tone, almost mocking religious practices gepaint. Die eeste poem, die title poem, set die atmosphere further soes wat die title ennie cover doen en dai vibe follow throughout die bundel, bv op bl.11, yt die title gedig:

*...Maa ek het gewiet ôs lyk sieke maa net
soese cult in ôs se heeltemal wit klere
of soese boy band innie nineties
in matching outfits*

*Tewylie diaken my inlei
en ek ampe verdrink
dat daa wate in my oë en longe gan
staanie anne newborns net
en hyl of kyk
hoerie wêreld veby gan
en alles niet kom wôd...*

Die aanslag vannie narrator wat die ridiculousness vannie situation die spreker hom in vind, kan oek mistake wôd vi simply die way wattie poet praat – sy way of expressing his thoughts – sy general voice! Daa is deffies 'n netjiese fyn lyn tussen die poet se undeniable sense of humour vs logic en sy eie voice. Trantraal bewys in die bundel dat Kaaps wel ernstage temas kán verwoord, al function et onne die sambreel van humour. Ek voel of Trantraal se sensory

observation fyn developed is en hy wel skryf soes hy dinge sien – in sy rou en uncensored vorm – sône ienagge candy-coating:

Ammel dink

issie gies wat ha omgestootet,

maa as ôs honest was sal ôs gesienet

die regte miracle was

dat sy nie gesinket innie sea

soese ancient city nie

Ôs staan innie yskoue wind

met bright handdoeke om ôs lywe

Die broers en susters wat droeg is

issie hastag om ytie wind te kommie...

Sy descriptions is droeg, funny. Jy assie leser sien die picture, notice die sarcasm innie narrator se account vannie doep – die irony van hoe die doep alles wee niet moet kom maak, maa hoe die ridiculousness wat die spreker beleef mettie heeltemal wit klere soese boy band innie nineties in matching outfits, dat dit 'n regte miracle was dat sy (wat oek gedoep was) nie gesinket innie sea soese ancient city nie en die broers en susters wat droeg is, hoe hulle nie hastag is om ytie wind te kommie of hoe die spreker voel hy vedrink –is asof ie poet ie ees wiet dai was funny nie. 'n Bitter-sweet funny. Trantraal manage ommie net by-the-way te klinkie, maa lat jou die leser oek by-the-way voel –eintlik meer entertained. In retrospect offer Trantraal die leser 'n legit reg, ommie amusing factors in sy somber of tragic temas te identify en self te appreciate op merrit ('niet kom maak' of 'tot niet gaan') bv. in “Cash for Gold”, bl.42:

Ek wonne of ekkie ienagste

prize-winning poet is

wat copper wire

vi kosgeld moet strip

Ek is possibly die ienagste een

wattie 'n lift kan kry of afford ie
en Lavis toe loep, hystoe
loep, vanaf Cape Town
International airport af
narie literary festival in Potch verby is
Ek issie een wat in Amsterdam bly
writer-in residence
en as ek hystoe kom
die goue kettangs moet gaan pan
wat my vrou by Annemarie
as presents gekry et.

[...]

Ek kry respect en awards
wat vi genoeg mense baie beteken
en dan oppe Woensdag
wat niks beteken ie
staan ek innie voorhys en wieg
ie award in my hand
en vra my ma: “Wat dink Mammie,
is dié bronze of copper?”
Assit copper is issit ‘n paa dae se kos
assit bronze is beteken it niks vi my nie

Daai constant stiek mettie spear oo en oo, die constant struggle –contrast van soetseer events
en accounts vanne alledaagse existence – dit tieken Trantraal op met soveel gemak. Trantraal
gie nie net kommentaar oor die mundane life van die setting van waa hy die events van
translate ie, maa tog (attempt) verbloem hy oopenlik sy notions deur om comparative stories
te verhaal wat die obvious en subliminal uit point. In “Saggias”, bl.17 is daa 'n full backstory
deur die use van “Oopenbaring” innie Bybel te use as basis:

Boy lê oppie kas en hourie dak dop
Issie dag van my ouma se begrafnis
Allie kêkmense innie hys wil voogie
dat Boy nie oppie kas lê nie
Niemand vra vi Boy om af te klimmie
ammal wiet is pointless
Jy kan sien die kêkmense voel Boy
sondig in some way
maa niemand wiet
waarie vers is
innie Bybel oo kinnes wat
by hulle ma se begrafnis oppie kas lê nie
Nou sing hulle ma ‘n koortjie:

“Saggias sit in ‘n vyeboom
Die Here sê: “Saggias, klim af.”

Boy rol vi hom dagga-stoppe
mettie blaaie innie Bybel
Hy sê it roek bieter as bladgies
en dat as jy rerag Oopenbaring wil vestaan
moet jyrit lekke lank in jou longe hou
voo jyrit ytblaas

Boy se statement oo “Oopenbaring” gie major insig oo Boy se gemoed byrie begrafnis –
hopeless. “Hy sê it roek bieter as bladgies en dat “as jy rêrag Oopenbaring wil vestaan moet
jyrit lank in jou longe hou voo jyrit ytblaas”. Sy ma is dood en basically condone hyrie self
wat hy innie dagga-stoppe kry fully –in comparison is die verlossing in “Oopenbaring”,
soes innie Bybel prescribe currently vi hom net bladgies, want basically die promise van
verlossing, sal net in smoke in opgaan anyways. Die bundel vertel van baie characters wat try
en hulle sit en staan wil regkry, maa oek deerie lieve ‘n paa harre klappe endure, self-

inflicted or not, but hulsef en life ma try survive, bv. “Clichay” op bl.46 wat vanaf die tweede Januarie tot ie vyfde Desember ha Christelike baaitjie ophang om gou virre short amount of time a taste of life te kry.

Sy vat it soe, sy wêk heel jaa had
En dai holiday bonus pay
Gannie it self ytbrand ie
Soe as iemand haa vra of sy 'n biertjie
gan drink sê sy, “Ja man,
lat ek my lyf oek 'n tyd gie”

Clichay rinkink op-en-af, in-en-uit ie hys en vergiet vannie promise wat sy byrie wêk aan ha colleagues gemaakit, dat sy haa kind 'n bietjie gaan spoil, instead party sy non-stop:

Sy gaan byrie hys kom

verby ha kind stap
lê op haa kooi innie donke
en dink sy moet onhou
om haa klere te stryk, sy moet in haa wêk wies môre

Clichay se cycle loep oo en oo en virre small while, na sy die stab vannie daily, month-in, month-out survive et, allow sy die alcoholic ecstasy om haa lyf 'n tyd te gie. No remorse, no regrets en in true Trantraal fashion, dai abrupt afstomp vanne punchy laaste reël, los hy die leser wee alien om daamee te deal. Assie leser moet jy ma binne jouself introspection doen en hastag 'n plek soek ommit nee te sit, voorit jóú burden raak. Dieselle met “Pentecostal Righteousness” op bl.22 wanne broe Williams die kinnes die Woord bring en waarborg dat hulle wel dit gehoor et en sy comparison met die Woord innie kêk self trek:

...Dai wassie mense wat die Bybel
innie skool gestudy et ie
Vi hulle was 'n skool 'n plek waa jy kêk hou

nie waa jy lee om kêk te hou nie

Trantraal force ie reader met sy wise punchy endings om alles na te dink en die reader se previous stance oor teemas te heroorweeg. Trantraal se temas vloei seamless en lies mette emotional journey van accounts wat dee distinct characters die reader guide. Die introduction, die doep waa die eeste character, die spreker introduce wôd, question hy religion en religious people in *Alles het niet kom wôd*. Guilt oo sexual urges kom in “Silvia Saint” voo en ôs meet die verwaarloose Ban in “Taliban”. Ezra wat nie as gevolg vannie verlore broodgeld hystoe gannie en nié kan insien hoe hy might surprise wôd virrie response byrie hys ie in “Ezra” en Boy wat blasphemist behaviour in “Saggias” wys wat jou hat besides die point sag maak, maa dan vestaan jy as jy die survival vannie daily struggles personified in “Ode to an electric unit” lies. Liney wat different persona’s in-and-out die skool et in “Die anne Liney” en Rebekah wat receive en vat mette toe hand in “Rebekah”, Jeb wat skoolkiners convert na regte ayas in “Babylon I” is all too familiar characters anne kant vannie spoor. Die forced removals en its repercussions verduidelik in “Fiction and estrangement” hoekom die mistrust tienoorie witman in “Die man wat kinnes vang” exist en misplaced hope obtain in “Jerusalem” en “Weepers” dee many factors. Louise Viljoen sê in haa resensie vi Rapport, “Dit is ook opvallend dat talle van hierdie gedigte ’n verhaal vertel waarin die beelde en konkrete detail bepaalde kontekste, emosionele inhoude en uitkringende betekenis suggereer eerder as uitspel.” Die bundel arc dan in “Swat embroidery”, waa daa vi Bethe met deernis apologize wôd, sê die spreker vi Bethe, dat hy sorry is dat haa memories annie vedwyn, soes swat embroidery op swat gordyne is, maar die eintlike apology is dat mens maa moet “Gebed zonder end” bly maak, cos ôsammel try ommie irony te vang wat soes butterflies wattie na ôs wil kommie maak, want al is als tot niet en het als niet kom wôd, in one way or the other, die destruction en weakness van mens self, sal altyd mette hint of humour ge-ease wôd en dis wat Trantraal deliver.

Part A: Thesis

Portraits

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

Master of Arts in Creative Writing

of

Rhodes University

by

Gaireyah Fredericks

Maart 2022

Abstract

My thesis isse collection van interconnected short stories geskryf in Cape Muslim vernacular en Kaaps. Die stories in Portraits, follow different generations inne Muslim familie oor die course van vier decades. Naguib Mahfouz isse notable influence op my approach tot die text. Specifically, vir die way hy met sy *Sugar Walk* trilogy die family dynamic inne strict, patriarchal Muslim familie explore. Ek draw ook inspiration yt Jolyn Phillips se kortverhaalbundel, *Tjieng tjang tjerries*, vir haa exploration van die bryn gemeenskap in Gansbaai. En Nathan Trantraal wat die Cape flats se simplistieke stem – die ordinary mundane truths van menswies vaspen. Die drie skrywers se aanslag en perspective in hulle werk isse combination van my vision om die Muslim community se taal, heritage en customs in die Kaap oor 'n tydperk vas te vang en die legacy van die Cape Malay voluit te establish.

Inhoud

Kinnes vannie Jannat	1
Die mayet	4
'n Hija vi Faati	8
Zackareyah en Zaghrah	11
Naalwêk	18
Die reflektiewe spieëlbeeld	21
Die Bruidegom	27
Neesa	30
My touba	36
Yaseen	37
3 Virre Rand	39
Juvenile Sentimental solo	48
King Cello	51
Rembrandts	54
Alterations	57
Home	62
Mr Rosso	65
Labarang	Error! Bookmark not defined.
Die Doepmaal	78

Kinnes vannie Jannat

“Assalamu alaikum aghliel quboer”, groet ek met respek die mense vannie kabrs – spreek ek vriede op hulle soese goedgelere Moesliem en niem an hulle groet my trug inne crescendo van blydskap. Innie binnekames van my kop wil ekie stem van my familie hoo echo, maa ek hoo net stilte. As jy maniengal is, het jy niks mee om te sê nie. Dan moet jou dade vi jou praat.

“No non-baaligh child will enter paradise without their parents,” quote Tietie ytie heilage Quran.

Sy ken my hart. Haa lammetjie is oek al ses voet onne en sy need nog altyd haa sakdoek as sy van hom praat. Ek hettie ’n sakdoek gebringie. My kopdoek sal maa moet doen. Dais as ek nou myself soe vê gan kan bring om trane te wys. Ek gloe mos in Allah, en in wat Allah promise vannie kind voo moekallafskap annie dood afstaan. Dais soe te sê guaranteed Jannah. As Moeslims is ôs tevriede as ôs kinnes maniengal, wan jou kinnes sal wag vi jou byrie deere van Jannat tottie dag jy daa aankom. Die ghadeeth lies soe: malaiekats sal hulle self vemom en jou kinnes probee trick, ommie wag vi entry tot paradise te vekot, maa jou kinnes sal sê: “Jy issie my ma nie. Ek ken my ma en ek wag vi haa.” Dai picture bly by my en ek voel groos as ek dink hulle wassie ees an my bôsie, ma hulle lief my soe profoundly.

2.

Is waa wat Tietie sê: “’n Man sien jy aankom, maa ’n kind voel jy aankom.” Dais iets wat ek truly nou ten volle vestaan.

Is al ’n jaa wat ek noggie plak kon vasmaak om my twins se groen bôdjies met hulle name te kô mountie. Virre jaa lê hulle hie naamloos. Wil oekie anne vra ommit te doenie. Is my wêk, ék doen vi my kinnes, wan ek konnie vi hulle doen ie.

Ek’t soe vê nog kop gehou en noggie vannie rails af geslip ie. “Dai wil gedoen wies,” sê Tietie ôllawhile. Byrie kabestan issit stil, nettie karre wat veby jaag oppie highway langsam – joep veby en disturbie peace. Die tall boeme sing en sway side-to-side in thikr en blaas elke nou en dan ’n koel breeze oo my gesig. Tietie moet my lei wan ek wietie waa hulle lê nie. My hat klop skamerag had, asofit wil flyste agte Tietie, maa sy ken die gevoel en remind my om asem te hal.

3.

Daa is vars grondhoepe wat nog hoeg staan en noggie ees sement boublokke om hettie. Dais vars dood dink ek. Dai grond moet ees sak. Vêder an is daa grênd kabrs ge-outfit in marble en

engraved, laddiedaa. En dan is daa dié wat nette plank is met getoeliesde permanent koki of paint daa op geskryf– wat weggie wie daa lê. Ek wil ampe my kinnes se bôdjies wegstiek. Ek’t it by ’n graphic design plek op groen Perspex met mooi, fancy wit letters lat print mette oulike framepie ommit – dat it bietjie kid-like lyk. Die inscription lies, “Inalliellaahie wa iena eilayhie raji’oen.” Maa mens brêkie by soe ’n plekkie, en soe drai ek maarie written side styf na my bôs. Soes jy innie wêrel kom, soe moet jy gan – met niks. Simple. Daisie belief. Tietie stiek vas en point narie ry klein graffies soesie cots innie nursery gepark gestaan et. Spaced soedat jy langs jou kind kan wies. Tietie gie my space en dwaal na Boeya-alaragam.

Ek kyk net. My knuckles klou annie harre plastic tien my bôs. My voete skiet wortels en ek voel geanker soesie boeme vasgemaak. Ek staan virre while en kyk na die sementblokke gepak soesie railings vanne klein cot ennie beautiful vetplante wat my familie kom plant et vi my kinnes. Groenigheid oppe kabr is goed virrie dooie – dis hoe ôs gloe. Pês-pienkeragge sterretjies met geel keeltjiies, soes klein windgerukte sambreeltjies, bottomsides-up blossom oppie graf. Ampe soesie straws wat ôs as kinnes geknip et en oep ge-fênit om in ôs vinges te rol. Net ommie patern te sien assit begin die illusion vanne circle maak. Ek smile met trane, weggevoer innie nostalgia kom ek tot verhaal oppie side vannie cinder-blok en reach yt ommie grond te touch.

4.

Dié moment seem forever en speel af een frame oppe tyd. Toe ekkie koue sand raak, innie skade vannie tall trees wat sway en constant thikr maak, kry ek ’n overwhelming urge om my kids yt te grawe. Dai gevoel vorm in my velate baar en trek krag yt elke vein wat na my hart warm bly pomp en stoot op in my krop. My keel kraak wan dis soese bottelnek wat die velocity kee. As ek sluk pyn my nek van oor tot oor en it hou my emotions hostage. Ek’s ’n believer. Ek vestaan Allah se plan. Die emotion soek yting in perspiration op my palms, loep yt in my oë en my gesig gloei van pyn wat onne my vel capillaries vul. My ore echo ’n sharp high pitch, flatline zing... “Ja Allah ek is desperate. Ek’s tevriede Allah, maa nog net één kee – nog één kee wil ek hulle vashou.” ’n Swelling sensation wat byte my body radiate, gryp my siel annie hand vas. Getaklied inne alternate reality, is my hanne oversized en ek skep spadefuls grond yt totdat ek hulle bientjies reach ennit vasklou. Embraced tien my bôs, vasgedruk inhale ekie kamfer gemix met rooswate innie kafang gesoak. Kinnes vannie Jannat ryk soe, different.

Tietie ruk an my skoue en dis wat ek besef, wamee ek biesag was. Die pês sterretjies lê oral langsie kabr soes konfettie gestrooi. Die vars oepgekrapte grond ryk stêk in my nies en my naels is swat onne in. My vookop is nat ennie sout-straaljties brand my oë assit my eyebrows sidestep enne bitter smaak in my mond laat. Virre while kon ekkie ees myself hoo nie.

“Maak touba! Is jy nie tevriede nie?!”

Maa wat Tietie nie vestaanitie is dat ek actually allie pad tevriede was, even happy. Maa ek is

oek 'n moeder. Enne ma sit haa kind annie bô's al het daa al roewe gevorm. En as dai privilege revoke wôd mettie intrie vannie dood, isse ma content wan sy wiet die malaiekats gaan haa kids raise en sôg vi hulle madrassa, maa sy kan nooit die umbilical cord completely geknip kry nie.

Die mayet

Is my janaza vandag. Sad. Miskien.

Die belief is as jy nie by veetag gechange etie, dan is daa maa min hope vi jou. "A fool at forty is a fool indeed". Wie't soe gesê? It sal my wee byval. Ek het it toe nooit veby veetag gemaakie. Is oek maa orait. Die wêrel was 'n baie challenging space vi my. Ek't getry om te respond in my eie way. Maa ek was soms soe min lus virrie liewe. Nou's ek soon to be judged. Reduced totte 'n diagram vanne mens. G'n voice, g'n reasoning. Stof inne sonstraal.

Ek kan sê dat ek gehelp was mettie taliel. Ek kon my shahadat yter en Allah kon my tong order om te move ommit los te maak; en my loved ones was by my en het my soe mooi vesôg – my oë toegemaak en my ken saam my gesig unite. Ai, gentle was hulle. Die trane het warm op my vel geval, maa nie 'n sound ie. Dignified, man. Ja Allah dai was mooi. Algamdulillaah.

2.

Toe val 'n wit, skoon laken oo my. Soese snow-covered mountain ytgelê. Een, twee, drie en ammel het abdas en kô sit en recitie ytie Holy Quran. Harmonious en sweet in my ore. Jy maggie die mayet alien lossie. Soe daa salle aflos-recital gebee en ek sal protected tienie Shaytaan gehou wôd. Jy wôd oppe sea van verses yt die liewe gedra narie volgenne. Algamdulillaah.

3.

Ek was soe ytie qibla sometimes. Lat my wonne of ek worthy is van al die sôg. Maa, it is mos ie reg vannie mayet. 'Mayet,' even my naam het weggeval. My naam was nog voo ékself begrawe. Ek ken ôs practices, is maa net... is final en nieman vat hulle tydie. Ammel is hastag en val oo hulle voete om handdoeke, lakens, 'n diekun enne sakdoek gereed te kry. Asse kind het elke uur soese lifetime vi my gevoel. Nou voel my lifetime soese uur wat ytgeloep et.

Alles wit, soes ôs ge-order wôd. Prescribed vannie kifait-klops stipulations. Die kafang, kapok, campher, rooswater en sunlight siep is als deel vannie doodgenotskap. Die gat was oek klaa bestel virrie groot event. My event, die centrepiece van dié arabesque. Die katel en mannietafel wôd merrie tyding narie hys spoedig gekarwy. It wôd als innie space reggesit. Gewoontlik die kame waarie mayet ingelêret. Plastic sheets wôd oppie vloer gegooi. Die furniture net weggeskyf ennie kooi op sy sy gedrai. Spieële wôd toegegooi: Om tydens salaah, na refleksies te kyk, is vain en taboo. Die mayet wôd getransport oppie mannietafel. 'n Tin,

cotlike basin mette 15cm side regom. Slanted narie voeten-ent. Mette filter gat wattie waste wate in nogge bucket opvang. Dai't hulle als vi my gedoen. Ek try om te compare wat ek, tot dai effect, vi hulle al gedoenit. My memory is skaam vannie waarheid. Ek wasse koueragge mens. Kouer as wat hulle my nou beleef.

4.

Die toeka mannie sal als wat sy need kry. Vi my oek. Sy sal nou hie ienagge tyd haa veskyning maak. Night or day, toeka mannies is honourable mense en hulle respond soese fire alarm, on point, dadelik. Wan die dooie moet weggebêre wies voo sononnegang of sonopkoms. Depending oppie tyding se tydsberekening innie dag se cycle. No exceptions. Hulle vestaan die body need dai ghysl soedat it protected bly en van alle gadath gefree wôd. Oek mag hulle nie ytpraat van wat hulle encounter nie. Toeka mannie is 'n calling.

5.

Nou ja, die antie kom mette plastic vooskoot innie kame en begin sône baie praat organize en delegate. Sy hoefie jou naam te kenne, 'dinges' sal oek doen. Sysie hie vi vrinne maakie. Haa contract is met Allah. Sy laat vannie female relatives, including my dogtes in en daa wôd vinnag leviete afgelê. Die wat gan physicaly help moet vinnag die do's ennie don'ts vannie mannie fa'm maak. Die exams is soema direk daana. Die bucket mettie skoon, koue wate staan reg mettie bieke langsaan en sy begin:

"A-oethobillaahie minashaytaanieraghjeem. Biesmiellaahie raghmaanier ragheem."

Sy was. Boe regs. Drie kee. Boe links. Drie kee.

Die laken bly bankvas oo my lyf en ek's dankbaar my skaamte pronk ie op skou nie. Sy twist die nat laken in een motion as soon assit velkleur optel, oo my nat, triangular ourah soedat daa nie ees shape of definition veklapp wôtie. Boe, dieselle motion. Again, dignified. My ourah is nog steeds 'n sacred respected place en niks wôd anskou of revealie.

Onne regs. Drie kee. Onne links. Drie kee.

Stienja en dan hare was. My dogte, die jongste, die baby plet my hare. Soes instructed, met net drie dele ennit wôd onne my kop ingetuck. Ek kannie juis die hanne voel wat my hantee nie, maa eeder die duahs en honest nieyats wat sagte soentjies op my siel los. My oudste dogte perform vi my die laaste abdas wat ek sal vat op die doenyaa en my cleansing is toe volmaak. Algamdulillaah.

6.

My gratitude vul die kame inne fragrance more pleasing dannie rooswater en ek smile effens. Die plooi van doodsangs disappear en ek lyk soema pleased en tevriede. Algamdulillaah. Hulle let it oek op en deel die phenomena met mekaa. Ek sien hulle harte smile terug. Ai, watter moment het ôsie nou nie.

Soes hulle afdroeg, logrole hulle my soema oppie kafang kla in die drie layers geskee. Lang stukke, mettie boenste layer wat 'n opening in geskee wôd – om oo my kop te trek ommie vookant van my lyf soese jurk oek toe te maak. Is slim en functional, die kappas wôd ees geplaas na hulle my arms vou innie Qiyam soes innie salaah. Hulle't vi my kapokkussings, die size van ietborre prepare, gesoak in rooswate en champor. 'n Dun lagie kapok soese sagte matrassie is onne my ytgeplace. Die matrassie het oek rooswate en camphor op. Die kappas wôd by allie sagte plekkies gesit wat eeste sal begin gan. En een wôd virrie gesig gehou vi net voo hulle toemaak. 'n Nogge loslappie wôd om my kop gesit ommie hare te cover en dan is ek ready om die bandjies, wat als nicely together hou, geknoep te kry. It sal later, na hulle my innie kabr geplaas et, losgemaak wôd. Ek wasse nobody. Ek et niks significant gedoenie, maa ammel fuss oo my ooskot, die 'mayet.'

7.

Ek lê naby die ytgang vannie hys oppie mannietafel mettie wit sakdoek oo my mond en nies, liggies gedrape. Die diekun hang straight af tot ampe oppie grond en virre moment lyk ek soese magic floating trick. Die wat mag, soesie vrouens en my close family kom ziyaarat my en my oudste suste maak sieke nieman unlawful raak an my vookop en brik my abdas ie. Som sit net twee vingies op my vookop na hulle it met hulle lippe gesoen et, en som soen my straight. Net soe, tewyl hulle duahs my siel sus en smiles mee deel. Imam roepie mans nader ennie wêk begin en my uurglasie wat my nog annie doenyaa bind loep al hoe vinniger yt. Die recital echo deerie hys en dreun in elke fibre present. Emotions, wat innie recitals wegkryp, fladder op denkbeeldige notebalkies boe ammel se koppe, tewyl wange warme straaltjies eerbiedagdie reality van diep denke veklap. Die katel wôd nare gebring ennie mans gather virrie transfer en transport. Die katel begin beweeg ennie crowd move saam. Daa is mans innie binnekring wat relay-carry. Hastily en unselfishly mekaa aflos ommie ekstra belongings vannie dooie help dra. Anyone is welcome ennie yste handles raakie ees warm while die manne die kilometer wat hulle die mayet dra nie.

Ek is above all. Oo hulle koppe en ammel kyk op na my. Ek't niks om oo te brêk, behalwe my dade nie en kyk hoe doen my communitymy justice. Fulfill die regte vannie mayet met innerlike duahs vi my final journey kabrstan toe. Na my Maker toe. Byrie masiet sal salahtul-Janaza perform wôd staande, en by die koebus sal daa wee vi my innie briesse getree wôd in duahs voo ek innie gat geplaas wôd. My kabr is gegrawe mette cavity waa in ek sal gesit wôd en nie 'n sandkorrel sal op my rus as hulle it opvul ie. Dai sallie planke en palmtree-takke wat die cavity afskort voo sôg. Ennie plank vi my enscribed-naam sal getyg van wie ek was, maa nie wat ek wassie. En nou lat ek oek nou 'n alaragham is, enjoy ek oek die living wat unselfishly, as hulle die

Makbara pass yter: “Assalamu alaikum aghliel quboer”. En dan groet ek trug en benefit van hulle sadaka. En hulle –die level van hul Emaan.

'n Hija vi Faati

Mareldia het nêrens sône haa rooi lippies, black gloves en nylon pantyhose gegannie.

Innie hys sou jy haa nooit sône 'n apron kry nie. Haa hys skoene was court shoes. Sy'tn paa in elke colour gehad. As sy kwaad was, het sy innie badkame innie spieël gan staan en haaself daa in dopgehou. Sy't gegloe as jy baie hyl maak it jou lelik. Soe sy moes 'n watchful eye oo haa trane hou.

Mareldia se man, Gakkie het al haa klere self gestitch. Tailor-made na haa style. Gakkie was self stylish en elegant in sy eie muted way. En hy was in possession vanne diep charisma, wat baie vriende attractet. Met dai het hy die habit gehad om dai vriende saam hys toe te sliep na Jumulah virre complimentary lunch.

Soe daa was altyd potte vol kos oppe Vrydag. As jy honge was, was dai die direction wat jy moet beweeg na, dan sal jy 'n oepe dee mette warm mealkry. Goeie kos mette goeie hart gekoek. It was elke Vrydag 'n klein banquet innie Gaidien household. Mareldia het haa klein kinnes gehad while hulle oues wêk, soe hulle moes oek dan op dai dae by hulle ouma-hulleiet. Uncle Faati ve'al wassie ly om saam te talm ie. Dié Boeya was ampe elke Vrydag an tafel.

2.

Uncle Faati was voobarag, en moes gedink et hyt aandele innie Gaidien household die way hy sy mond kon indruk by familie-dinge. Maa soe lank Gakkie it getolerate et moes Mareldia ennie klein kinnes maa net ja en amen sê. Assie kinnes soembain en hy soejoot, het hy die most repulsive swat tone display. Die kinnes het daao gelag. Vi Mareldia was sy presence baie meer unbearable as vi haa klein kinnes.

Een Vrydag was Mareldia wee unpleasantly surprised met Vrietangs – soes sy hom in secret genoem et – se company. En haa level of tolerance was al vroeg oggen gecompromise omdat haa maid sône notice nie kô wêk it ie. It wasse gekerm en brom die hele oggen voorie potte.

“Die blerrie meid wiet is Vrydag. Al die skorregood wat ek moet mee deal. Ja Allah, ek raak oek moeg!” Na soeveel jaa getroud het Gakkie net vi Mareldia gehoor as hy beslyt et hy hoor haa. Dan het sy maa net kot-kot die badkame besoek en haaself innie spieël gan monitor.

Uncle Faati was dai particular Vrydag present in all sy glory. Die klein kinnes, ve'al Farieda wie bietjie ouer was, het help die tafel dek en toe Gakkie-hulle kom het Mareldia die potte yt die warmer-laai ytgehal ennie kos in bakke geskep. Die kinnes se duty was ommie kos in te dra en

dan het ammel gan sit en iet. Die guest skep eeste, dan Gakkie, die kinnes en dan het Mareldia vi haaself geskep. Mareldia het altyd die kleinste portion geskep, half yt modesty en half omdat jy nie lus is vi kos as jy heeldag gestaan et agte 'n pot ie. Mareldia het actually vi Gakkie oek allie jare geskep. Maa toe wou Gakkiehê Mareldia moet vi Uncle Faati oek begin skep. Toe stop Mareldia die hele skep-biesagheid across the board.

Op Vrydae innie Gaidien hys kon jy jou tanne slyp vi lekkie soet geelrys, Kentucky hoene, sweetcorn, butternut in kaneelstok gekoek –Gakkie se favourite – en poering. Maa dié Vrydag het een vannie klein kinnes naargeraak langsie tafel. Farieda die oudste vannie kleinkinnes het haa innie badkame gan help soes Mareldia gevarit. Farieda wiettie wat byrie tafel gebeuritie, maa toe sy vi Mareldia wil vra oo haa kos wat sy nie klaa gemak et ie, toe kry sy haa ouma steam oorrie skorregoed. Sy't dadelik rewind trug na die kame.

3.

“Wat makee die blerrie jong? Die blerrie papbek, yttanne, dom dôner, slipdisk, gangerine vrot voet vullis. Vi my sê hoeveel stukke hoene my kleinkinnes kan iet? Asof hy hie sy paypakkie ytspoel. Die liberty, vebeel jou. Vriet soese vark wat se vingies oek tanne het vol self-vetroue – vals mind you. En dan asof hy soe grootgemaak is, vie hy wragtag sy hanne annie rooti af. Fok ek het my soe gewalg. En toe ek iets sê, sê hy my rootis het hy virrie vadoekie confuse. Van wanne lyk 'n vadoek soes pan-fried dieg? Sy mase vyl...oooh. Lat ek myself kee. Kom hie met sy slagpat-willie-wêkie gedagtes en wind my op ommat hy nie skoolgelerentyd hettie. Hy skyl agte dai backwardness. Mark my words. Trek ammel 'n wolmussie oo hulle kop, maa die Mareldia Gaidien, sysie van hie rond ie. Nie 'n plattelandse meisie wat vi flou jokes vallie, ha-ah. Ek's 'n Kapenaar. Ôs is wise-up en ôs mis niks. Dink hy kannie lady yt my trek, ha-aah! Ek's 'n dame. Ek kan my gedra.

Jong ek is soe kwaad nou soewhallaai. Daa moen ek nog sy fokken skorregoed oek was! 'n Meid wies. Nie sy meid ie, dais for sure. Ja Allah moet my vegiewe vi my thoughts, maa yt watte gat het die jong nou eintlik gekryp man? Die waatlemoen was even vi Gakkie se standards oplettend. Gakkie het twie kee van sy bôd opgekyk, en dai wil gedoen wies. Dai man pratie ees as hy iettie. Tussen die butternut, soet geelrys, sweetcorn en Kentucky hoene, kry jy nie rêrag iets yt hommie. En maatjie maak asof daa nie ees fout merrit issie. Ek mien maa, hoe vriet jy waatlemoen omme tafel met decent mense, dan spieg jy die blerrie pitjies in jou fokken hand man. Mossag! Hond mossag! Wie te dôner doen dit? Ennie saggies, jy hoorie 'ppt-ppt' soes sy paplippe die pitjies probee wys wies baas. Suwhallaai it was iets om te anskou. Wat moet jy tussen jou ore het om te dink it kan okay wies? Seriously. Wat wiet ek of hy iewen sy bek soggens borsel. Sy cardigan sê kla alles.

Dan lat hy my kleinkind kwaak van disgust en accuse haa van sieke mettie lyf is. Hy't 'n vyl plak man. Guts om te dink dai was fine om soema soe los en vas te yte. Nooit wee sal dié huis waatlemoen bedien in sy midde nie, nooit wee! Joh hy kan bly wies Gakkie bring hom hie en is

na Jumuah, want suwhallaai assit nie 'n heilagge dag wassie, sal ek sy lielike wolletjies cardigan oo sy kop getrekit en hom hie ytgemoerit lat hy op sy gat trek tot oppie pavement. Die vyl mase ..."

"Vrou ôs is reg virrie tea!"

"Two minutes!"

Zackareyah en Zaghrah

'n Mens wôtie wakke oppe normal Donneragoggen, nat tussen jou biene, dripping met despair nie. Nie na jou dokte jou pregnancy clearly viable verklaar et en jou unborns se kansse vi survivalmet 90% vehoog etie. Mens kan oekie jou man wakke maak mettie urgency van in premature labour is, wanne die marriage alreeds soveel setbacks gesuffer et ie. Soe jy share aire die nuus met jou se ma, wan sy'sie een wat actually haa dogte Paarl hospitaal se emergency ward toe gan ry.

Die dokte het die possibility van soe 'n dag voorie tyd bekend gemaak, maa mens bly mos maa altyd hopeful. Faithful. Ôs gloe Allah is kadier en mens wil ampe met conviction sê at least een baby sal kan survive. MÓét survive, at least een.

Byrie hospital skarrel die nurses oppie 2de vloer rond. Jy present van aansiens 'n oversized bump op 27 wieke, 5 dae ennie nursies kannie help om ie whale bump te mistake virre full term ie. Jy kan oekie vewag die nursies moet wiet vannie undiagnosed swak baar, wat eintlik nooit virre plural pregnancy designed issie – oekie eintlik virre single een ie. Soe jy act soe innocent soes wat jy is oo dai fact. Jy was nooit gesê dat ie first born 'n miracle baby wassie. Jy bother nie ees ommie man op datum te bring toe hy byrie examination room inkom ie. Mens gooi nie paraffin oor die vlamme nie.

2.

Julle sit maa daa en catch op, als soe boe langs. Dan bring die nurses vi jou die nuus soese doodstydning: Jy moet kennis dra dat op 27 wieke en 5 dae is jou pregnancy nie 'viable' ie en daavoo sal jynie die volle medical care en intervention kan kry nie. As jy die babies nog tot 28 wieke kan dra, dan issit all hands-on deck en nié elkeen vi syself en God vi ammel ie. Jylag hardop oor die ridiculousness vannit en besef die is die reality vannie saak, soe mens ruk maa jousef reg en tawakkal op Allah se infinite wisdom en divine plan.

3.

'n Kame wôd vi jou assign enne patient tag wôd an jou een arm attach. Tyd tick unnoticed vebly te wyl jy halfway inne lê position, mette koel bedsheet covered lê. Labour persist non-stop en elke opportunity om te praat en thoughts te share wôd sparingly ge-exercise. Verre wôd jy aanbeveel om oppie linke sy te lê en diep asem te hal. It help gloe en provide meer oxygen virre baby. Blyk als is in Allah se takdeer.

Die hospital se policy is dat die birthing partners na 'n siekere tyd hulle velof moet vat. Die idea van in solitude die unknown face, wôd mette swaa hart ontvang. Gelaat sône stem en onne pain, loep ie minute eindeloos en jy voel asof jy inne endless vortex sône miere en vloereloep.

Endless spinning, inhaling, exhaling, breathing. Jy is in labour en ammel is weg. Mens wiet it. Jy wietjie hoe nie, maa jy kannit voel. Jy dink thikr is ie antwood om jou te relieve, maa jy relive die soentjie wattie man op jou vookop gelos et ennie twie treë weg tot hy agterie curtains vedwyn asse omen. Jy voel die bygeloefies test jou faith. Elke sel in jou body repeat jou ouma se woore dai tyd: “Asse vrou geboorte gie, staan sy met een voet innie graf.”

4.

“Allahuma sallie Allah sayhiedienaa Muhammad, wa ala aliehie sayhiedienaa Muhammad...” chant jy salawaat soes jou ma, as sy jou afgespons het as jy siek was.

’n Emotional outpour protest saggies oore krakenne stem en nog sabr wôd mee standvastag gemaak. Mens is mos geloewig en therefore vat jy als in jou stride. Jy tawakkal dat Allah is kadier en dat jou Rabb jou nooit sal forsake ie. Met dit in gedagte trotseer jy die merciless contractions en na careful consideration, kom jy tottie beslyt dat die tyd vi action wel ryp is en jy nou sal respond, come what may.

Jy maak ’n stêk nieyat, vra vi Allah complete shifaa en focus oppie episode van *Grey’s Anatomy* oo childbirth. Jy position ’n swaa moeg gat innie missionary en trek knieë op, ready virre definite delivery. Jy is nou grateful vi die continuous commitment van elke Woensdag religiously *Grey’s Anatomy* kyk en begin oppie clock ookant ie hospitaal kooi concentrate. Die sekonde wyser begin die countdown en jy klou hanne stiewag ommie staal bedrails, lig jou half op inne crunch position, synchronize die telling vannie horlosie en time die contractions met textbook accuracy.

“Biesmiella.”

5.

Die calculated brace position, assisted mettie staal side railings wat resistance offer, conquer waves wat rondom die waist en af oppie diaphragm en pelvic push. Daa gebee iets. Jy voelit. Iets. Jy drairie kop sideways as jy die sensation suspend en spits albei ore ommie clock se ticking as guidance te volg tewel jy count en hold. Mens wiet jy kannie relax ie, jy moet hold en wag virre next wave. In *Grey’s* repeat die episodes die advice en jy onthou dai advice. Die momentum moet maintain wôd – breathe and brace. Die process is demanding. Jy is in jou element. Jy het nog tyd vi jousef admire en oppie skoue slat, tot die holosie weerie focus demand. Die twiede hand tel die tyd en announce die oomblikke van brace en hold an. Nogge contraction kryp nare, maa by dié tyd wêk ie body ennie clock saam soes synchronized swimmers, in time en on point. Toe vul ’n strange coolness die kanaal tot inwendig en jy commit jou laaste effort na ’n endgame. Die incubator release ie baby.

6.

Jy skep 'n asemptie inne sigh of relief en beide biene relax, nog altyd split apart. 'n Paa kot exhales follow, enne involuntary recline overwhelm jou. Maa die vlugtige rus wôd alarmingly gou interrupt deerie eerie silence ennie continuous ticking vannie holosie. Babies announce mos hulself wanne hulle die wêrel inkom. Hulle hyl mos, maa die holosie is al geraas wat innie stil kame echo. 'n Ondraaglik moë body kom oerent en gewaar 'n klein menslike liggaampie innie fetal position, doodstil. Die absence vannie removal vannie mucus plug innie baby se keel manoeuvre in *Grey's Anatomy* klap jou stom klip hart en wôd 'n immediate emergency. Jy lui die klokkie en alert die nurses.

7.

Staff kom panicky ingehaloep en even more na hulle die stil mensie tussen moë boure sien lê. Daa issie tyd vi interrogation of kwaad raak ie. 'n Baseline moet establish wôd. Jy hourie klein borsie dop en soek 'n rise en fall, maa die observation wôd interrupt dee quick medical intervention. Jy wôd self an gepiete – arms en biene, maarie ma se kalm oë follow die miracle van hand tot hand – soes hy delicately travel. Dan velaat die kleintjie die saal inne incubator wat mens ie ees genotice het was innie kame gebring ie. Jy sallit soe appreciate et as die kleintjie nie soe vinnag moes weg ie.

“Ek moes na sy gesiggie gekykit. Ek't ie ees 'n volle prentjie in my mind nou record ie.”

Die nurse assure jou dat daa wasse pulse, maa baby need immediate medical interventions stat. Jy wys dankbaarheid politely en sê inshallah instinctively, vi baby se complete shifaa.

“Klein Zackareyah. En wat vannie nageboorte?”

Mens wôd instruct om te relax en ees less active te wies. It lyk ie offe twiede geboorte gou gan follow nie. Doktes gan consult hulle kringe tewylie labour pains persist. Wat maak mens in soe 'n geval? Mens doen sieke wat jy vertel wôd is voodelig en bly stil. Tjoepstil. Wee verdwynammel agterie godyne en trotse moederlike hanne vryf oore nog steeds preggy-pens mette proud sense of accomplishment. Jy dink hoe hulle 'n dag ytmekaa gan vejaa en wat dai beplanning sal na lyk. Trek mens die een die een birthday voo en dan die anne? Jy wonne hoe it sal kan wêk en hoe die storie gan klink om te vetel, ve'al as hulle it an hulle vrinne gan vetel. Twins vejaa mos maa oppie selle dag gewoonlik. Soes jy en jou suste. 5 Minute ytmekaa gebore. Jy remind joueself dat jy die beste gedoen et wat jy kon: “Ek isse ma. Ek't gedoen watte ma die beste doen. Als.”

8.

Manlief kry die nuus vannie geboote en kom ziyaarat meteens. Jy is bly omme bekende gesig te sien. 'n Kot visit though, wan die ambulance staff was gesummons om jou na 'n different

hospital te transfer. Jy het nou 'n human incubator virre shy meisiekind gewôd wat in Tygerburg hospital haa verskyning sal maak, onne bieter medical conditions. Soe vedydelik die kenners. Soes voorheen is daa wee angstage good-byes voorie journey Tygerberg toe. Kraam plaag nog altyd mens se endurance ennie ambulance staff vedydelik vannie value van oppie linker sy bly lê. Maa die draie is skêp ennie gurney, although geanker doenie juis justice anne 180-degree pregnant lyfie wat rond rol soese mielie wat gebotter wôtie. Jy brace maa en maak thikr toe oë. Mettie aankoms travel ammel 'n paa vloere op en baby skop drie kee stêk, `consecutively. Jy waardeer die reminder ennie inloe en dink soon sal die baba die wêrel intrie. Innie groot saal wat met curtain walls en klein spaces ingewheel, die hand over conclude, hoo mens vrouens chatter asof daa 'n sale is wat nou anytime gan begin. Niks tyd wôd gemos of veloo, en as soon as wat jy gesettle is, kom daa 'n jong nursie en bring 'n contraption om die baby te monitor.

“Ek hoor glad nie 'n heartbeat nie.”

'n Ouer nurse, vaal geskrik, sprint nader en trek ie curtains an asof it privacy kan offer. Jy is yt jou geloef geskrik en stare puzzled terug.

“Ek't haar nou sopas innie elevator voel skop, drie kee! Hoe is it moontlik?”

Byte die frame van understanding sluk jy die info ennie jong nursie disappear deerie curtain corner. Jy sien 'n ultrasound appear deerie gap innie curtain ennie machine wôd angekoppel en angesit. Sure enough, lê die lyfie stil oppie skerm in plain black en white. Mens kyk narie skerm en voel woore beur op yt jou krop, maa mens se lippe is ge-superglue. Die gryskopnurse point narie absent flash wat moes getyg van liewe.

“Hier sou 'n flikker gewees het Mamma,” flyt sy dee haa tanne.

“God se wil,” sê mens met nat oë. Die masjien wôd ytgestoot en oek jy self. Jy qualify nie nou mee virrie saal ie. Jy moet nou êrens annes weg vannie preggy-bellies gan wag tot jou kind gebore kan wôd. Jy is inne single oomblik ytie running disqualify. Die nurses stoot jou yt en avoid eye contact at all cost. Emotionally suspended haloep die gears in jou kop in slow motion. Wanne die kooi gepark en secure staan, bly jou oë net knip, tewyl jy die ceiling photograph ingedagte.

9.

Jou neighbour vebriek die stilte toe sy casually praat asof daa alreeds kennis gemaak was. Jy continue die stilte. Die staring narie dak en reality het jou volle aandag. Die unnoticed neighbour hou aan chatter agte 'n screen en ignore die somber change in mood wat saamie kooi ingewheel was. Sy vedydelik sône enquiry wavoo sy daa lê en dat sy nou al moeg is vi wag vi wanne die medicine gan kom om haa deceased baby innie wêrel in te bring. Jy voel die woore dee jou siel stiek en hoe sharp it in jou ore pierce, an en an en an. Jy vat offense innie assumptions dat als dit in soe 'n lig en met soveel casualness address kan wôd. En dat nieman ees gebother et om te vra of jy die labouring process wat nou surely gan stop, wil reschedule vi

later ie. Ees dan met medication die process wee wil voort sittie. Ingewheel sonne consultation of vedydelikng. Die onsteltenis is geweldig.

Die ignored neighbour continue soese cockatoo en share haa condolences wat soes pyle oor die screen nie 'n fok missie. Jy voel soese rys strainer, alles loop dee, yt. Toe maak mens 'n choice, vat charge soes vooheen en fulfill die amaanat vanne dogte wat haa ma sou meet. Jy trek dai gehawende see lyf op, skyf dai swaa bekken soes vooheen innie missionary position en durf round two. Wee wôd die holosie oppie muur ingelyf en part en partial vannie operation. Gebrace tussen die twee staal sidebars vannie kooi tel jy af en volg die sekondewyser.

“Een, twee ...”

Die conversation tussen vlees en velange vloei in subliminal verse.

“Een, twee ...”

Stil met nette holosie se tick enne moeder se determination, repeat history homself urgently. Soes tevore speel die sequence of events basically the same tot byrie klokke wat agtena ly, maa die kee skets die ma ees haa meisiekind se gesiggie, just in case. Klein Zaghrah is poenankies. 'n Perfect portrait. Die nurses skarrel alwee rond en follow hulle protocols diligently. Mens wag maa patiently tot jy die toontjies en vingertjies kan tel. Finally, kan jy it doen en jy request 'n extra laken wat jy soese tentjie oo jou en meisiekind gooi vi privacy. Jy kry soema extra kussings oek soedat jy gemaklik op kan sit met jou biene opgetrek, soedat meisiekind innie mik van jou boue gemaklik hook en daa lê. Mens is nou face to face met meisiekind.

10.

Innie tentjie maak jy die baby blanket oep om klein Zaghrah te behoelik te aanskou. Die ballerina armpie nou geset om haa koppie sit paused soes assie wind up time wat inne kiddie jewelry box ytgehadloop et. Frozen in motion. Jou ballerina dogtetjie is finally hie. Zaghra is gorgeous. Jy vestaan hoekom die beautiful ballerina nooit virrie wêreld bedoel issie. Jy sien die wisdom vannit all at once en smile met nat oë en maak sabr. Jy gebryk jou imagination en move baby se wangetjies, voorit oek pause omme smile enne frown te simulate. Sy lyk soes sy slaap, peaceful. Jy appreciate die wonder en miracle, maa wôd interrupt toe jy 'n straaljie wate sien trickle uit haa nies. Jy wiet die brein issie eeste deel om te begin decompose en jy acknowledge die feit, no matter how cold, jy wiet. Jy alert die nurses en handag vi baby wat nog ongeskonde alhoewel dood nou die physical transition van defined dood sal moet gan beleef, die mortuary. Die nurse baklei tien solid eye contact en receive die toe parcel met care. Met haste travel sy yt maa jy roepwee yt en maak 'n request wattie nurse in haa tracks stop.

“Gooi haa toe asseblief. Dis koud innie yskas.”

Die nursie nod en verdwyn agter die curtain. It wasse lang dag. Jy is drained. Jy raak comfortable en find peace. Jy vedia et. Jy het nogge solitude birth survive.

Manlief arrive en vind sy pad na sy vrou. Hy maak jou wakke en notice die bump is kleiner as vooheen.

“Ek’t trein gesteel. Wat het gebee? Waa is Zaghra?”

Jy kannie gloe it was in jou hanne gelos om die horrible news face to face te share nie. Mens wil furiously respond ennie klokkie druk, maa jy dink it moet gedoen wôd anyway, soe jy kry wee strength en maak soe.

Jy druk die klokkie ennie nursies escort die man om sy dogte te gan ontmoet. Die man bly lang weg en jy kanniedai ontmoetting imagine ie. Dood is nou in sy volle glory en jou man gan changed trugkom. Koud. Mens ontmoet ie jou dogte soe nie – nie die way nie. Manlief return met hospital staff, ’n porter mette wheelchair en jy wôd saam ie ambulance na jou suun innie Paarl getransport. A concession was gemaak, familie moes die surviving suun gan support. Jy wietie of dai, generous of ut of sight, out of mind gedagte wassie, maa jy lossit daa en carry on.

Mens hou die koue lyfie wat inne pienk kombêsie oorhandig is tien jou bô. Die warm fever-like engorged bôste ennie koue cradle kontras innie kombêsie en maak glad ie ’n smooth match ie. Mens hoep die encapsulated fighter innie incubator sallie offering wat al nat tienie lining tien jou bô kleef en dee bloei ten volle kan appreciate. Die koue pienk blankie oppe moë skoot wôd narie ambulance se pick up point gewheel in silence. Die wiele sing.

“Zaghras?” sê hy.

“Ja.”

Virre moment change die internal mood ennie cold reality sypel deerie sagte pienk kombêsie, maa bounce trug. No reception. Trane loep binnetoe en vedrink die hoep van ooit ’n dogtekind het, hidden vanammel.

On arrival in Paarl, shift die focus immediately en Zackareyah raak imperative. Manlief vat Zaghra en gan complete die paperwork byrie hospital coroners vi haa janaza wat nou sône delays conclude sal wôd virrie selle dag, voo sononnegang. Die dokte on call is teenwoodag en report dat Zackareyah goed doen en soon bôsmelk sal kan consume. Jy sigh van relief en dankbaarheid, maa is short lived, wan jy konnie ees jou koue KFC klaa maakie of jy wôd ingeroep wan daa’s ’n emergency. ’n Stomach viruspose ’n threat en jy moet choose tussen jou dogte se funeral attend of onvesieke staan langs jou suun oppie Mecca wat fight vi sy lieue. Mens besef, dood is weg en by Allah, soe jy support life. Narie janaza kom visit die janaza-goers. Die family wat jou dogte gan bêre et. Die janaza wat jy gemis et. Tien die tyd is daa nog baie hoep soe jy gie hopeful reports en vat soema die geleentheid om te shower en vars klere an te

trek. En although die 'n dag van utter sadness moet wies, kan mens nie die possibility vanne miracle deny nie. Mens is religious soes dai.

12.

Mens continue die wêk by baby Zackareyah se side en recite yt memory dele vannie Quran. Jou man join na die afhandeling van als virrie funeral. Manlief was last man standing. Hettie bolletjie self innie gat geplace en toegemaak. Mens sien manlief is stil en kryp binne homself weg, soe jy vra nie vra nie. Jy hoorit byrie family wat kom ziyaarat et. Jy voel oekdie hoep van Zackareyah help, soe jy los die consoling in Allah se hanne. Soes time progress en jy saam manlief relay turns vat om Zackareyah by te staan, begin daa rooi bubbles yt baba se nies te blaas. Mens dink oo die gehoorsame kind wat fight omdat sy ma it van hom velang en jy beslyt 'n goeie ma vewag nie soe baie van haa kind ie. 'n Goeie ma gan soms against haaself en doen wat norag is, nie wat haa verlange issie. Jy nooi die pa narie corridor byte die saal en share die thoughts en feelings wat jy nou voel. Jy kry immediate afstoot en pa reject die ideas wat jy wil tys bring. Jy argue die wisdom en pa raak stil, for a while. Manlief kom trug en re-awake sy reg om te beslyt maa concede ma's wiet generally van biete. Maa in kahoots is hy definitely nie. Jy aanvaar die concession en pa gaan sit by Zackareyah. Jy wag tot pa die signal gie en julle switch. It was tyd virrie mothersontalk. Jy sit jou giant pinkie in Zackareyah se hand en hy hou it tight while hy sy ma anluiste. Toe oë.

“Mamma is baie proud van jou, maa as jy moeg is my kind, slaap. Slaap!”

Issie ees 'n minuut ie en allie klokkies raas rondom hom. Jy wôd ytie saal ge-escort en manlief wôd oek ytie communal ge-usher. Die wag voel eindeloos en hoep wôd rug tien rug defend met duahs en thikr, non-stop. Toe die doktes approach vallie hope deerie mat ennie situation is mee as wat ienagge parent kan endure. Die doktes need 'n joint decision ommie masjiene af te skakel. Die life-support is of no consequence en die prognosis is definite. No quality of life as oxygen vi te lank deprive is vannie brein. Nature sal hie moet intree. Die news stab mens innie hart en jy voel beside jouself. Jou binneste maal en kolk, maa jy loep narie klein bedjie en soen vi Zackareyah oppie vookop en flyste in sy oor. Jy vattie blou kombêsie en teddies in een swoop en loep in zig zags –vorentoe narie exit –swaa voete, een-voor-ee. Binne jouself hette switch oek getrip –niks om te sê–no sense of time –space –niks om mee te gie nie. Mens was kla.

Jy keer huiswaarts sône hope, sône geloef, ma mee belangrik, kee jy hyswaarts sône liewe.

Naalwêk

Mamma se naalwêkkissie is plasticmet woven patterns soese Moses basket. Cream mette bryn handle. Die skyfies slide altwie links wat die kissie lock. As ek dai kissie dra, is ek my 'ouma se kind'. Die een wat sy onne haa vlerk hou, innie liewe lee, enklein epiphanies mee deel. Naalwêk isse moment wat ôs deel enne skill wat ek beyond haa tyd an my dogtes sal lee. Sy't my lee hiekel, brei, borduur en tapestries doen. In dié cream en bryn kissie sal mens al haa metejalis, soes gare – innie allie colours – en naalde – in allie lengtes en oegie grotes – vind. Haa maatband; haa rône plastic spelde boksie mettie spons oppie deksel ommie spelde in te stiek; tape measure en skêr is daa in te vinde. Daa was oek 'n speldekussing anne band wat sy om haa arm sou dra om spelde vas te stiek vi quick-quick retrieval. Opperolde goue gare en linte, secured mette speld en Mamma se manual fan wat sy ytie makka gebring et is oek daa in. Innie compatementalised traytjie wat netjies innie kissie pas, is Mamma se knoepies, hooks and eyes, hakspelde, press studs en vingerhoeres.

"Iza apha, ndifuna wena."

"Ja Mamma?"

"Gooi diehen-and-chickens ennie delicious monsters innie jaat nat kanala. Ek't kla die annes voo gewate."

"Okay Mamma."

"Ek gan nou my stories kyk. As jy klaa is bring jy jou skoeneboksie lat ôs dai outfit vi jou langbienpop kan klaa stitch."

"Tramakassie Mamma. Ek wiet watte knoepies ek gan opsit. Mammie hette niese sak offcuts en scraps van Antie Bieba dressmaker gebring. Ek't it saamgebring. Is daa binne by my sakke."

"Okay, maa ek soek niks geknoeiery nie. As jy wil hê ek moet jou help moet jy regte wêk doen."

"Nuu Mamma, ek gaan als hoo en doen wat Mamma sê."

2.

Mamma sit op Boeya se burgundy stoel in hulle kame, wan as Mamma haa kooi opgemaak et ie oggend mag jy nie 'n krukkel op haa bedspread maakie. Die bedspread is oor die kussings getrek en et lyk soes innie furniture brochures. Die voue is precise. Alles straight. Ek gan sit oppie fluffy mat wat Mamma se kame in ge-outfit is. Die mat wat ek al meemale al op annie slaap geraak et as my ma'le te laat kuie. Mamma se kame is altyd perfect en cosy soese niese. Agterie dee kry

jyrie ingeboude kaste wattie hele muur cover. Die TV-kas is innie ytgeboude area wat vannie kame ytloep, ge-situate. Ek love die kas wan as jy wil TV kyk moet jy die kas se dee oep trek en as jy klaa is maak jyrit toe. Is soese magic trick. Kwai. Mamma se dresser staan diagonaly innie opposite hoek wat dai hoek kinda rond lat voel en Mamma se vanity spieële point altyd in, soe mens sien drie van jouself as jy daa voo staan. Tussen ie dresser ennie kooi issie burgundy stoel, ennie upholstered stoel met straight bryn pote en curved arm rests. Die latter is die stoel wat op gesit wôd as jy TV kyk.

Die matching bedroom set is in beautiful two-tone houtte designed mette padded headboard. Die side tables is attached. As ek in dié kame is, voel ek soe gerus. Altyd.

Mamma sit met haa naalwêkkissie oep oppie kooi en sy het vannie objects al ytgepak, maa issie laaste part van haa stories en Bo is nou finally wee saam Hope. Mamma sit met haa knieë langs mekaa, met haa voete gecross. Haa colourful geblomde hysrokkie, soes Mamma et roep, stiek onne haa check overall yt. Sy't pantyhose an. Op haa kop is haa hysdoekie, 'n dun wit triangular doek met lang punte wat sy om haa uil bolla drai totit getie wôd. Sy't die voo en agtehek se slytels en klomp anne goed in haa apron pockets, albei kante, wat langs haa biene clearly wys. Haa hanne is gevou in haa skoot en sy klou an haa gestrykte sakdoek in haa regte hand. Die sakdoekisse definite sign van trane, wan Mamma is ieman wat virrie charactes oppie TV skrie asof hulle haa warnings kan hoo. Mamma kan haa dood hyl en skel oorrie stuk oppie TV en ôs mag ie met haa praat assit op issie. Sy instruct ôs kleinkinnes om ôs oë toe te maak as hulle oppie TV soen, maa ek loe dee my vinges assit opkom, wan ek like sien waaoo Mamma soe perform. Oppie TV vat Bo vi Hope in sy arms en soes hulle soen klap Mamma haa hanne en skrie van blydschap lat ék even skrik. My ouma se oë blink en sy smile bried oo Bo en Hope wat mekaa nou wee finally gevind et. Ek smile oek saam, op my eie.

“Lekke! Goetsjoe! Nou kan Larry gan kak!”

3.

Ek sit altyd en kyk hoe Mamma kos maak, uiwe chop soese pro chop of met haa plante praat; of haa emotionally invest in haa stories of even net die wasgoed vou. Mamma is vi my 'n hero en my perfect image vanne getroude vrou. Alles oppe plek enne plek vi alles. Soe as jy saam haa kan crafts doen moet jy altyd ees oefen voo jy die actual ding kan aanvat. Ek stiek die gare dee en trek, regdee, wee yt. Ek try wee. Sy's patient met my en loe my oo haa bril every now and again soes sy mette halwe oeg die TV oek volg. Ek try wee, wee yt! Ek sit comfortably oppie grond, gekrydsde biene mettie lappie in my skoot. Ek stitch en trek wee dee.

“Wat maak jy daa. Lat ek sien?”

“Ek wiet ek moerit stop net voorit deekom, Mamma, maa ek dink ek trek sieke te hat.”

“Nuu kind, jy sittie pot heeltemal mis man. Sien julle new-age kinnes wil nou bietere wiet hoe om te stitch omdat julle mos oppie skool dié lee. Lat ek jou wys wat wêk soese bom. Kyk nou hie. Los ees dai lappies yt. Kyk jy hie wat ek doen. Jy vat die gare en trekkie ees gelyk deerie oegie vannie naald. Right. Nou maak jy die punte ees bietjie nat in jou mond liggies en dan vat jy die ente in jou duim en wysvinge. Draai die gare wee om jou wysvinge larit deerie twee vingies towards jou rol. Dan trek en rol jy die gare tussen in en trek die naald en gerolde ente van mekaa. Daa. It het nou vanself geknoep. Nou as jy deestiek sal it stop annie anne kant vanie material. Try nou.”

“Joh Mamma. Kwai!”

“Nou stictch an lat ek sien of jy oppie lyn wat ek getrekkie kan bly.”

“Soe Mamma. Lyk die reg?”

“Try ommie stiekies dieselfde lengte oek te hou en moenie soe hard trekkie, jou material trek saam. Alles moet plat bly.”

“Okay Mamma.”

Ek sit en concentrate op die stitches enit sak op my by dat my ouma oppe tyd die stitches vi al haa dogtes geleerit.

“Mamma wassit swaa om soe baie kinnes te het?”

Mamma kyk narie TV wat innie background 'n ad oo krismis speel en respond sône om my directly te kyk.

“Met my laaste kind was ek al gatvol en kan my nie indink om wee nogge mondjie in dié hys te hettie. Toe klim ek op dai hoë kassie wat jy daa innie kombys sien en spring af mettie hoep die kind gan veby kom.”

“... Hoe sê Mamma?”

Die reflektiewe spieëlbeeld

Bapa gloe allie pad innie belangrikheid van ôs droeme. Die nabie s.a.w, peace be upon him, het gesê: "A dream will take effect according to how it is interpreted, therefore tell your dreams only to knowledgeable persons and loved ones."

Ek droem gereeld, maa snaakse droeme. Need altyd vi Bapa om te tafsieer. En voo Bapa nie tafsieer ie, kan ekkie gerus raakie. Ek kannit ie self ytlê nie. Issie vi ammel gegun om droemtaal te vestaan ie. My suste sê droeme voo fajr is moestadjab – waarheid. Sy sê ek moet ie dua voo ek gan slaap nooit vegietie. Sy sê it sal my beskerm tienie bad droeme. Ek kannie die dua yt my kop onthou nie. Ek herrit opgeplak annie side van my kooi: "Allahumma bi'smika amootu wa aaghayaa." Soggens voo ek ienagge iets doen, remind sy my about die dua na ek wakke raak: "Al-hamdu lillaah hillaathee aghyaana ba'adma amaatan-naa wa ielayhie al-nushoor." Ek doenit met geloef, cause my droeme scare my al virre while. Ghaliefa sê as ek goeie droeme wil droem, moet ek Lesson 15 in ôs madrassa kitaab fa'm maak. How to obtain good dreams in Islam:

1. Sleep after Eshaa prayer.
2. Read your dua before sleep.
3. Recite Ayatul Kursy before sleep.
4. Sleep in a clean bed.
5. Sleep while facing Qibla.
6. Remember Allah before going to sleep.
7. Take wudu before going to sleep.

Ek maak soe, maa ek droem steeds allie weirdste shit. Ek droem nou al as ek wakke oek sit. Bapa bly innie Elsie en ek sien hom net as my pa hom mis, soe ek moet maa try onthou. Soedat ek Bapa kan vetel en hyrit dan tafsieer. Bapa het my laas gesê ek moerit maa nee skryf, soe nou hou ekke droem journal. Ek wietie mee nie. Ek't Derra gevra of hulle my kan lat ytmantra of dalk 'n azeemat lat kry, of bana wate lat drink. Maa hulle sê ek is mal, bygeloefies mal. Ek worry nie wat Mammie-hulle sê nie, ek wiet my droeme praat met my.

2.

Sarag sê Derra ôs moet lunch pak wan ôs gan Elsie toe. Ek dink, good shot ek kan my droem journal nou saamvat en vi Bapa lat lies. Dan sal ek anwoore hê, ytvind of ek dalk mettie helmet gebore is. My broe Fawaas sê soe. Hy vind die hele ding kak funny. Hy's soe 'n gemôs, hy't een aand my ampe in my broek lat pis van skrik. Toe die fokker hoo Mammie vra my ommie venstes toe te maak, gan staan hy met Derra se vis-flashlight onne sy ken soese spoek. Mammie was soe kwaad oor die commotion dat ammel net klaa moes salaah, iet en gan vrek. Hy is soe inconsiderate soes dai. Ek't nog hyswêk gehad. Moes dai oggen die bus vat ennit oppie bus klaa

maak. 'n Mens moet sieke maa 'n broe soes dai het, is whaajieb sê Mammie as sy na my kyk en met haa sagte oë smile as ek by haa gan hyl oo hom.

3.

Soe ôs is toe hiedee Elsies toe. Ek love Elsies. Bapa se workshop en sy Van Rijn cigarettes se roek wat ek inasem. It ryk soes hy, asof dai sy fragrance is, nie 'n manufactured smell ie. Beyond die dee innie kitchen waa sy workshop is, taklieed jy na 'n anne wêrel. Jy kan die slim innie lug ryk. Tyers wat brand en intelligence wat in dampe hang. Dis my oupa, 'n sak vol planne soes hy voo bekend is. No problem ever without 'n oplossing. Hy't eendag toe my pa se kar se wipers nie wil wêkie, 'n tou gevat enne paa loops ommie arms vannie wipers getie enne manual operated harness create waa die wipers kan operate. My ma moes, tewyl my pa ry die tou ritmies links en regs trek ommie wipers se automatic action te simulate. En dis hoe ôs trug Paarl toe kon ry dai Sondag. Ek't niks gesê nie, net gekyk. Bapa was vanne anne daraja, lightyears voo ôs. Ek't hom dai dag soe admire. Mamma het ôse blankie virrie koue gegie en Mammie was lekkie natgeriën.

4.

Ôs het somme langsie N1 gelunch, op koue Kentucky, potato wedges, bakebeansen sweetcorn straight ytie blikkie.

5.

Ek't vi Bapa my droem journal gegie enne stilte het die workshop toegesak. Met bril oppie nies lies Bapa:

Droem joernaal #1

dag, maand, jaar

Bl.1

Ek lê met my voorkop teen die bus se glas en staar na die wêreld wat soos 'n film verby my speel. Skielik 'fade' die omgewing en ek verskyn in 'n leë wit plek. Ek voel nie soos die storie se narrator nie, meer soos 'n karakter in die agtergrond. In die verte staan 'n vreemde wese, lang uitgereek, gekronkel en in 'loops'ontwerp, sy lyf maak eindelose krokkels en krulle wat jy nie juis kan volg nie. Sy gesig is vol vratte. Ek voel of ek binne 'n buite-liggaam-ervaring, binne 'n buite-liggaam-ervaring inne 'n eggo leef. Die reflektiewe spieëlbeeld maak my duislig en ek beweeg my kop links en regs, om uit te werk wat's wat.

Bl.2

Die vrat-gevreet wese, flop vorentoe in 'n vreemde sleep-agtige beweging wat dit laat lyk asof hy soos 'n slak vorentoe seil. 'n Vreeslike grom ontsnap sy oorgroot blou-pers lippe. Sy los-ledemate 'wobble' met elke beweging en sy kop flop soos 'n 'bobblehead' 'dashboard' mannetjie, vrolik. Die kinderlike houdinglaat my gerus voel. Asof ek amper geregtig is om veilig te voel, speels.

Die hele toneel speel af in 'n eindelose wit ruimte. Niks het definisie, direksie of spoed nie. Voor ek dit heeltemal kan absorbeer staan die uitgerektewese voor 'n doringbos. Links en regs, verby die horison op beide 'vanishing points' versprei. Hy draai histories om en besef die

Bl.3

beginpunt begin nou in die wit massa absorbeer word. Al voorwerp wat nou enige funksie het is die doringbos wat met lang sferiese arms beide kante uitsrek. Die wese staan voor die bos en kyk bewegingloos vorentoe, tjoepstil. Tyd dwaal doelloos rond opsoek na 'n wit kol, loop in sirkels anti-kloksgewys en dit se kop tik glad nie reg nie. Die wese trek sy een uitgerolde tentakel versigtig en steek dit stadig deur 'n klein gatjie in die heining. Hy beweeg een raam per sekonde. Sy krulle krul so ver, dat ek die 'display' aan die ander kant van die doringbos kan waarneem. Meteens sonder waaskuwing gryp die bos hom vas en suig sy tentakel totdat sy tentakel verslap. Dit klou en suig die

Bl.4

res van homselfs meer ernstig en hy 'ooze' deur. Hy word ingetrek in rame. Hy's ingetrek en ingesluk. My hard klop vinnig en ek voel hulpeloos. Bloedstollende gromme eggo deur die eindelose wit vertrek soos die vratte van hom afgeskeer word en oranje vullis in pyn uitvloei. Geen klank kan sy gromme oorrompel nie en ek 'hyperventilate' onophoudelik totdat die weerspieëelde prentjies wat soos kaarte in perfekte duplicate in lyn staan, stadig beweeg, op mekaar gly en die doringbos smelt en die wit met smeltende gemengde kleure vlek. Dan word ek wakker geruk deur die skoolbus wat stop en die laggende kinders op die bus.

Bapa sit die boek nee langs hom en tel dit onmiddelik weer op en blaai daa dee sône om rêrag te lies. Na 'n miniet van stilte, wat voel asof it al die warmth yt die gewoonlik warm vetrek trek beslyt ek om te praat,

“Wat mien dai Bapa?”

“Hoe't jy na jy wakke geskriket gevoel?”

“Net weird Bapa, benoud en guilty. Ammel het ytie bus yt geklim, maa nie ekkie. It was asof ek stokstyf gefreeze was.”

“Soe jou vivid experience was emotional, feeling lost.”

“Soe iets ja Bapa. Kan Bapa die droem ytlê, kanala. Dit pla my non-stop.”

“Firstly kinta, om jousef inne droem te sien, mirror hoe jy innie wakke wêrel optrie kind. Is jy dalk spyt oore moontlike fout in jou veliede?”

“Ek kannie nou dink aan ietsie Bapa.”

“Okay, maa wit dui daa op dat ie droemer try om sy ou maniere en gewoontes te ve'anne. Dui oek daa op dat die droemer net voogie dat hulle ve'anne et en dat die flaws gecovertake wôd. Klinket bekend?”

“Joh, kan Bapa al's dai inne droem liês?”

“Raak ekke nerve kinta?”

“Ek's fine. Wat nog Bapa?”

“Well, dat djy innie droem net die gedoente bekyk, jousef included dui op blatant passiveness en dat jy nie juis die courage het omme standpunt in te niem of om aksie te niemie. Kan oek mien dat jy 'n spectator in jou eie wêklikheid is.”

“Okay, dié raak nou creepy Bapa.”

“Om te droem vanne monster kan oek aspects van jousef represent, dinge wat jy van jousef as afstootlik en lielik vind. Moontlik vriese of onnedrukte emotions. As jy die monster wee tiek, vind yt wie of watte aspek van jousef die monster represent, offit even jy represent.”

“Bapa is nog hoepvol virre repeat. Ek dinkie na al dié analysis wil ekkie 'n repeat hê nie. En sy vratte? Dai was soe disturbing. Die afskee en hoe hy ge-squeeze was. “

“Jy sê die monster character is gestretch, wôd gestretch? Dit kan 'n metaphor wies vi spreading yourself too thin financially, physically, emotional of timewise. Het jy druk kint? Sukke soot druk? Even ie druk, deedruk, trek, disse sign dat jy moet ophou stil bly en jou emotionsmee deal. Wat gan an met jou meisiekint? Bapa is nou bekommerd.”

“Bapa hoefie te wiesie, ek sal nou als praat, as ôsie hele picture het. Vetel vannie dorings. Ek’s ampe te bang om te vra, kom ôs gan liewes net an.”

“Dorings, om dorings in jou droem te sien kint represent trauma ytie veliede of physical suffering en dat jy moontlik ’n defense beplan. Of dat ieman ’n doring in jou liewe is. Is daa iets wat Bapa moet wiet my kint? Jy wiet jy kan met Bapa praat oo ienage iets, right?”

“Gan an Bapa. Ôs kan nou praat. Ôs gan. Gan sieke moet.”

“Is jy oraait kinta? Kom sit hie bietjie. Jy’s vaal.”

“Gan an Bapa.”

“Nou ja, dan maak ek soe.”

“Wat vannie dome Bapa? It het gelyk asof daa ’n dome oo ôs was.”

“’n Dome, dai’s actually good news. Dit betieken spiritual protection en veligting. It moet jou bietjie opcheer.”

“Daa was oek ’n fence wat van een na die anne kant ytgestretch was Bapa. Behalwe vi die klein gatjies innie thorny vines, kon ekkie freely narie anne kant gannie. Wat mean dai kanala?”

“As daa ’n gat innie heining is, represent die gat encouragement, dui op die ability om te oorkom wat oek al jou journey hinder. Dit kan oek betieken dat jou privaatheid gecompromised is... Is hie ’n concern kint? Is jou privaatheid gecompromise?”

“En colours Bapa. Daa wasse stêk colour presence, orange, annes oek, maa die orange was vannie torn vratte.”

“Colours represent energy, emotions en vibes. Bright colours dui op awareness. Kinta wat gan an? Spieg nou jou storie! Jou gesig wys jy vestaan! Praat met my!”

“Wat ek vi Bapa gan vetel issie nette storie nie, is waarheid. Promise my Bapa sal my gloe en dat nieman sal doodie. Bapa sal ees móét promise.”

“Het iemand jou seegemaak kind! By jou gekrap?”

“Promise né! Is al vi mee asse jaar. Ek willie gepraat etie. Sit nee die hamme Bapa.”

“Ek need nette naam kint, nette naam.”

“Bapa kannie.”

“Fokkie kannie, ek plieg vedag moord!”

“Ma ek sê mos Bapa sallie kan nie.”

“Hoekom nie?”

“Want mens slaan nie an bloedie.”

Die Bruidegom

As jy nie die guestlist vi my wil na gannie, sê jy eintlik, dat dai
miedourah wat my ouma, my geliefste – ampe eighty-year-old ouma my, uit haá makka-
suitcase, wat net
vannie kas afgehal wôd as sy miesval's en so-on vannie Makka af bring, of in special tye soes
dié, vi haa
kleinkind, dié bruid, soe carefully gekiessit – die een wat perfect byrie material van my wedding
dress fit
en even dieselle colour silver is wattie miedourah se randjie is, soesie sequence en lace wat
Mamma
oek yt dai selle suitcase by accident – op dai particular dag ondek et – quite incidental mind
you,
sê jy in dai sêlle asem dat ek moet protestet tien dai hoegene cap wat jou blerrie antie,
Sakeena, jóú
blerrie antie op my geforce et
en nou my nightmare virre hele dag van opgedress, geplak en geplaster,
gemake-up mee gaan expect wôd, om mee te parade
no cares
of dié dun nekkie dáí moerse peacock effect gan kan endure, assie moedourah gestiek wôd
ennie veil daa an ge-add wôtie, even more so,
hoep ek dat jy in no way met dié fake rebellion stance expect dat ek ôs ma-hulle allien moet
face asof hulle, asof ôs
free range het om te nooi wie ôs wil, daa moet gan staan oppie rooi mat en sê
hoekom antie dit en uncle dat
nie oppie final version vannie guestlist issie, wan jy wiet Mammie-hulle gan,
na hulle
ees klaa die lounge warm gestryrit na ôs drai en dan wee round two doen,
mettie Davids vs Galvaan approach,
old news soes gewoonlik, en dan assit fail – soes it altyd op ent – na ôs drai ennie list
scrutinize mette pen in ink,

permanently, suwhallaai my sabr is maa dun
 angetrek... soe kanala,
 om reasonable te wies en jou 'n goeie heads up te gie, sône real judgement,
 om dié type of action, or lack thereof te vemy,
 kan jy not-a-damn, impossibly nie imply, dat ek my nies, asofit daa hoot, innie
 behangsels, vannie bruidskamer sal moet gan indruk
 en oek force om mý klêre en metajallis, soes
 Farieda van Uncle Sanie – en ôs wiet amal hoe hulle marriage opge-eindag et, right?
 –self dan maa moet gan try inpakkie, just think about it...
 die skanne en als omdat jy nie jou kop inne byenes wil sittie
 – saam my wil sittie –
 soe dink mooi voo jy jou manly reluctance try express, wan ek might it net interprete
 asse invite
 om my maskawie te raise mette paa zero's, ja boeta,
 'trou issie pêdkoepie' en ekse anne pêd se stêt,
 so toughen up en doen wat goed is vi jou, wan as jy nie mister,
 gloe my as ek jou politely warn,
 kry ek soema 'n stuttering fit en multiply in nulle – nie dais vekeed –dan blyrit
 dieselle –nuu, ek sit nulle by,
 revert narie ou plan –en djy wiet ek kan –enek sal,
 en eksie bang vi bold gannie,
 wan ek is dai meisie –die meisie vannie Boe Kaap –
 met ha kop op haa skoues ge-anke,
 al ganet op haa troudag getorture wôd,
 ter wille vanne man wattie ees 'n guestlist wil nasien nie en haa ampe wil force
 ommie hadjies-list considerably te increase
 en haa man se ma-hulle force om nóg kriefstête en mere Kentucky-hoene
 – wat anyway oek maa net in barakatte daa gat ytstap –innie catering in te tel en dai
 giembas in mondering met platters vol, assie esteemed guests, soes wat hulle is, met

vedraagsaamheid te onhaal,
your choice.

Neesa

“Alif dua dettis an, alif dua bouwa ien, alif dua dappan oen = an, ien, oen,” Neesa recite die blerrie vers nou al vanaf na Asr, na syrie wasgoed vannie lyn gan afhal et. Die Athaan het haa byrie draad gekry. “Ek wiet jy dink Mamma praat kak, maa jy wiet die draad is byrie vyeboem. Ek noem it maa net.”

“Jý praat kak ja! Dai vyeboem storie isse fokken speek storie. Oumenspraatjies en bygloefies. Wat nog Malam?”

“Sy bly na die hoek vannie kame kyk. Sy wil hê os moet die stoel skyf en plek maak.”

“Plek maak vi wat? En vi wat issie spieële noggie toegewoo nie? Jy hou soe vas an jou bygloefies, maa dan vegiet jy ommie spieële toe te gooi.”

“Try jy dai spieël toegewoo. Ek gannie wee gemoer raakie.”

“Sy’t jou bygedam?”

“My’n moerse maaier gegie. Die bitch.”

“Bel vi Ammie. Hy sal moet kô help. Diessie’n simple majnoon saakie. Dies mantra dié.”

“Wat wiet jy van mantra en majnoon?”

“Ammie! Hy wiet mos. En jy sal moet help vashou.”

“Fiekie, moenie vi jou mal hou nie. Dis higher-grade biesagheid. It mienie jy’s ghafies en batja mooi – jy sal dié kan handle’ie. Ek het groot respek vi Ammie, maa die goed issie speletjies ie. En wat assit oo in my jump, of in jóú?”

“Ammie ken sy storie. Gan bel!”

“Raafiek?”

“Bel.”

2.

Neesa se antie was gloe deere hareragge hand geklap – een maghrieb, tewyl sy haa hare innie spieël geblowdry’et. Volgens Ammie lê die handmêk nog altyd oo ha bô. Mamma wassie geskoold ie, maa sy’t ôs altyd gewarn ommie waktu-tyd byte te speeie. En ek’t nou al genoeg gesien om te wiet haa bygloefies dra krag. Soe ek speeie mettie waarheid wat Neesa nou betrefie.

Ammie kom mette bag vol alleranne household items daa an. 'n Exorcism lyk glad ie soes wat mens innie movies sien nie. Hy ryk stêk na atter en vra ôs om abdas te gat niem. Volgens Ammie moet ôs fully beskermd wies. Terwyl ôs abdas niem pak hy 'n leë 500ml drinks bottle, 'n potjie hiening en olive oil yt. Hy vra my of ekie black seeds gekry et, maa noem oek is optional. Sy Quran, wat inne goue zip-cover protected is, sit hy vesigtag langs ie botteltjie en potjies nee. Ammie wil soelank die bana wate regkry. Ek wietie baie omtrent ytmantra nie, maa ek't al baie gehoo van dié goed. Van 'Azeemat's' en 'inne tariék gan' ken ek byrie name maa oek net vêlang. Vedag gaan ek first-hand die goed beleef. Innie kitchen vul Ammie die bottle met gewone kraan wate, sit it nee terwyl hy recite: "A-oethoebillaai himinas shaytaanie ragheem. Biesmiellaahie raghmaanie ragheem." Hy pak al die items op die serving trollie en stoot it narie kame waa Neesa nog altyd met haa gesig narie spiel toe lê. Sy recite dai een madrassa reël oo hoe om garfs te lies, oo en oo: "Alif dua dettis an, – alif dua bouwa ien, – alif dua dappan oen = an, ien, oen."

Is weird om Neesa soe te sien. Sy's soe 'n free soul, gatmaker. Sy kan vi ure lank vi haa eie jokes lag.

3.

Sy's 'n timid stukkie vleis, maa Mamma sê sy gie haa die meeste kopsee. Defiant en rebels ytie kindsbiên, sê Mamma. Sy kyk vorentoe, maa sy lykie of sy kan sienie. Al praat jy rondom haa, volg sy nie die soundie, asof sy inne anne daraja is. Ek's baie sienewieagtag, maa Ammie sê ek moet kalm bly en anhou bly thikr maak as ek benoud wôd. Dat Ammie my 'n friendly warning oo gie oo die possibility van benoud wôd later, maak my soema benoud daa oppie spot.

Ammie repeat: "A-oethoebillaai himinas shaytaanie ragheem. Biesmiellaahie raghmaanie ragheem," drie keer en blaas in sy hanne, wat soese bakkie die woore en sy intensions opvang. Als wôd innie naam van Allah en mettie koederat van Allah gedoen en dié particular reël wat virrie beskerming tienie shaytaan eindeloos gebruik gan wôd, isse check-in vannie nieyat. Ammie sal soes hy geleerit sy nieyat innie begin, die middel en afterwards moet evaluate om te kyk of it net soe pure soesie begin is. Die woore wat hy yter sal dan die beskerming van Allah constantly seek tienie vevloekte Shaytaan en Allah se naam mention in sy soektog na 'n steadfast nieya tintact hou. Ammie vat dai subliminal nieyat in sy cupped hanne en vryf it soese seal oo sy hele liggaam. Is soese Japenese kata, die way hy slowly beweeg, met net sy lippe wat ampe soundless repeat met miening. Hy vryf sy gesig, regte arm, linke arm en dan vanaf sy bôst tot by sy voete. Hy instruct ôs om oek dieselle te doen. Ôs maak soe.

4.

Eestens moet die positioning defined wôd. Ammie sit annie regte kant vannie kooi, Fiekie annie linke kant en ek by Neesa se voete. Ek moet haa biêne vaspen, soe ek sit op haa shins. Fiekie sal moet anticipate as sy wil oprys –soes Ammie verduidelik. Ek vestaanie heeltemal wat hy mien met oprys ie – offit metaphorical of literal issie. Neesa lê plat op haa rug, die kussing het Ammie oek vewyder. Haa oë is waawyd oep, meer as anne tye. Soes possessed puppy-dog eyes. Ek wietie ees of syrit gereeld genoeg knippie. Sy't nog altyd haa salaah-top aan van Asr. Ek's bly, wan haa ourah is meestal bedek, behalwe vi haa hare. Dai deel van haa ourah kon ekkie 'n kappie op kry nie. Sy't lelik protest daatien en ek wassie gereed vi nogge pak ie. Mamma het altyd mette kappie geslaap en gesê sy might dood in ha slaap en dan wil sy covered wies. Mamma was baie oo ourah en oek gegloe as jy kaalkop slaap speel die jinns met jou hare. Ek wietie hoe baie waarheid daa in dai bygeloefie wassie, maa Mamma is dood mette kappie op haa kop.

5.

Ammie begin mettie opening verse vannie Quran (Surat al-Fatiha). Dit wôd oek drie kee herhaal, elke kee close hy die verse mette ameen ôs moet dan oek concur mette amen en drie kôt skêp ytasempies –ampe soes blaas-spoegies innie bottle. Ammie vedydlik mens kan jou vinge oek innie wate hou tewyl jy recite, mas hy vekies om te maak soes hy geleerit. Ammie isse nafl-salaah guy, 'n masiet-vlieg en member vannie Mouloed en Gadat jamaah. Hy doen sy 3-days, 40 days en 3-months ishtimaah en was oek al by die Beidtullaah –Makka. 'n Hajie nou, maa hy like ie mense moet hom Hajie noemie. Hy sê jou pilgrimage is personal, nie vi mense nie. En mens moetie op dai merit gejudge wôtie. Dai isin total contradiction tot hoe Mamma gloe. Volgens Mamma issie term Hajie 'n tieken van respek en honour, maa Ammie is humble. Hy dra sy baad tot op sy bôs gegheena en ek't hom nog nooit in iennage iets behalwe 'n wit salaah-top enwit saaliegh-broek en sokkies met madasters gesenie. Hy lyk altyd vi my soesie embodiment van Islam –skoon –divine –en hy ryk soes ryke ytie Jannat, musky en soet.

6.

Tewyl Ammie die Biesmiellaa-verse herhaal, beweeg hy sy hand oo Neesa se bôs 'n dym weg, asof hy 'n invisible layer stroke. No physical touch, maa met soeveel aanraking. Die lig tighten en mens kan die vertrek voel change. Hy continue en sy voodrag se tempo en intensity increase in sound en speed. Sy pronouncation van die Arabic klanke is guttural en crisp – met poetic rhythm. Dan gan hy vêder mettie recital vannie eeste vyf verses vannie twiede sura vannie Quran al-Baqara: “Alif Lâm Miêm” trek hy dai klankeen sy melodius voice vibrate dee my bôs. Ôs maak nieman eye contactie. Ek voel 'n million emotions. Dit invade my. Issie my eie doingsie. Ek dink, maa die Quran stir my nou gevaalik. My nekhare is al lankal gerys en my palms voel

klam. Ek wonne of my weight my op haa shins gan hou en imagine hoe ek deerie lug gan trek ennie mat tref as Ammie se woore geloof is. Ek maak thikr, net had genoeg vi my om te hoo. My hat klop en ek moet sluk elke kee om my in dieselle tariiek te hou.

7.

Dié verses twie tot vie wat Ammie nou recite is waain g'n twyfel beskryf wôd, wat guidance offer vir diegene wat Allah recognise. Dié wat innie unseen gloe, in duah gloe en aanhou tawakkal wat vi hulle voosien is; diegene wat gloe innie openbaring wat na hulle gestuu is, en in wat voo hulle gestuu is, diegene wat vaste geloof innie hiernamaals het. Sukke mense is true believers ennit sal hulle altyd voospoedag gan narrate die verse. Ek hou vas an dai woore. Allah is kadier en net met Allah se verlof kan hie iets vekeed gan. Volgens Ammie se veduideliking, bevat die hidden wêrel van Al-ghayb (die unseen wêrel) nie net die jinns wat af en toe innie mensewêreld mense possessie, maa besit hulle menslike karakters –nafs, rugh, qulb –hulle gloe in Allah en hette veliede en toekoms. Ammie sê ôs moet dit in ag niem en dié fact respekteer.

Ayat al-Kursi, as die powerfullste ayat innie Quran wôd op groot skaal gebryk vi healing en protection. Ammie increase die volume en intensity nog mee ennie electric waves, wat deemens vloei soes hy die garfs vorm met sy perfect tajweed dril dee jou. Die beautiful klanke vannie Quran stiek, klap, skrie met emotion en power. Neesa se oë oepen en Ammie focus op haa gesig, dan haa hand. Neesa kyk na die ceiling, dan begin haa voete te biewe. Ek tense myself op en brace vi action. Is asof ek my nogge paa kilos swaader wil maak.

“Allahu akbar! Allahu akbar! Daar is niemand wat aanbidding verdien, behalwe Allah! Die iewag lewende, die altyd waaksaam. Slaap kom Hom nie in nie. Alles wat in die hiemele en op aarde is, behoort aan die Allemagtige Allah. Daar is niemand wat kan intree, behalwe deur Sy verlof. Hy weet wat voor almal is en wat agter hulle is. Niks van Sy kennis sal aan hulle bekend is, alvorens nie deur sy verlof geskied. Sy troon strek oor die hiemel ennie aarde. Hy is die Allerhoegste, die barmhartige, die genadige.”

Tewyl Ammie die woore yter, beweeg Neesa se liggaam opwaats. Ammie instruct haa om te sak –sy bly. Ammie repeat sy recital. Neesa brul –soes ek haa nog nooit hoor klink hettie en arc nog meer opwaats. Sy lyk of daa 'n invisible vacuum haa opsyg. Ammie hou sy pace, harder, vinnager. Neesa val plat en stil oppie kooi. Ammie continue, dié kee met Surat Yunus. Dit lyk asof dié verse 'n stêk impak op Neesa se jinn, wat haa liggaam steeds opwaats dwing terwyl 'n muffled growl haa mond bly exit. Ammie herhaal die laaste deel weer: “Getuig dat daar geen God, behalwe Allah issie!” Terwyl ôs saam Ammie Neesa trug oppie kooi dwing, maak Neesa haa oë waawyd oep. Sy lyk angstig en wild. Ek wil ampe los, maa Ammie instruct ôs om ôs posisies te hou. En toe doen Ammie iets wat ek al gehoorit is nie advisable nie. Ammie praat directly mettie jinn: “Wie is jy?” Ammie herhaal sy vraag drie keer, maa wôd slegs mette grom beantwood. Dan begin hy weer verses voolies, vie keer oore gedeelte en herhaal. Neesa se

regte wysvinge rys op en point ytgestrek, soes in salaah tash-shahhud. Die deel innie salaah wat ôs as Muslims ôs declaration announce,

"Ek getuig dat niemand aanbidding verdien nie, behalwe Allah, en ek getuig dat Mohammed die boodskapper van Allah is."

Neesa gaan inne ritteling soese violent fit. Ammie is loud en repeat wee die laaste verses. Neesa se liggaam ruk gewelddadig. Ammie instruct Fiekie om sy hand op haa vookop te sit en stiewag, maa careful pressure te apply. Ammie recite wee Surat al-Baqara, verse 102, en Neesa byg wee opwaats, kreun en brul na Ammie. Die are by haa keel pomp van agressie. Haa kop skud van opgekropte woede –asofwat haa occupy nou moeg is vi die intervention. Ammie gaan voet unphased. Sy tong, mond en physical strength is op auto-pilot. Hy swiet profusely en absorb die emotions wat rond innie kame geslinger wôd. Ek is al na trane en ek dink ek hyl. Kannie rerag sê nie, wan ek's sopnat geswiet. My gesig drip vannie wate. Ammie recite vêre, tewyl Neesa nog altyd struggle om haaself te free. Sy kyk na Ammie wild en woese, dan na Fiekie met whiplash-actions. My hat klop soe vining ek hyperventilate. Ek wil haa nie innie oë staar ie. Ek soek ie dai memory nie.

8.

"Getuig dat daar geen God behalwe Allah is nie!" grill Ammie haa wee.

Die woede brul wee voort en ôs sukkel om haa strength te meet.

"Allemagtige, creator vannie hiemel ennie aarde en alles tussen hulle. Creator van elke sonsopkoms. U het die onderste samaa met sterre versier en hulle 'n beskerming teen elke opstandige duiwel gemaak."

Ammie blaas kot skêp asems oo Neesa se arched liggaam, wat yteindelik agteoo oppie kooi plat val. Ammie hervat wee met Surat al-Saffat: "Die opstandige duiwels sal van alle kante af weggejaag en vedryf wôd! Sal eternally torment wôd!"

Neesa se gesig change, vertoon annes. Haa mond is na 'n kant getrek, swietpêrels gly oo haa vookop en wange. Diep forced growls ontsnap yt haa mond, maa issie juis woore nie.

Soes Ammie my verduidelik het, veosaak die recital vannie Quran dat die jinn ly, en dat die process die jinn gan dwing om te getyg van ie almagtige krag van Allah. Ammie se doel is om die jinn te kry om self te identify, sy identity bekend te maak en dan itself an Allah te submit as die transgressor van onwettige besetting van 'n menslike liggaam.

“Ek sal aanhou lies totdat U brand! Sê wie U! Ek proclaim innie naam van Allah dat U dit sal sê. Getuig dat daar geen God is behalwe Allah nie en dat Mohammed die laaste profeet van Allah is. Waar kom U vandaan?”

Ammie blaas wee met kot skêp asems innie regteoor van Neesa en recite 'n special duah vi homself asse reminder dat hy oek die declaration van faith an homself moet oepenbaar, dat hy it net soe oek broodnorag het. Na vyf-en-twinnag intense minute, wat soese lifetime voel, kom die ritual totte einde. Ammie announce die einde na Neesa huilend ytbas. Sy lyk wee soes hasaelf en sy is bewoë en fatigued. Ammie vat die bottel bana wate, add die black seeds en hiening en pass na ôs altwie om davan te drink na ôs Biesmiella yter. Ôs drink it en soe oek Ammie. Hy gie oek vi Neesa vannie wate om te drink en vra my omme bietjie olive oil oo haa moë limbs en gesig te vryf. Ek's relief en Raafiek en ek velaat die kame. Ammie sit nog bietjie an. Terwyl Neesa 'n much needed nap vang. Algamdulilaah is verby.

9.

“Fiekie, it lyk asof die entity Neesa alien gelaat et, maa sy's dan nog netsoe rusteloos, lat my worry.”

“Moet ôs Ammie wee bel? Sy bly my vra ommie stoel te skyf as ek op haa gaan check. Is creepy.”

“Sê sy ôs moet plek maak?”

“Ja, die stoel skyf om plek te maak. Soes tevore. Wat dink jy?”

Toe ôs it yteindelik doen, toe slaap sy.

My touba

'n Hys oppie hoek vannie straat het provide multiple opportunities. 'n Panorama view van activities, vi een wie al getrain is in human behavior dophou. Soe langsie corner store was daa 'n bottle store ennit het baie potential present. Langsies hys was vibe-slabs net halfpad oppie border geplant. Daa was ie lekkerste gras wat soese tiepkoebêes innie warme son, 'n open invitation virrie dronkies was. Die wat beyond twee rye spore loep en wil ytpass. Weekends en pay-dag was ôs mee vigilant en seriously oppe pos. Ôs kon heeldag daa tienie muur sit en ôs in ôs chops innie son brand en wag vi ôs nex victim. It was soes jy 'n mouse trap ytsit –jy sit die trap yt en jy wag. Patiently. On schedule stiek daa een yt en hy val dramatically lattie coins rol. (Alles yt 'n pocket en oppie gras is fair game.) Jy en jou morals is on your own en jy maak ie final decision, hoe baie touba jy later moet gan offer as jy gaan salaah of begin sleg voel as die chocolates en yskoue Coke opgedrink is. Dan maak jy somme'n headstart op vegifnis en offer die next dronkie die glasbottel on his way up smokkie toe. As 'n gift ommit wee in te gie virre paa extra kroon.

Vedag is ék koning. Ek't papier gesnipe. My bounty kan in paaiente gespend wôd. My touba dieselle.

Yaseen

“Sakeena, Majiet, Fazlin, Fawaaz –Soeboeg!”

“Ek is yt Mammie!”

“Oe-ja-ja, jy’t jou gheid.Majiet, Fazlin, Fawaaz – Soeboeg!! Kom. Op!!!”

Wag lat ek opstaan om te pee voo hulle begin que byrie jamang. Nou net lekke viMammie dodge en dan gan ek wee lê.

“Salaamu alaikum Derra.”

“Kry vi jou reg vi salaah. Die bilal het al vegiet hy’t gebang en julle sukkel nou nog met abdas.”

“Ek’s yt Derra.”

“Oh. Nou maak klaa, hie’s mense wat wil kom abdas niem.Lat ’n mens salaah voorie lig dee kom.”

“Nou klaaDerra, tamaaf.”

Een ding wat jy op kan bank as jy die jamang na dié man gebryk. Hy lossie die stienja bottle liêg ie. Hy maak sieke die nex ou is tarteep op sy istienja. Is snaaks, sien dat sy anne side, die personality wat oobly ’n moerse make-over by tye norrag het. My clutch gly wee vedag. Hai’s my prediction. Ek ry nêrens vandag ie. Ek’s glad ie vandag lus vi die koesiester trip ie. Maa ek sal maa moet tanne wys oppe auto-pilot run. Ek’s klaa miserable ommat ek my gheid et. Ek dink dai’s genoeg suffering. En al is et vi my college tuition geld, Fawaaz en Fazlin is oek daa. Hoekom issit net ek en Majiet wat altyd soe vroeg moet op bly en wêk, altyd ôs. It bly ôs. As Mammie narie rockery wil attend moet ôs ie slakke sout; as Mammie die jaat wil Spring clean is ôsie go to help; assie venstes ennie jamang geskrop moet wôd. Ôs. Altyd ôs.

“Ja, ek’s klaa Derra, hulle kamma kôma!”

2.

Fajr is net twie soenat raka’aats en twie fard, maa dié man kannit ytdrag. Lang soerats ennie Qunoot wôd met ekstra tajweed recite. Ek en vision nou die fam sône my, ammel facing Qiblah. Derra heel voo, Majiet en Fawaas net bietjie regs een step agte Derra en Mammie ennie girls heel agte hulle. Ek’s veskoon van salaah vi at least nog 6 dae en ek kan net dink hoe hulle my nou beny.

Ammel van hulle.

Virrie boys is daa nie afdae nie, maa vi ôs girls wat moekallaf is, is daa breathers tewyl ôs vloei. Shame, die boys moet bankvas staan. Ek wiet wat Majiet doen. Hy't my al sy trick vetel. As hy sy gesig was knyp hy oëtoe soedat sy oë nie wakke raakie. Hy hou dai slapies tot ôs wee gan kan lê, dan unpaue hy sy slaap. Ek herrit al getry, maa once ek my oë oepmaak, is ek wakke. Soes wide-eyed wakke. Ek wietie hoe hy mean ie. Ai jinne, nog net die duaah narie salaa dan kan hy ko lê. En dan gan Mammie Yaseen batja. Dai's 'n good 15 minutes se shut-eye, tewyl Mammie batja. Algamdulillaah.

“Yaa-seen. Wal Qur'aanil hakeem. Innaka laminal mursaleen...”

Daa is niks innie liewe mee soothing as Mammie wat Yaseen batja nie, suwhallaai. Haa voice echo dee my geraas, en maak my stil. Een ding van haa sy's consistent. Ek admire dai. Sy mis ie een agte-soeboeg batja en poejies ie. Isse plesier om haa elke oggen an te lyste. Ek kan haa nou even picturesit met haa doek voo om vasgemaak onne haa ken, soesie ou tieties et dra. In haa twin set pajamas innie kooi sit sy tienie headboard regop mettie Yaseen soerat in haa hanne en lies. Daana sal sy haa tasbeegh trek en poejies maak.

“Salaamun quwlam mir Rabbir-Raheem, Salaamun quwlam mir Rabbir-Raheem, Salaamun quwlam mir Rabbir-Raheem...”

My siblings slaap nog dai tyd. Hulle hoo nie haa beautiful melodius laagoe nie. Sy klink divine. Die opposite as toe sy ôs wakke geskrie et. Funny hoe daa soe baie versions van dieselle mens in een vel kan exist. Lat 'n mens wonne wat annestes mens oek kan in ontpop. Majiet het vi hom in sy koebês soese rooti toegedraai, maa hy maak hom laat as hy dink hy gan bly slaap.

2.

Ek wil somtyds net hie lê en na my ma lyste. Sy het vi my die mooiste laagoe. Die rustigheid wat sy innie hys bring wille man savour. Net om te dink, die hys is nou surrounded met malaa'iekats. Ek imagine soema nou hoe hulle hie oral tienie mure en annie dak suspended, paused klou en aandagtag saam my luister. Peaceful. Van hulle sal saggies sê 'mashallah' en nog anne Arabic phrases add. Daana sal hulle die boodskap deerie samaa's mee travel en an Allah narrate van dié gehoosame slafie merrie naam Jasmina wat va'oggend na soeboeg die hart vannie Quraan recite et en salutations oppie geliefde Nabie sallallaahoe alayhie wassalaam gemaak et. En hulle sal note dat haa dogte hettie wee gan slapie.

3 Virre Rand

“Majiet, Sakeena! Op!”

“Is wakke Mammie!” Is ek ’n slegte dogte om te wonne of daa nie ’n bietere way is om ieman wakke te makie. For real man, al was ek kla wakke, maa joh, maybe nie soe violently demanding ie. Ja Allah shukr vi thoughts, as dié nou yt was, was ek nou ’n groot touba skullag.

“Majiet! Majiet! Kom voo Derra wee perform, eksie innie mood vedag ie.”

“Jarre. ’n Man staan al kla vroeg op heel wiek.”

“Asof jy heel wiek saam Mammie die trays en trays koesiestes afbak. Is quicks.”

“Waavoo ek involved moet wies wietie Vader alien.”

“Wiet jy ek’t jou mee gelike toe jy nie soe baie bek gehad et ie. High school het vi jou vere lat groei.”

“Môénie vi jou katjie vannie baan hou nie meisie, kanala.”

“Mister, merrim, maak kla! Ek syke solank die eeste batch. Julle pa is al ready.”

“Ja Mammie.”

“Begin by Romaanjaat vedag en by elke hys, hoo julle my? Hie’s 500 ekstra die wiek. Is skoolgeld môre.”

Kyk hoe lê Fazlin en Fawaas. Nie ees ’n plooi op hulle vookoppe nie. Hulle droem sieke nog altyd. Ja Allah, as ek ie soe sabr gehad et ie, suwhallaai. Allah kan ’n mens da’m grounded hou. Die kas isse sight for sore eyes. Lat ek sien. Waa’s my tracksuit broek? It baatie ek wil aantrek asof et ’n fashion parade issie. Issie ees asof iemand my even daa gan raak sien nie. Ek gaan voorie dag kla is soese ware koesieste motjie ryk en lyk, mette skiewe doek loosely op haa kop. 20 jaa ouer van fatigue. Niks glamorous about dai nie. Jarre my kas moet reggepak wôd. Ek ka vi Fazlin betaal omit te doen, met lekkes. Daa’s ie geld om te spaar ie. Mens operate ie links en regs met jou dime ie. Gooi maa yt meisa en druk ma wee in, dais al way. Story of my life. Great, die swat broek. Ek willie die vuil sien vedaggie, net voel.

2.

“Mornings Miena, kan ek maar binne kom! Sjoe die reuk het my nou uit die bed gejaag. Mens ruik jou stroop tot in my huis.”

“Hallo Natasha, sit lekker, ek stroep vi jou ’n vasse batch.”

“Antie B lyk lekker vedag, casual.”

Antie B isse karakter. Sy en haa dogte, Wiltavia Bouwer is clearly gebreed annie anne kant vannie spoor. Hulle ry nog mee as gereeld oor die spoor van manis en pedis. Is seven o’clock en Antie B is inne nou pypie tights met lace finish geslat wat haa mooi, maer enkels in haa pumps soes Edgars se skoene-models laat lyk. Die los samon-pink jersey wattie ’n los wolletjie op hettie wêk lekker saam die ensemble. My distraction, inne good way, is haa doek om haa nek. Sieke virrie bietjie drizzles as sy nou trug gan hys toe. Et het allie colours wat ek in my kas het. Ek’t actually ’n outfit wat dai doek marvelously mee sal gan. Ek wonne of sy ooit et vi my sal lien. Sy lyk na die lien type ie. Nog nooit hie kô syke vra nie – or anything else for that matter.

“Is dié Antie B se Tupperware?”

“Ja gee vir my so R8 se koeksisters asseblief.”

“Sakeena nuu, ek syke vasses vi Antie B.”

“Sjoe maar dit is omtrent ’n produksie hier. Soos ’n fabriek by julle!”

“Ôs bak elke aand soe +-300 en gooi et innie freezer.”

“Alla-wêreld Jasmien, maar julle het krag né! Elke aand! En die hele kom vul jy nou op met gesuikerde koeksisters. Skuus, ek lig sommer die net op en loer sonder vra.”

“Is vi die meid. Sy gan skool. Is vi haa studies.”

“Sjoe Jasmien julle ken van vele hande, ligte werk maak. Dis goeie grondbeginsels. Aitsa kyk hoe groot is Majiet. Mens sien hom mos nie meer in die straat so gereeld nie. Standerd 10 is glad nie speletjies nie né.”

“Morning Antie B. Salaam Mammie.”

“Salaam my kind. Iet kla. Jou pa gan nou ry, ek’s ampe klaa.”

“Tramakassie. Koffie né Mamz?”

“Dis nou ’n lekker ontbyt, ek self slyp my tande hier soos ek wag. En julle is sommer in die kern van die gebak. Lekker.”

“Hie, proe een Natasha.”

“Dankie Jasmien. Hmm. Dit smaak vorentoe. God seën julle dag.”

“Inshallah.”

“...15. Daa sy. Enjoy Antie B.”

“Lekker, dankie.”

“Nie te danke Natasha. Sakeena sien Antie B af.”

“Mooi dag Jasmien.”

“Jy oek Natasha.”

“Majiet! Lekker leer hoor. Jy moet nog hoogtes bereik.”

3.

Swai, swai, swai kanala! Derra lyk casual met sy regte knie sideways met sy matching side se elbow innie venste leaning slightly outside. Sy linke bien trap clutch, hy wikkell die gears en swai wee. Kliek, kliek. Is dit al wat die ding nou wee vanoggend maak. Ek is sieke Majiet, se gemoed seil oek al af beirie seat tot in sy skoene. Joh, hie gan ôs moet stoot. Die man dink as hy reg skyf, ampe soese square innie vou vannie seat, nommerpas homself position, gan die skedonk polite wies en reply mette start. Soe asof sy posture die starter kan affect. ‘Hun-hun-hun-hun-hun-hun-hun’ –soes klippies wat inne blikkie shake. ‘Hun-hun-hun-hun-hun-hun-hun’. Fokken Peugeot. Die goed is supposedly wêkspêrre, maa nie fok. Die ding is al scrap, rêrag. Ôs moet maa stap vedag. Stoot ganne waste van tyd wies. Derra sê nou an Mammie is either die alternator, die battery offie starter en hy gannie nou vi Gakkie-mechanic kan kry nie. Ja Allah, ek is al baie humbled. Rêrag. Ek vestaan allie toetse. Maa joh ...

4.

Ek gan nou net ytklim en Mammie dai gum-feeling spaar. Die emmertjie maa dra mette smile dat sy kan biete voel oo ôs predicament. Kom hier jou mango achhaar emmetjie. Lat ek en jy maa vrinne raak vedag. Die emmetjies is vol steaming hot koesisies gesyke en is currently ôs family se Panado vi my ma se financial kopsee. Allie hyse in ôs pad se deure is nog bot toe. Ôs wêk en ôs stap. Patricia, Margo, Klaboy en Klein John staan sieke ees op as ôs trug kom. Na 12. Dan wil êk gan slaap. Ek gan slaap! Kyk hoe sit Uncle Willem soese regte ou topie en roek tabak yt sy pyp –elke oggend. Klokslag. Laat ek maa my kop knik. “Majiet lig jou arm. Uncle Willem groet.”

Die honne is wee lastag vedag. Ek’s kak bang vi honne. Die’s sieke die riede hoekô ek die stappery die meeste haat. Die honne. En ek wiet hulle praat met mekaa, wan soes ôs die cul-de-sac omstap blaf hulle soese strategic Mexican wave soes ôs stap. Sê sieke vi mekaa, “Is alwee dai bang tief, kom ôs fok met haa ’n bietjie.” Kannie ’n coincidence wies ie. Kyk hoe staan hulle met hulle nieste dee die hekke en grom. Dusty march op en af. Hy’s die royalty van Waterbok. ’n German shepard. Kak vinnag inne trap-stuk. Hy lat loep pappa. Ek kommie yt ôs jaat as Antie Magda se hek oep staan ie. Dusty isse polisie hond, hulle wôd mos getrain om jou in jou moer te byt.

Ek wietie wanne Majiet nou gan afkoel ie, ma hy's nou al heelyd silent. Soes toe ôs jonger was, doodstil. Hy kyk net voo en is asof ek kan sien in sy caption bubble boe sy kop woore wat mens skrie as jou klein toontjie hak en sideways buig. Ôs het roughly 100 koesiestes man-man in ôs 5 liete emmes en ek is sieke Majiet doen ie Wiskunde oo hoeveel trips ôs vedag gaan moet maak om ammel te vekoop – dais as Derra die kar totaal en al nie gefix kry nie. 'n Man se plak sliep agte man se hakskiene an soese vervelige klein hondjie wat dink as hy jou sool gekry et, hy kan anhou sy luck try. Vevelag. Soes die brakke hie.

“Morning Antie Mary, kan maa gan ja, Mammie't gesyke al.”

Sy's nou te ly om tot byrie hys te loep, maa ek gannie ôs totals kotmaak en dan issit oo haa wat ôs 'n nogge trip moet venture nie.

5.

Ôs moet klaa nou hie oorrie landjie, voo jyrie ghuffie kry loep. Et lyk altyd hie soe shady. Is effens op inne hill en jy kannie altyd sien wat oppie ghuffie of beyond vi jou wag ie. Dié riete groei soese wall innie stroempie wat mens se visuals narie opposite wal hinder en beide kante tot op die horizon stretch. Die vegetation divide literally die fletse en ôs straat. The great wall of Chicago. As jy beyond die ghuffie ennie great wall loep kry jy 'n hele anne set-up as die fletse. Hyse, tyne, properties, owned spaces. Innie fletse issie vulnerabilities on display vi alle soot vultures. As ek sê jy's van Chicago, add ek altyd 'in Waterbokstraat' – an attempt om vesieke te maak hulle wiet is innie council hyse – developed, wan annes kyk hulle jou soese fletse kind an. Ôs het ytie Magnolia fletse hientoe getrek en man wil sieke maa hê mense moet vesieke wiet 'we have made it out' of soe wil man gloe. Kyk, ek like die plek. Liewe hie al van ek drie is, maa ek approach die ghuffie nog altyd met caution. As ek nou hie oo loep dan gaan die bouvallage houtbruggie kraak en soese klokkie dié wat langsie oewers patrol in kennis stel hie's fresh bloed annie kom. Issie altyd 'n welcoming committee wat ytstiek vi jou nie.

6.

Is sieke nog te vroeg virrie skarrellaars of is miskien omdat die ayas hie base opgesit et. Hulle operate hie met hulle biesem maak production. Ek's sieke Majiet gaan nou wee hie somme van sy emmetjie wil lieg maak. Hie is heelwat ayas vedag in congregation. Hulle sit met hulle voete plat bymekaa inne v, knieë apart en onne hulle armpits opgevou soes parakke en roek dagga inne kring. Hulle stokke, biesemriete en drade wat lyk et wassie byrie hardware shop gekoepie lê inne bonnel soes electrons vanne atom structure. Die ayas se dialogue klink soes et oppe dingy boatjie ry – op en af. Mens sal swee jy's innie Caribbean soesie island vibe ie vicinity vul. Hulle's amal in een colour-code geslat – swat, groen, geel, rooi en hulle kamp voo hulle well-

made hok met silver corrugated dakplate. Met venstes en deere wat oppe klein afgebakene jaat in yt loep. Een ding, ayas is multi-talented. Hulle kan als mette hammer en tools anmekaa slat.

Die'sie hulle grond ie, maa hulle is peacemakers en praat net van Jah, soe ammel hie tolerate die stukkie grond wat hulle somme claim. Plus, as hulle hie oprate issie traffic oor die ghuffie safer. Wan ayas is all peace and love totdat jy fok met hulle of hulle mense, dan stuu hulle jou Babylon toe. Voor en langsie side van hulle cabana groei da herbs, groente en hulle medicine, soes hulle't noem-inne type of greenhouse beweging. Die outer walls is gechap in 'n moerse portrait van Selassi mettie quote: "You must always remember that to lead, one must first learn to follow. Haile Selassie". Ek dink by myself, dai is vi Majiet vedag, vi rêrag.

"Awê die rastas!"

"Aah da pickney!"

"Wat sêrie manne?"

"Irie! Irie sista!"

"Wat sêrie ayas. Lekke warme brekfis? 3 virre Rand ayas."

"Irie! Bring. Lat mens forcha."

Kyk hoe loep Majiet asof hy die manne ken. Watch ie bounce. Hy's wee die man innie stuk in sy mind. Ek sal maa follow. Die walms hang al soes hulle die pyp dou voo dag begin trekkie. Fokkie die ryk vannie groen slat jou ziem-zam in jou nostrils. Mens kannit ie gewoon raak ie, tog lyk hulle heel comfortable soes hulle hie sit. Ek wil ampe sweer Uncle Willem af innie pad by ôs het die selle soot blare every now and again in sy pyp gemix. Die ayas kappit yt. Die ganja pyp travel en park net virre hit en dan travel et wee happily, tewyl die anne ayas patiently hulle beurt wag.

Ek veyk my hoe die een aya effens to the side sit enne geblaasde glas contraption met dagga vul. Hy vatte lekke gesône knyp yt wat ek my vebeel isse rooi Nola mayonaise lid en sit it innie liepel. Part voo en stamp effens die knippie in met sy pinkie. Hy repeat die action by fill en remove tot hy die consistency van 'not too much en too little', soes hy vedydelik terwyl hy die pyp regkry. Dis sieke vi round two. Die annes lyk heel gesêllag. Happy. Die ryk hou my in reality, maa die theatrics van al die metejallis prikkel my. Die outsider pass die fresh ganja pyp narie circle en join. Hy light et en sy vinge druk gatjies toe en los soese musical instrument wat hy speel – dais wanne die roek oek innie pyp trug verdwyn ennie dagga wat hy brand stiek bright gloei as hy sy bollawange release. Sy hele kop vedwyn inne moerse dagga-wolk. Hy repeat en 'pass da pipe'. Ek los hom met sy aftermath en move my attention narie ai mettie bakkie wat hy gan haal et virre koesiestes. Ek hourit by my emmer solat ekkie kan yt tel. Ek stiek met my vurk en tel in 3'e. Vi my issit makliker om in Rante te tel as in getalle. Ek's glad ie kwai in Wiskunde

nie. Dié aya wat vi Majiet mette weird grin kyk se vel is vol plooië en rimpels. Ek kan nou nie help stare nie. Sy bryn vel vorm diep slote soes ie vel oprimpel. Issit ie dagga? Kan wies né? Ek't nie genoeg kennis oo die subject ie, maa is weird-looking for sure.

Ek wonne hoe lyk sy oë agte die John Lennon brilletjies wat hy ôs dee kyk. Dis die closest wat ek al an dreadlocks gekommit. Syne is in netjiese plat biltong-like pieces gedeel en mette losserage vieter vasgetie. Et lyk nogal skoon. Ek wonne hoe voel et? Hard, sag. Sy mustache is yl en sy goté is effens soes ieman wat disturb was toe hy sy baard geskeer et. Nie lekke op sy grooming van sy facials ie.

“It’s medicinal. For a higher reality. The bwoy can join da meditation sista with the next round. “

“Aya, moenie die vrindskap spoil ie man. Kom Majiet! Ôs loep.”

“Irie siste! Irie. Da boeta is of Mohammad’s people. Respect.”

“Broer van my, was jy nou van plan?”

“Jy! Hou op soe rop wies oo als. ‘n Man kan virre man self praat.”

“Majiet, jy wiet sieke as jy dagga roek of ienagge ding wat jou van jou sinne roof kan jy maa ‘n gat innie grond salaah. Allah gooi et trug in jou gesig.”

“Jy hou op! Jy’s lastag. Ôs maak kla. Deerie gangetjie.”

“40 dae Majiet ek sê manet. Vi 40 dae...”

Hy sê nou hy sallie, maa ek wonne as ekkie hie wassie. Anyway, dai’s sy sorrows. Elkeen dra sy eie pakkie narie mark toe.

7.

Die gangetjie lyk live vedag met traffic. Die mongrels loep wee op en af. Veby ôs sliep lyke wat soes vyl wasgoed wat inne swatsak vegiet was en hulle stink soes laaswiek. Dié brasse, as hulle moet dood, is hulle somme kla gebalsem van allie alcohol wat hulle oore nawiek en tans consume. Mongrel 1 hette scar oo sy wang wat my lat wonne watte soot weapon dai type of injury kan inflict. En of hy ooit professional medical help gekry et, wan et lyk of sy vel soes klei toe getwist is. Mongrel 2 se oegbolle is goudgeel. Ek dink sy liewer is al in sy chops al. Antie Fatgieya isse nurse en sê die oë raak geel vannie liewer wat biesag is om in te gie. Hy try nogge smile conjure, maa kom actually net soese live horror-movie voo. Ek smile trug. My boeta is met my. Waao worry ek. Enne smile is mos peace-loving.

Tussen ie twee geboue voel it vi my ek travel na 'n anne reality. Weg vannie nightcrawlers wat soes vampires hulle coffins nou gan opsoek ommie hele dag wee te slaap. Venaan operate hulle manet wee and so on. 'n Endless cycle. Nogge layer van living open up beyond die gangetjie ennie res vannie fletse sien ek is annie wakke raak. 'n Antie hang haa wasgoed oor die lyn wat sy trek tussen die trappe en ek stop ommit yt te figure. Ingenious die toutrekkery. Is bieter as wat jy jou wasgoed moet guard ja. Byrie lyne onne moet jy park as jy alles wee wil afhaal.

Die mense issie dom hie nie, net arm. Soes my Bapa. Brilliant. Hai kyk sy wai. Ek wai maa trug. Sy's friendly. Die's sieke haa kleinkind wat sy nou soe voo skrie om weg vannie vyl mudpuddle weg te kom. Jirre die kind is nou vyl van kop tot tone – die kimbi is gesoak innie modderwater. Oe hie kom iemand die kind haal. Het die meid dan nou swak balance lat sy soe val-val die trappe moet af? Hai sy stane skrie die kind dan nou. Oe is haa kind en dai's haa ma. Hai liewe George, maa die kind het mos nou net gespeel soes kinnes maa doen. Mens sal sweer die kind het haa van iets gepimp by haa ma. Sy moet mos biete na haa kind kyk. Liewe George daa clutch sy die tingerage kind onne haa blad en klim die trappe op, asof sy Kettangsklip op Paarlbêg innie wind trotseer. Daa issie ees 'n breeze ie, maa sy sukkel-sukkel daa op. Ek skud maa liewes my kop van binne. Hie baat et ie jy sê ietsie. Hie wôd jy hat gemoer as jy dink jy't 'n opinion. Die aunty is sieke 'n ma wat nie net ouma moet speel ie, ma oek moet ma wies virrie sake van haa kleinkind ennie behavior van haa alcoholic dogter simply moet aanskou en afsluk elke weekend. Kyk haa staan sy alwee mette bier. Sieke 'n kopskiet. Wys die antie ek moet anhang? Daa kô sy mette Tupperware bakkie af. Ek ken die bakkies. Die is 'n groene tien haa bôs en Antie B s'n was soe 'n orange een, maa ek's sieke is Tupperware. Shame sy't drie flights trappe om op haa ouedom af en op te trotseer. Kyk hoe happy is sy. Sy groet ammel. Stop en deel woore vlugtag met elke Jan Raap en sy maat. Sy's a typical fletse antie. Sy't mans slip-in slippers en wol sokkies an wat ek wiet issie haane nie enne check overall wat sy soes klere dra mettie pockets on both sides vol goed – hys sluitels; kame sluitels; entjies; metjies en soms die halfmoon beursie oek. As daa abuse en lang vingies innie hys present is, is die halfmoon tussen die tette. Sy't 'n doekie agte vasgemaak met getwisde ente oo haa kop soese Alice band geswai en sliet haa voete dié tyd vannie oggend. Kan jy imagine waa lê die hele dag se wêk nog? Sy kyk sieke na elke illegitimate kleinkind en sien nie ees die SASSA van dai kinnes ie. Shame. Haa jersey onne die overall se moue is opgestoot en ek kan die Omo waspoeier aan haa ryk. Et laat my aan my ouma dink. Lekke.

“Môre kinta. Issit ie koesiestes.”

“Morning antie, ja 3 virre Rand.”

“Drie Rand asseblief. Waa is jou pa ve'oggend?”

“Car trouble antie.”

“Ai hene my kind, nou stap julle maa. Shame.”

“Ôs ma doen wat ôs moet doen antie.”

“Ja né, ôs amal moet maa...”

8.

Ookant vedwyn Majiet innie dee vanne match box council hys, tewyl ek met haa praat. Die hys lyk donke en die venstes is met cardboard en buff tape gefix. Daa kom 'n man ytgestap mette plastic biekertjie en sy tanneborsel. Hy hang oorrie plante en bôsel sy tanne. Hy gooi sy kop agteroo met die koppie an sy lippe en gorrel soe hat, lat ôs imagine hy spoel hom tot in sy derms in yt. Hy spyt dai foamy wate soese sprayer oorrie plante en vie sy mondhoeke met sy t-shirt moue af. My customer skrie hom 'n greeting en hy swai sy arm lusteloos, non-verbal tewyl hy sône omdrai innie dowwe lig innie dee frame wee vedwyn. Is fairly safe hie. Ôs vekoop al jare koesiestes en ammel kennie pang se laities. Ek dink lat ek maa anstoot en an my volgene dee klop.

“Mornings, koesiestes, 3 virre Rand!”

Ai dié een klink interesting. Ek hoore snaakse skoffel en sluitels wat val en ek brace my virrie presentation wat ek soon gan sien. Twie chokkertjies, soe siewe en niege respectively staan voo my met vyl gevriete wat die snot al van droeg gewôd et. Hulle het oek giste se klere an. Hulle nudge mekaa spelerag en compit mekaa oo wie gan nourie lead vat oo wie hullerie grootste gan gedra.

“Salaams salaykoems.”

“Salaam.”

“My ma slaap nog.”

Ek wonne of hulle haa moet wakke maak, die stienge wat ek van hulle kry en innie hys is overwhelming en die walms beur selfs veby my om vasse lug te kô seek. Moet ek nou loer, al issit nie die aghlaaq vanne Muslim ie. Ek vestaan die propper aghlaaq is om sideways te staan solat jy nie square in iemand se huis kyk ie, ma ek peep in anyway. Daa langsie sofa lê 'n pappa op sy mag met sy een bien opgetrek en arms gebend langs sy kop wat sideways narie dee gedrai lê. Pa het gekots en lê met sy gesig geanker in sy eie vomit en tiep. 'n Nogge body lê oppie couch innie anne kant vannie vetrek en ek kannie ytmaak offit 'n man of vrou issie. Daa is anne figures wat soes lyke ytpyppe slaap, maa die horror-show wôd deerie foul smell vannie hys ge-interrupt. Die hys is musty met die reik van ou pis, drank en vrot fragrances gemix. Ek kannit ie mee stomache ie. Plus die bietjie lig vannie dee laat my nie toe om baie te kan sien ie. Die deel vannie hys wat ek wel kan sien is deemekaa en leë wynbottels lê orals gestrooi. Ek moet maa trug smile en my trane agte my oë vashou. Hie is g'n plek vi judgement ie. Elke huis het sy kruis. Ek begrawe myne elke waktu in sujoot en in toubas.

“Hoeveel is julle. Is daa nóg kinnes hie?”

“Nie galla, is net ôs. Vekoop galla daai goed innie emme?”

“Gaan hal ’n plastiek bakkie poplap, asseblief.”

“Sy’s ouer as ek. Sy verjaa eeste.”

“Wat is haa naam... en joune?”

“Bennique en sy is Cliché.”

“Julle’t mooi name.

“Hie antie.”

“Ek gan julle nou koesiestes gie en dan gan sit julle nou lekke en iet die koesiestes né. Julle deel et met niemantie. Iet lekke. En bly innie hys. Julle kry nettou see hie byte. En sluit weerie dee. Kyk mooi na julle self. Hie is drie vi julle elkeen. Is lielaa hie ta Allah.”

“Nie ôs issie slams ie galla, ôs is Kris. Ôs aanbid vi Jesus.”

9.

“Kayna! Kayna! Kom, Derra is hie. Die kar is reg. Kom!”

“K’ om. Algamduliellaah. Sukr Allah.”

Ek appreciate om te ry en wee inne toe plek weg van die oep sere, van dié plek expose te wies. My wonde is about al wat ek tans kans sien om te lek currently. Ek need die temporary shield tien ôs realities. Al issit net tot ôs by Romaanjaart kom. Ek willie my indink hoe dai kinnes se liewe lykie. En of hulle even safe in dai hys issie. Ek sien Derra se lippe move, maa Bennique en Cliché se ontmoeting sit vlak by my –spoek by my. ‘Ja Allah, gan ôs ooit veligting kry?’ Die incident het my onvewags ingehak en ek voel kla broos. Ma ek willie. Ek is op. Majiet advise oor route en Derra-hulle praat asof my stilte normal is, maa ek voelie normal ie. Derra stop en ek klim yt en vat my emmetjie. Ek klop en maak my sale enne paa usuuls en nioewe’s oek daana. Business as usual, vi ammel, tien 3 virre Rand.

Juvenile Sentimental solo¹

My jong yl baad groei noggie ees wottels ie. Ek lyk hoe ek voel, soese kind. Ek is bang ek bly ve-iewag 'n kind. Al liewe ek vi nog 'n honned jaa, wiet ekkie of ek ooit die moment, die klein gevoel sal ontgroeï nie.

Ek het deesdae soe baie recollections oo goed wat vi my moes lessons wies. Soes dai dag wat ôs saam-saam dai ketties vanie ou bicycle-tjoep gemaakit en ek Antie Rachel se venste ytgeskietit. Jytie gehaloepie. Jyt saam my gestaan Boeta. Jytie ees geskietie, en jyt gewiet Boeya gan vi my pakgie, en vi jou had moer. Maa jyt gestaan Boeta – tamaaf en tramakassie.

Ek was altyd te gou vi my stêt tussen my biene druk.

Ek sien jou voetspore voo my as ek na my eie voete kyk. Jy't 'n pad gan yttrap vi my, soedra ek reg is gan ek jou volg. Hie yt volg. Ek wiet jy móét gegannit, weg om te gan wêk. Om ôs monne oep te hou. En miskien, net om weg te wies? Nou dat jy weg is, issie workshop donke en mistag. Ampe offit kleiner geraak et. Ek sien jou somtyds, ytie hoek van my oeg en hoo jou vi my vra ommie tools an te gie. Dan raak my hat ligter. Tot ek opkyk en vaskyk in lam skoues wat se rug na my gedrai is. Ampe soes daa 'n velies boerie Rembrandt roek hang.

Ek wou nog saam jou staan en kyk et, saam jou admire et as Boeya oorïe bank lê en dai draïmasjien challenge. Sy steady arm vorentoe sien druk en sy tone op tienie bank lig soes hy hom anke. Dai trick wat hy ôs nooit geleerit ie. Ek et in dai moments altyd gedink ek sal eendag Boeya nog impress, as ek hom wys ek kan sy style baasraak. Vi hom wys sy ambag brand in my oek.

Dan sou hy dalk notice hoe my oë blink as ekkie curved tafelpote study wat hy mette simple beitel gekerf et. En hy sou notice hoerïe witmense daana kyk assie tafel klaa met vie-poot oppie

¹ (Klopse musical genre) Sentimental solo songs – Juvenile and Adult - popular love songs (soppy music)

grond staan. Selfs jy het al met die draaimasjien kragte gemeet. Mý palms. My palms wassie virre beitel design nie.

Maa ek het velang dat Boeya my moet raaksien. Dat hy by my moes raad vra, ennie byrie bouvallige hekkie op innie pad bly staar en soek vi antwoore wat nog hystoe moet kommie. Ek wou hê hy moet sien ek kan wêk en sy blisters op sy palms minner maak. Sy skoues help regtrek, en tewyl hyrie sous vannie stew met Mamma se gebakte brood opsyg, sy frons ytstryk. My bedoelings was goed.

Boeya hette hart, maa it moet sieke gebêre lê onne al die sawdust, wan ek sukkel ommit te sien. Ek try hom kyk met vesagte oë, maa my oë brand gate in sy rug. My oë rus op hom soese vegroot glas innie son. Allah sê ôs moet as kind met mercy na ôs oues kyk en net vi dai sal ôs Jannat sien. Ek wil Jannat sien.

Onthou, onthou jy dai dag wat ôs byrie bouvallige hekkie gestaanit en Uncle Japie, Faffa se hondjie omgestamp et? Onthou jy? Ek onthourit dydelik asofit giste was. Faffa het alles gesien. Ek hoo nou nog sy skrie, dai gil wat vi Mamma oek ytie kitchen gejaarit. Die neighbours gerukkit. Ôs het vestomgestaan ennie hekkie geklou. Faffa was ôs vrind. Ôs venoot, wie saam ôs klomp kak angevang et. Maa ôs kon hom net nat oë dai oggen lat suffer.

Boeya het stilgeraak, unnaturally stil. Die hondjie oek. Ek onthou hy't geloep vorentoe, na Faffa en hom sône woore styf vasgedruk. Faffa het gestry tienie troos, tewyl ammel hulle sakdoeke en vooskote gelig et. Maa Boeya het hom hardhandig tien sy bos vasgedruk en gehou totdat ie emotional fit subside et. Boeya was nog altyd stil. Hy't omgedrai en toe sien ek virrie eeste kee in my liewe, sy wange kan oek nat wôd. Sy lip het gebiewe. Sy bôs het lieggemaak.

Ôs herrit altwie gesien en vi mekaa net gekyk. Die grootmense het nog gepraat, maa ek was distracted. Faffa moes maa alien met sy heartache deal. My hart was oek geruk. Vestaan jy Boeta wat ek jou probee sê? Ek vra jou om hie saam my te stem! Om saam my te confirm, dat na dai dag ôs vesieke geleerit, ôs Boeya moete hart het.

Nou dai bouvallige hekkie. Ek herrit afgehal ennie off-cuts planke oppie hoep in size gesny. Net soes jy my gewys et, vesigtag. Ek herrit ytgemiet en my potlood op my oor gebalance soese regte tikkit. Ek het my maatband an my broek gehak en gestaan met my ken tien my vuis as ek gedink et oor die dimensions. Ek het my palms virre hamme ge-tame, gehoosaam gemaak. Ek't my elmoeg gelig, ennit mette steady hand geswing en flawless dai hekkie ge-overcome. Even die reinforced diagonal plank het ek onthou. Die hinges het ek ingeboor en ees gemiet oppie houtpaal wat ekkie wee sou terug an skroef. Die hekkie het gehang en geswing soese nuwe hek. Ekkie vi Mamma gan roep en Mamma het my vesieke Boeya gan proud wies. Selfs sy hette blink oeg gehad.

Ek't gesit oppie rooi gepolishde stoepie en self op innie pad gekyk, heelyd. Excited. Gewag virrie antwood wat ek nou jare al voo soek. Boeya het trug vannie hardware gekom en ek was al op my voete voo hyrie hekkie gemeet et. My pulsating hart in my bôs hette plek yt gesoek. Die vibrations het in my are geklop. Boeya het ingedrai en vasgestiek. Hy't gekyk, mute. Na my gekyk en wee sy oë oppie hekkie gefocus. Ek het probee asemhaal sône dat hy notice. Hy't my wee gekyk en sy frons was diep, sy oë donkere as gewoonlik. Hy't sy lip gebyt. Ek wiet oekie van waa die guts vedaan gekommitie maa ek het my kop starag geknik. "Ja is my harrewêk Boeya." Sy gesig het wee ve'anne en ek wassie sieke totdat hy sy bien opgelig et ennie hekkie poer in sy moer vannie hinges aftrap ie.

En toe ek wee bykom, was ek gevriet plat oppie polishvloere. My hart het geklop Boeta. Ekkie bly lê. Dai's al way jy survive. It was net één hou, maa ek was klaa anyway.

King Cello

Die muur by haa kooi is gedrape inne colourful Turkish bedspread in hues van diep oranges en gele, ampe goud. Die colours vang die dim-light wat die klein venstertjies inlaat. Die kitchen area hette klein, rône tafel met twee stoele, 'n fruitbowl mette paa vruggies en rakke tienie muur – soesie new age holiday houses se designs. Daa is soeveel crockery soes wat daa stoele is. As jy oppervlakkig kyk, lyk die flat maa simple en practical. It gie net die most basic insight into haa personality, baie asof sy nette klein deel van haaself op display sit. Far right, naby die venstertjie is daa 'n space wat afgebaken is mette beautifully patterned soft fibre mat. Net groot genoeg vi een mens om op te sit. 'n Beautiful rakkam met exquisite gold arches en Arabic calligraphy hang tienie muur. Enne weaved basket met moesallah's, mooi opgevou wat die geometric pattern vannie rakkam match, is netjies onne die pigeon-hole box-like rak gemount wat golden zip-cover relief patterned Qurane host. Met tasbeegh's anne cup-hook gehang. Oppie couch vi twee is daa throw-pillows met tussles en fringes –colour coordinated saamie décor. Die space is harmonious en pleasant. Eastern flavoured, cosy en elegant.

2.

Isse warme humid dag en Fahima lê inne lou warm bad en kyk hoe 'n lang dag yt haa klam vel trek. Sy is op haa eie in haa solitary studio apartment, excited virrie volgenne paa uur. Sy was nog altyd annes, tot in haa are en dis hoekom sy byte die framework vanne muslim household vrou-allien inne flat ingetrek et. Tien haa oues se belief en upbringing, actually hare oek. Na sy ytie badkame kom, loep sy na haa dresser, sit en apply haa perfumes. Each side van haa wrists en haa nek, albei kante. Sy tap haa wrists lightly tewyl sy haa cello innie spieël snap. Sy apply haa fragrant lotion starag, ingedagte en reminisce oo die beautiful orchestra wat sy laas weekend gan kyk et. Sy't haa colourful sundress, wat mette dun bandjie om haa waist vasgemaak is, met haa groot oversized floppy sunhat wat haa lang, los, wild bruin-krulle onne beheer hou. In silence, tuned into die loud instruments in haa minds-ear, sway sy haa kop oppie beats en dramatic musical flairs wat ie orchestra gemaak et. Haa gesig is inne passievolle angle

getrek en is asof die note op haa features dans. Sy exhale liggies. Nou en dan sône dat sy bewus is, swai haa arms innie lig en sy speel classical dirigent. Met allie movement, release haar rok se belt sy grip en haa cleavage raak sigbaar. Sy smile sag, maa diep genoeg vi haa dimples om te wys. Alles is stil en sy is stom in die instance. Die promises van musical ecstasy maak haa excited.

“Noggie.” Tease sy haa self.

Sy vat haa bos krulle en twist it beide kante en secure die locks mette pin agte haa kop. Sy open haa laptop en set die piano version van ‘A thousand years’ van Christina Perri op pause. Sy unzip starag die case. Sy carefully remove die cello en kry sy attachments in orde. Innie gesig vannie spieël, oë gefokus op die reflection bly sy geboei saamie image van hulle saam, saam gesmelt as een image. ’n Extension van mekaa. Sy unpause.

3.

Die piano intro trippel deerie speakers wat haa studio flat transform inne sea van klankbane. Soon sal sy transport wôd na haá wêrel, daa waa klank haa unchain van affiliation en obligation. Sy plaas haa linke hand en vingetoppies oppie chords en haa dym oppie agtekant van sy nek soedat ’n ‘C’ vorm. Sy sak haa linke skoue soedat it ’n lig-arm gewiggie mee gie, net genoeg om die output te kan kontroleer. Met haa regte hand kry sy grip oppie boog, byg haa elbow opwaats en met egalige hale trek sy trug in een aksie – ’n noot trek – vibrate dramatiese timbre inne vibrato van ritme tewel syrie boog bly pluk, oo en oo en stuu. Haa kop skud soesie akoestieks die kamer begin vul. Sy hou et daa, suspended, while klank met melody in harmony dans.

Haa chemistry mettie piano is perfect en soesie music swell glip sy die boog innie vou van haa skoot in en met een action swai sy die cello om en slaan met haa bal van haa hand ritmies oppie plat rug. Sy drai die cello wee facing en grip die boog en val wee in, tewyl die music trek en haa studio tot in elke nook en cranny met beauty vul. Memories van haa liewe speel af in haa mind.

Memories van sy as kind wat oppie voet-en-ent van haa ma se kooi sit en lyste hoe lief haa ma vi music was. Hoe haa ma, haa oupa, getrick et om te dink sy slaap en haa klein radio saggies onne haa kombêse innie kooi na gelyste et om net dai peace en tranquility te voel. Sy hoo haa ma se mooi melodious voice die Quran recite elke aand na maghrib en na fajr en hoe sy nooit vestaanet hoe hulle byrie madrasse vi haa vetel et music is garaam, wanne die Athaan ennie Iqama die eeste melodious recital is watte newborn hoo na geboorte plus vi haa associate sy soeveel mooi memories saam music. Close met haa Maker en haaself laat dit haa voel. Sy onthou die endless trips Kaap toe saam haa siblings, hoe elkeen hulle eie songs gesing of gehum et en hoe haa ma dan haa favourites sou request et. Sy onthou even haa ma en pa op a number of twee bob, maa hulle nie an string instrument ooit kon vattie. Nie ees toe sy op skool die cello kon lee speel veniet et ie. "Percussions only!" het haa oupa haa gemaan. Rosa, moppies, klopse, haa hele liewe was deetrek met melodies, yet hyl sy nou guilt-stricken omdat sy moes trek om haa first love yt te leef. Wettiglik saam haa passion te trou in geheim. Die cello bellow uit mette unexpected laaste swif van haa vooarm en ontplof met overtone. Sy smile dee haa trane en allow die sound om op sy tyd na stilte te fade soes sy haa oë toe hou en haa ore fine tune.

Masha-allah. Beautiful. Music.

Rembrandts

“Een, twee, drie, twaalf, twinnag, dêtag. Kamma kôma!”

“Nôtie-jé!”

“Kamma kôma?”

“Nôtie-jé!”

“Voetsek Lanie, jy speel soema kak wegkruipetjie!”

“Kry jy nou ’n fit ommat jy te onnosel is

om jou reg weg te stiek Mailie?

Fokker.”

“Hoekom sit jy han allien hie innie agterkame Lanie?”

“My ma sit my altyd hie as antie Jenesse-hulle kô kuie.”

“Vi hoekom?”

“Ek wietie, maa een ding is vesieke Mailie, Antie Jenesse kan vi haa baie wit hou.”

“Ommat syrie pencil-test geslaagit?”

“En ommat sy annie anne kant vannie refie kan woon.”

“Dom bitch. Dai’s oek sieke eeste en laaste test wat sy al ooit geslaag et.”

“Mailie dink jy ek praat kak van Errol Arendz wat hie agte ôs innie Elsies bly. Dink jy Elsies teel net skollies? Hie’s fokken talent sê ek jou! Dan moet jy nog kom kry my contraptions wat ek met skrep aanmekaa slat. Blerrie Jaloesbokkie.”

Sak vol planne. Dai is sy bynaam.

Hy was definitely 'n paa eras te vroeg gebore, maa dai klein koppie vol sône kan intricate gadgets en mechanisms maak wat nog invent gan wôd. En hy kry nooit, ooit dai recognition nie. Off no-one! Nevermind, hy's gevaalik! Miskien moes hy soes Errol sy talent gebruiket om ytie Elsie te vlug.

Die wind-up toys wat Lanie maak bly hy weggie virre appel enne y "suwhallaai kassam." Asofie whiteys g'n pôn hettie. Hulle rol mos daa in, dan nie? Plus, lat ek jou net gou iets wysmaak: watch jy hoe mass produce hulle al dié enterprise van hom môre en vekoep et wee trug aan sy eie kleinkinnes. Die man sal nooit ryk wôtie, nie in sy trade of in sy legacy nie. Lanie lê alwee dronk met twee bloulampies.

Lanie jy's glad ie mee jonkie. Leerie laities van jou trade. 'n Hamme-slat moet tóg in hulle bloed aard. Jy skyl heeldag agte jou Rembrandt cigarette-roek en blaas wolkies innie kinnes se koppe. Gie hulle hanne wêk.

My word Lanie. Jy mien 25 years of suffering! Happy anniversary! Jy gan kinda moet iets maak hoo Lanie. Jy sal moet! Wat vanne mooi nieuwe cutting board dié kee.

Wat sêrie dok Lanie? Moet ek al jou kafang bestel?

Ja, dok sê, 'Too many Rembrandts,' Mailie. Is downhill van hie af. My hourglass haloep yt. Het jy 'n light?"

"Jy serious ha? Innallielaahie... en hie dink ek ôs gat op dié stoep sit tot in ôs golden years. Wragtag Lanie? Issit rêrag sawhas vi jou?"

Joh ou Lanie. Vrind. Vedag sit ek jou weg. Vedag part ôs ways until we meet again. En watte pad het ôsie saam gestappie. Wat sê jy? Ek mien ek wil hie staan en sê koeber wyd en oemer lang, of soe iets, maa ek voel ek gan aire jou nette salamat travel wish my vrin. One thing though... as Mout jou ienage iets oo my vra, dan sê jy ek het gesê,nôtie-jé!

Alterations

Gakkie Gaidien wasse third generation tailor. Jy sou hom altyd kom kry inne tailored, double-breasted peak lapel-suit met matching v-nek onnebaatjie, krysbanne, enne high crown fedora hoed. Clean-cut baard, moustache en met effense krulletjie grys whiskers tien sy lig gelaat gesny. Lank oppie bien met breëskoues met sy woven leather shoes, wat lyk offit stof nooit vangie. Dai was hy, 'n statige Malayse tailor.

“Môre Mieste. Ek’s Gaidien. Die tailor.”

“Ja nee. Môre. Ek’s bly jy kon my inpas. Fourie het gesê ...”

“Mieste?”

“Ja kom stap saam. Laat ek net die deur toe trek. Ons gaan op die agterstoep meet.”

“Die stoep?”

“Ja kom! Ag, wees gerus, hier’s geen hond. Oubaas is by die diere salon vandag. En hy is nie juis ’n buite hond nie.”

“Mieste se hond by ’n beauty parlor?”

“Soortsgelyk, kyk Oubaas is nou al hier vanaf sy geboorte en hy’s soos een van die familie. Ja ek weet ek bederf die ou brak, maar dis lekker as hy so nuut en vars huis toe kom.”

“Is nice ja Mieste. Hy’s ’n baie lucky hon. Maa kan ek Mieste iets vra? Altyd gewonne.”

“Ja jy mag seker. Voor dit, skuif die bank nader en dan sit jy jou goed daarop. Dit kan werk. Die bank is ten minse afgevee.”

“Nou wat maakie mense nou juis mette hon daa?”

“Wel, ’n professionele versorgingsessie bestaan gewoonlik uit die hond wat geborsel, gebad en gedroog word, asook ’n knip. Die versorger borsel of kam allie knope uit voor hulle hom bad. Wat dit natuurlik makliker maak om Oubaas met sjampoe te skuim. Ek het dit eenkeer self probeer en toe hardloop hy die hele huis nat rond. Nooit weer sal ek dié fout maak nie. In elk geval, hulle versorg sy naels en sy tande word nagesien. Ek betaal eerder vir die diens.”

“Dai als mieste? Never knew. Mieste moet nou regop staan né.”

“Ja dit als en ook teen ’n astronomiese bedrag!”

“Ek explain soes ek angaan, dan wiet mieste presies wat ek beplan.”

“Jy’s seker nie te duur nie né?”

“Lig oppie arms. Ek gan nou jou chest miet. 40”. Got it.”

“Fourie sê jy’s ’n agtermekaar kêrel en het slegs sobergewoontes, so ek vertrou jou.”

“Die length vannie baadjie miet ek vannie kraag tot waa mieste die baadjie wil hê. Mieste soek mos ’n regular fit, so that’s 30" vannie nek narie hem. Lat ek gou skryf.”

“Ek kan sien jy het ambisie. Jy kan skryf, tel. Fourie was reg. Jy is agtermekaar.”

“Buigie arm nou soelat ekkie mou kan miet. Hie vannie skouer tot byrie gewrig is wattie norm is, maa ek sien die trend soek langer. Volg mieste die trends? Ek hoepie soe nie. Ek ken van klere maak en mens sny jou mou tot hie, 25". Ek skryf.”

“Hierdie is ’n belangrike pak en ek moet goed lyk daarin. As jy dit opneek, gaan ek jou nie vol betaal nie.”

“Nou vi die waist ommie broek se measurements te kry. Waa het mieste dié een annie lyf lat maak? Lyk daa’s ’n paa kotpatte gevat.”

“Maar dit is mos hoekom jy hier is, dan nie?”

“Waist is...”

“Net ’n oomblik, Oubaas is hier. Laat ek hom gou inlaat. Ek glip sommer agter in. Sit jy solank op die bank.”

2.

Mieste het by die agtedee in vedwyn. ’n Paa klappe van deere en staal kosbakkies wat soes cereal bakkies innie oggend klink het deerie oep kombysvenste sy bewegings veklap. Oubaas het geblaf en Mieste se, “Oubaas se hone,” het Gaidien stil-stil laat giggle. Toe echo die radio ‘La traviata’ en soothe Gaidien se patience oppie bank waa hy nou sit en wag en hy nerie somme saam hardop. ‘Libiam ne’ lieti calici/Che la bellezza infiora’, trek die opera tot innie agteplaas.

“Jammer, ek sit maar die musiek aan. Dit kalmeer Oubaas. Het ek jou nou hoor nerie die wysie?”

“La Traviata is my favourite mieste.”

“Jy ken opera?”

“Ek hou baie van musiek en sing.”

“Ja ek weet julle sing. Mos met die tromme en die gekleurde gesigte.”

“Mieste ôs singie net Hollandse liedjies ie. Ôs ken van musiek, soes kén. Toets my as Mieste dink ek lieg.”

“Nee man jy speel met my. Opera? La Traviata!?”

“Dink Mieste dan net Oubaas kan van opera like? Vra my ’n question? Toets my?”

“Reg so. Onthou jy’t my uitgedaag né. Jy kon net so wel dit daar gelaat het.”

“Ek wag Mieste. Jou vraag?”

“Nou goed so. Wat is die tema van La Traviata?”

“Dais easy. Sacrifice en Redemption. ’n Storie vanne lively Parisian-girl wattie man wat sy liefhet moet prysgie om haa family te save.”

“Ag nee man, dit klink soos ’n opsomming. Jy kon dit êrens raak lees. Vertel my van die kernstorie.”

“Okay Mieste, ek wiet wat jy soek. Evidence. La Traviata vetel ie storie vanne tragic love story tussen die girl Violetta ennie romantic Alfredo Germont. Wanneer haa vader outright Violetta vra om van haar een en most probably only chance van true happiness af te sien, self-sacrifice Violetta haar kans vi liefde en sy betaal die hoogste prys. Tevriede?”

“Ek...”

“Mieste kan maa nou ophou. Reg waa was ôs? Hettie hond an mieste se klere geraak?”

“Wat? Hoe bedoel jy?”

“Het hy?”

“Wie?”

“Die hond. Het hy aan Mieste se klere geraak?”

“Ek weet nie, dalk. Moontlik?”

“Is okay, ek sal my hanne agtena was.”

“Jy karring my brein vandag Gaidien.

“Waist 35". Buitebien 40". Binnebien 30". Seat 42". Bottoms 20". Mosse turn-up né mieste?”

“Ja. Defnitief. Dié een sal moet ’n omslagsoom hê.”

“Perfect.”

“Jy ken opera. La Traviata, wat nou oor die draadloos gespeel het?”

“So, Miester sê regular fit tot oppie skoen. Baie mee classy, dais reg ja. Wêk oek mooi saam ie turn-up.”

“Jy is die kleremaker en jy kan saam La Traviata sing?”

“Mieste dwaal op old news. Mieste moet noggie samples vannie lap kyk? Los nourie opera.”

“En jy ken die woorde! Jy verstaan nie. My brein is aan die karring.”

“Okay Mieste. Kom ek untie ie drare in Mieste se hoof. Ja ek issie kleremaker wat La Traviata ken, en sing ennie woore davan ken, nie net ie tune ie. Larit sink Mieste.”

“My verstand, te bowe ...”

“Soe die choice innie lap. Tweed?”

“Jy reken so?”

“Ja. Wide chalk of pinstripes. Gat bemesterends lyk! Hiersie samples. Ek sal pinstripes doen as ek Mieste is. Again, classic.”

“Wel jy’t vandag bewys jy weet baie, so ek vertrou jou kundigheid.”

“Afgespreek.”

“Hoeveel tyd dink jy sal dit neem tot aflewering?”

“Two weeks. To be safe. Gewoontlik knoepe wat maak lattie process soms vertraag.”

“Onthou die knope vir die kruisbande asseblief.”

“Mieste is snaaks. Maa ja, ek onthou. Note to self.”

“Reg, laat ek saam jou deurstap vorentoe.”

3.

Twie wieke was vestreke en die suit was reg vi delivery. Gaidien het twee missions nou gehad: Ommie suit te deliver en sý alterations.

“Môre Mieste.”

“Fantasties! Wag laat ek net gou...”

“Mieste kan toggie dink om dié duur tawwetjie oppie stoep daa agte te gan aanpassie? Is baie geld die lap!”

“Maar ...ja jy’s reg Gaidien. Jy sal moet inkom. Hier. Wag soe bietjie.”

“Wait a minute. En Oubaas Mieste. Waa is Oubaas? Honne kannie aan my râkie, dan kan ekkie bid in dié klere nie mieste.”

“Uhm, die Moslem-ding. Ek verstaan. Wag net hier.”

’n Geskoffel en geroep na Oubaas wat later al vêder weg geklink et, het ge-echo na die voodee ennie rasende brak was dydelik unhappy dat hy nie saam kon kuie nie.

“Kom in asseblief. Ignoreer die gekrap. Oubaas is glad nie beïndruk nie.”

“Is mos maa ’n hond se natuur Mieste. Hier is hy. Jou tawwetjie. Pas aan?”

“Gaidien dis perfek! Jy’t jouself goed van jou taak kwyt geraak. Dis ’n meesterstuk. Perfek sê ek jou! Kyk die gedrukte vou in die middel af op my pyp. Fantasties!”

“Ek’s bly Mieste is happy.”

“Ek is meer as gelukkig.”

“Mieste het nooit gesê vi watte occasion die suit voo issie.”

“O, ja. Die Opera.”

Home

“Gedra nou vi julle kanala as ek nou hie weg gan. Mamma issie mee vedag se kindie en sy kannie stane vure dood slaan ommat julle nie vi julle kan gedra nie. Doen iets sinvol, entertain Mamma, vetel stories.
“

“Ja Mammie!”

Mareldia se klein kinnes lê soes throw blankets op hulle ouma ytgeskrek. Een lê oo haa voete, een oo haa waist. Na ’n uur of soe van bickering en games start in fits and starts, beslyt Mareldia sy moet die kinnes biesag kry, voo sy hulle altwie in hulle moer slaan. Dai middag slapie sal moet wag.

“Kô, Sakeena, kô ôs vetel stories. Kô, Fazlin, hou op hyl nou. Kô, Sakeena begin jy ...”

Sakeena:

Saleema het elke dag oppie groen gras gan lê. Die gras het rondom haa hys oppie hill gegroei. Daa het sy gelê ennie images innie wolke gekyk en benoem. Depending on watte shape sy imagine. Vi haa wassit ’n magical experience enne plek om haa imagination voete te gie ...

Mamma

Die kinnes wat soes spoekasem innie wolke vorm kon jump en haloep saam Pegasus oorpe oepe blou, soe vinnag soes blits. Die koel briesie wat oorpe hillside haa hare laat wapperet, was vi haa soes liewendage poppentjies, dramatic. Sy sal haa oë toemaak en imagine sy’s dai misty creatures wat tussen ie wolke die wind ry en met Pegasus compete, maa na ’n tyd het die fog-kinnetjies opgegroeie en nie mee met die mythical creatures compete nie. Maa dan oek saam dolphins geswem wat deerie cloud-like waves zip en wind vang. ’n Unidentified creature, een wat Saleema nie geskep hettie, maak sy veskyning eendag en scare Saleema, ’n unexpected presence. Even more strange, vind sy die half-man, half-vis onsettend familiar en alarmingly baie exciting. Baie confusing ...Fazlin?

Fazlin:

Ek dink nog Mamma ...

Mamma

God man Fazlin, los nou die bêtlucke biesagheid. Sakeena las by soelank.

Sakeena

Eendag, tewyl Saleema se ma olik en innie kooi is, vra haa ma haa om die shell-covered jewelry kissie vi haa an te gie. Vesigtag vat Saleema die kissie na haa ma.

“My kind, hie in die kissie sal jy ’n pearl necklace wat jou pa my gegie et, kry. Varrit. Gan na die sea...”

“Ma Mammie sê dan altyd...”

“Bly stil en lyste Saleema!”

“Maa ...”

“Sirrit om jou nek na die branners, joelyt en juig todat jy ’n stem hoo skrie: Talita. My naam.”

“Maa Mammie se naam is...”

“Nuu! Maaf. Dai’s my sea-naam. Die sea sal als vi jou explain. Jy sal vestaan once jy die wate vang.”

Mamma:

Talita was actually van noble decent, maa soes die storie lei, het sy refuse om onne die Water King se aristokratiese bevelle haa liewe te lei. Hy’t gloe ammel bevel om sy selfish rules te abide en soes Murphy’s law dictate, val Talita in love byte royalty en weier om te kies tussen haa liefde en haa king. Die king was haa pa, maa die outjie wat sy gedink et hettie perfect character gehad virrie king, was haa outjie, right? Die blerrie king vedryf haa toe ytie kingdom en gladië sea oek en vesieke haa hy sal haa beloved spaar. Maarie King was disgusted met sy dogte en order toerie wise clam om haa ’n pearl necklace te maak wat haa inne land dweller kan ve’anne, maa nie trug ie. Die wise clam dink toe bogger hom en secretly add toe die reverse elements. Elke dag, oppe siekere tyd, het Talita oppie hiewel gan staan omme boodskap van haa beloved te ontvang. Die boodskap was saamie wind innie foam vannie brandes gescoop en op haa vel geblaas wat sy dan in haa lyf gesmeer it. Maa dai spiteful pa, die king vannie grote sea het mos sieke gemaak sy sal nooit van haa beloved kan hoo nie, toe dink die wise clam hy sal maa vi Talita se beloved innie briesse trie en self haa ’n message stuu:

“Dear Talita, I am sorry to inform you that your father, the King, has gone back on his word.”

Innie moisture op haa vel lee sy die bad news en haa hat briek stukkend, hyl riviere aneen, vi dae. Sy’t oek news gehad. In haa geswelde buik wasse sea van haa eie – ’n droem wat sy nog altyd velanget. ’n Babatjie.

Fazlin:

Soes haa ma haa instructet, is sy bankvas af sea toe. Dai necklace het sy geklou, tewyl sy die whispers vannie natuur in excitement na haa hoo ytroep. Die blare het liggies geskud, die boeme rondom haa het thikr gemaak. Ammel het in een of anne way die dans gejoin, happily. Die diere het haa soes die noble wat sy was gegroet ennie wind het vooryt die announcements gemaak.

“Sy’s op pad! Talita se dogte is oppad!”

Mamma:

“Saleema was in wate conceived en while die niege maane se vorming, het die Aarde, Vuur ennie Lug hulle Water-sister beloewe, sy sál groot wôd om eendag safely te kan return. Hulle promise was moestajap. True an die amaanat wat hulle annie Water-sister gemaaket. En soes sy die sanderagge strand reach, rol die brannes vorentoe en byg voo haa voete, raak haa gently an. Die impact van haa arrival het soese electric lading oor sand vertak ennie particles het arms ingehak, haa gewig op hulle skoues gedra soes hulle haa vorentoe nooi. Die sensations het innie sole van Saleema se hakke op tot in haa ruggraat getravel en yt haa vingetoppe geskiet. Sy’t continue, vorentoe, totdat haa biene onnerie wate vedwynet. En soes sy sink het sy die necklace om haa nek geplace, en gehoo vanne verte af: Talita!”

Sakeena:

“En toe ...en toe ...”

Fazlin:

“The end!”

Mr Rosso

Ôs het, as gevolg van my pa se wêk Verwoerdburgstad toe getrek. Plot no.37 inne predominant wit omheinde area. 1 Hektar groot. My pa wassie ou wat biesag was om die famous sailor, Bertie Reed se interior van sy sailing yachts te outfit. Ôs het vanne twee slaapkame council hys gegaan, waa gunshots constantly echo en dronk verdriet soes asemhaal normal was, na 'n mini-plaas met boorde mette variety van vrugte. Ôs het selfs 'n klein vineyard setting enne pool innie jaat gehad. Ôs eie jaat. Ôs het basically narie hiemel gemove. 'n Holiday resort en dai was ôs address. Ôs was met soveel complimentary privilege gepresent, ôs moes eenvoudag indulge en elke coloured kind se droeme daa ytleef.

2.

Ommie strange, nieuwe surroundings nog meer strange en new te maak, het ôs nou geliewe tussen Italians, Germans, Tswanas en Sesothos. Ammel saam in een boerpot. Ôs wat kinnes was het saam geswem; races gehaloep; gespeel en ammel het maa dee hulle eie version van broken English gecommunicate. It was soes die tower of Babel, maa fun. My broe, Majiet het hom mee as ooit gedra en ek't oek maa binne die lyne gewandel. Ôs was toegegooi met die possibilities wat space kan offer, maarie een ding wat hom nog altyd na my lat kykit, soes wanne ôs saam ingedagte was, wassie Italians se racers. Majiet hettie baie gepraatie, maa sou saam my sit, innie verte oorpe oepe veld staar en occasionally my kyk en my 'n skiewe mischievious smile gooi. Dai's normally die exact moment wanne ek gewiet et ek gan hom met iets moet help waavoo ek 'n ondentlike pakslae gan van vang. Maa ek was sy sidekick en ek het gedoen soes ek gesê was.

3.

Die Italian kinnes het bikes gery op hulle home-made dirt track wat hulle pa constructet. Ôs hettie dai gehad ie. Ôs hettie speed gehad ie. Noggie.

Majiet, met sy oneindigende crafty mind het beslyt ôs need om speed te experience. Toe die Italians vi een van hulle regular weekend break-aways hulle belongings unattended gelaatet, het Majiet gedink ôs moet dalk die Italians 'n deed of good gesture wys. In fact, soes Majiet vedydeliket, was ôs die heroes innie storie en was ôs baie helpful en considerate. Bikes se biêne

moet every now and again gestretch wôd. En soe embark myself en Majet dai Sondagmirrag op ôs honourable venture na die ongeslyte dee vannie Italians se kombys. Ôs ammel het gewiet hulle slytie. Ôs kry die keys vannie kettang en slotte wat die bikes regop hou.

4.

Majiet wasse boss op dai bike. Fierce. Hy't dai ystepêd gery asof hy al 'n miloen kee dai track gewaaget. Ek't oppie kantlyn opgêeindag, wan ek konnie my hart in my bôs control while ekie track ytgetrap et ie. Maa Majiet, hy't sy lyf 'n tyd gegie. Ek't nog nooit in my liewe hom soe baie woore in sy vocabulary hoor yte nie, hy't sy volle vocabulary opgebryk dai dag, suwhallaai!

Ek het net daa gestaan en adrientalien pomp net van hom kyk oo dai sandhoepe vlieg ennie aarde hat soen. It was epic. Majiet het mee daring geraak ennie aarde meer stubborn. Hulle't mekaa gecompit todat een van hulle moes vou. Needless to say, die aarde het gewen en Majiet het soes dai stunt-double Hollywood actors oppie Saragaan action movies verby my in slow motion geslide, sideways. Tot voo my. Ek wiet rêragie hoe Majiet dai survive etie, maa hy't sône 'n skraap of gebriekte kleintoontjie daa opgestaan. Die vooste wiel vannie bike wasse anne storie, it was gebuckle. Ek kon al my ma en pa se geskellery in my ore hoo, nóg even voo die nuus hulle getrefet. Ek't oek 'n die moer in Italian, rooi innie gesig sien skel lattie arms rondwai. Ek kon hom hoo in passionate Italian phrases revenge spoeg. Maa soes Majiet gemaak en lat staan is, flip hy die bike op sy agterwiel en ôs wheel die bike hystoe stom, soes altyd. Kalm.

5.

Ôs het ees virre paa uur in stilte rond gestap. Maa eventually het Majiet beslyt, alright is tyd om hystoe te gan. Toe ôs byrie hys angewals kom, staan Mr. Rosso, die Italian en praat met my pa. My pa se expression was completely new. Soese nieuwe gesig wat ekkie kan lies ie. My hart het in my skoene dadelk gesink en was asof my holbanke die dodemars kon hoor êrens speel soes ôs nader aan my pa-hulle beweeg. Mr. Rosso se gesig was even mee confusing. Hy't 'n suspended curly smile, soes die well-known cowboys in Westerns het voo hulle inne cowboy standoff gan engage gehad. Die twee manne staan toe met hulle hanne langs hulle sye en invite ôs innie kitchen waa ôs drinks klaa tot oppie brim gevul is. Ôs oohandag die keys en ôs sit gehoosaam oppie bar-chairs. Die kame seem noisy, maa nie 'n siel rip 'n lip'ie.

Ôs oë wandel rond, avoid mekaa terwyl ôs bankvas op dai stoele gegluet sit. Mammie klou 'n koppie stoem en Mrs. Rosso sip haa beverage politely. Die manne bly droeg en staande. Die Italian kinnes is klaa vannie scene removed. Isse stand-off en ôs is outnumbered. Ek waagie langs my acknowledge ie, maa ek rykie gallows. Ek wiet hy oek.

“So, we all-e friendze here,” breek Mr. Rosso die tension.

“An-d you wante –ride bike o –enter house and make possible, ja?”

Ôs klap ôs kenne ampe op ôs bôte soes ôs nod, swiêt tap ôs af.

“Now-whu you finish enjoy an-d bike suffer consequence.”

Ek het daa gesit. Te bang om links of regs te kyk, boe of ba te sê en definitely getawakkal virre positive outcome, annes as wat ek wiet is altyd die orde vannie dag, na ’n transgression van soe ’n aard. Ek wil oekie my ma-hulle ees innie oë gekyk et ie. Nóg minne Majiet.

“So-whu we big. We talk an-d we say shildren –only shildren.”

“Ja enne Godsend Mr.Rosso feels this way, soe kanala lyste! Listen to what he is suggesting, fokkers.”

“I think you say-ye sorry. We say-ye tank you an-d we help you learn lesson an-d get own bike – to ride.”

Dit was by far die worse stand-off wat ek al bygewoonet, maa ek was soe relieved. Ja Allah, ek konnie genoeg soejoedul shukrs dai agtermirrag maakie. Ek’t al baie stories van briesenne Italians gehoo, maa Mr. Rosso en sy vrou het net aanhou politely converse.

Majiet hette vinnage ninja-glance my kant toe gegooi en ôs het mekaa one-time innie mind gemeet. Ek moet zippe my lippe, punt.

Die tōpies hettie bike byte gaan ytcheck en na hulle trug gekommit, vi os explain ôs sal vi Stefano moet apologize; die jaat vi soe twie wieke skoon hou; blare optel; die Italians se twie Chihuahuas doggie-walk en alleranne soote goedjies doen. Ôs het sōne opstand ingestem en even Mr. en Mrs. Rosso maaf gevra vi ôs transgression. Vêrre was ôs vertel dattie chores monetary value gan het, maa it sal towards ’n bike vi ôs elkeen gesave wōd. At first het ôs gedink hulle speel met ôs, maa mens veklappie jou true gratitude of veligtingie en lyk maa plain tevriede as jy ’n pass kry. Twie wieke het angedrentel tot ie Vrydag na Jumu-ah. Twie wieke later en toe briekie dag an virrie bike-winkel trip innie dorp. Ôs het in my pa se Peugeot bakkie blinkoegies gespring en oorrie colours en tricks wat ôs gan yttry dispute. Volgens Majiet was hy mos nou ’n bike samurai, ’n bike-war veteran.

6.

My pa stop toe inne remote agterage-gravelstraat-parking lot en park tussen roudy dronk coloureds. Daa isse paartjie wat staan en Judy Boucher se tunes vekrag met outoftune geblêrrery. Daa is scattered hoepies wat sit op bierkissies. Die bike-winkel wasse ent van daa af,

soe ôs het maa laat loop soedat ôs daa kan ytkom. Die scenery kan 'n mens, as mens krag het, wee oppe anne dag fully appreciate. Mr. Rosso wat voorie winkel gepark gestaan et, het vi ôs daa gewag. Die situation het virre vedydeliking gevra, maa nie noodwendig genoegsaam 'n vestaning genietie. Alhoewel ôs ammel saam daa was ommie bikes te koop, kon ôsie by die leë counter ôs bikes koop ie. Ongeag dat daa nieman by dai counter gestaan etie. Ôs moes innie coloured lyn gan staan. Even despite ôs ammel saam geclub het ommie bikes te koop. Na vele kyke en eye-convos soese Wimbledon tennis match, het my pa soema 'n bogus verskoning gespin en it het darem die vure geblus gekry.

Na 'n lekke wag, wassit eventually ôs turn en kon ôs excitedly ôs bikes kies. Die wit shop assistant het kwaad ôs bestelling gevat. Hy was agte 'n steel cage, wat nette klein space gehad et ommie geld dee te vat.

“Plaas die geld op die toonbank!”

My pa het soe gemaak enne skiewe Clint Eastwood smile express. Die whitey het die geld soes melaats hanteer. Toe hy opkyk was Mr. Rosso stêk tienan mette gebalde vys enne kyk in sy oeg wat mens nie innie middedôp, as jy oek wit is, tienoo 'n coloured legally expressie. Mr. Rosso konnie vestaan hoe hulle, wat saam koffie drink en in en yt mekaa se hyse kuie soe afronlik kan getreat wôtie. My pa het Mr. Rosso diep innie oë teruggekyk en sy kop liggies geskud. Mr. Rosso, although nog altyd te vaak ommie full picture te vorm het sy vrind se gesture interprete en maa sy stance lat staan.

Die shop assistant hettie order agtetoe geskrie enne klein timid coloured outjie herrit oorrie 'white only' counter an gegie. Mr. Rosso het dié kee sy seat met vengeance velaat en voo my pa kon kee na Italian geswitch. Die blik gesig agterrie counter was bloedrooi geskrik.

“Sei serio? No! You give-ê –you give-da bike trô da hollé, ê-ê like you take-ê da money. You take-ê money, trô da holle.”

My pa was baie vining ommie situasie te save en weereens kon ôs met ôs liewens en no jailtime escape. By die hys moes my pa wee explain while ôs die dirt slopes anpak en legally dié kee vlieg. Toe ôs knieë begin kraak, wassit tyd virre break. En soe sit ôs die shiny bikes tienie boem en vange kit-kat, toebek soes altyd. Toe gebee iets extraordinary: Majiet praat. Ek bedoel sône coercion. Yt sy eie yt.

“Mr. Rosso is wys. Daddy moet hom gelossit, lat hy sy mind speak. Sy hart clear. Daa was fokkin baie wisdom in sy protest. Ennit wasse interesting situation oek. Dink net: twee blikgevrietjies baklei oore coloured sale. Foreign vyste en rooi tjaias. Ha!”

“Maa Majiet ... Mr. Rosso issie witie, vesin, hy's Italian.”

Labarang

“Salamu alaikum Kaamiela, hoe gannit mettie Labarang planning?”

“Wassalaam Mayah, alles onne beheer sietie. Het jy vi Naasie al gebel? Onthou jy’t ie kot stokkie getrek laasjaa.”

“Kaamiela, na dai vrou se kos makee ’n mens ’n fard ghoesl. Jy voel violated. Bel jy vi Maliek en dan sê jy vi hom, diplomatically dat hy moet vi háá suggest, ’n easy poering of order somme ’n desert.”

“Nuu, die stokkies het gpraat. Ek gattie bel ie.”

“Kaamiela ôs is al grootmense. Stokkie-trek issie ees mee op ôs ouedom ietsie. Ôs kan mos soes grootmense die sensible choice maak oo wie daao moet praat. Die most diplomatic een, soes byvoobeeld.”

“Nope, is jou beurt sietie. Beurt is beurt!”

“Ja Allah, wiet jy Kaamiela issie net die feit dat sy elke jaa dink Malay of any type of cooking is haa ding ie. Is oek ie feit dat sy met soeveel confidence en pride haa kos oppie tafel sit. Issie fact dat as syrit daa sit, sy vewag mens garrit skep. Ek bedoel sy hou jou dop of jy gan skep. En natuulik moet jy, annes issit sawhas met jou en jou broe se relationship, en ek dink sy wiet dai oek. Jy wiet hoe sensitive kan Maliek kan raak. On top of dai, vra sy jou opinion oo haa cooking en ek dink wragtag sy expect genuinely ’n goeie report. Ôs arme broe is al getaste-wash dink ek.”

“Ja Allah, ek sal nooit vegiet laasjaa se oondfrikkedel ie Mayah.”

“Oh my word, dit was ’n epic fail! Hoe fok jy oondfrikkedel op? Frikkedel en mash daa op, ma sy’t et gemange jong. Never disappoints. Dai moet jy haa gie Kaamiela.”

“Ja Allah, Mayah jy lat my nou lekka lag. Nieman sal laasjaa vegiet ie, maa Raboe, mee as anne dink ek. Sy sit maklik en strategise nou wa sy ommie tafel gan sit ommie ’n repeat te ve’oosaak ie. Ek sal haa facial expression nooit vegietie. Kan jy onhou hoe traan haa oë soes sy dai groot ghiembah chunk probee sluk et? Dai chunk het soese gholfbal in haa keel bly sit.”

“Ja Allah, ek het gedink ek gan dood vannie lag inhou. Mý oë het evens getraan!”

“Sône jokes, myne oek! Wag, toe Naasie haa ees vra hoerit proe toe moet syrit maa sluk. Ek willie ees opgekyket ie, maa ek was bus sietie. Ek moes die play-off dee sien.”

“Sy’t gelyk soes iemand wat se hat gebriek is, ma sy moet maa brave smile. Ek het my nog nooit soe enjoy om te sien wat iemand in soe ’n position kan sê nie.”

“Die frikkedel en mash was lekke." Haa woore het soes harre toothpaste yt haa keel gekom.”

“Nuuuu, oe fok! Dai was priceless. Toubat nasuha!”

“True it was. Maa sy wil mos altyd ly wegstiek. As sy innie kitchen was, sou sy gesien et is Naasie se frikkedel. Ek kan oek gesê et, toe sy skep, maa karma isse bitch en dais hoe mens lee. Ôs sal die jaa sien hoe vat sy vas innie kitchen.”

“Hoe’t sy ooit toe van die anne frikkedel ontslae geraak? Ek’t ees nooit gevra nie?”

“Sy’t innie skorsie skille weggestiek en toe oek soema die biene vannie tafel geclear.”

“Ja Allah mens moenie lelik van mense praatie nê, maa dai skoonsuste moet maa bly by moerby. Dais haa gawe. Gooi alles innie pot en ammel vi sy self en God vi ammel.”

“Wag laat ek na my tong en soutvleis gan kyk. Bel my as jyrie deed gedoen et.”

“Vi my kiefaayat ja... wag ma virrie notice, wasalaam.”

2.

Môre is Labarang en innie kitchen hied en gebied sy soese don ammel innie ronte. Sy rule die kitchen soesie captain vanne skip. Als in ship shape, orderly. “Sit op Mamma se bwiwhe, soedat Mamma se oë nie kan bwahan ie,” sê ek elke kee as Mamma uiwe chop. Mamma is yster. Sy vat net haa sakdoek en vie haa trane yt haa oë en bêre haa sakdoek wee in haa mou. Sy ken van mense happy maak. Sy’t ’n knack daavoo. Tewyl die grootmense die kos prep, issit die jongspan se duty ommie tea tafel se metajalles en luxuries yt te sort. Dai include nou die darel en makka-meebos op tannestokkies stiek en inne bak place. Ôs is rerag short van niks Labarangs ie. Alles is vollop. Maa Mamma remind ôs altyd dat times was tough, nie in my tyd ie, maa wel toe ekke baby was sê Mamma. Sy kyk en staar yt innie oepe space. Sy vetel al ôs halfpints dat sy moes brood bak soedat haa kinnes, ôs oues iets kon het om te iet. Sy vertel vêre hoe, tot oppie korsies, sy sou sieke maak ammel het iets om te kou. Dan het sy die broodbak in haa hanne gehou, soedat hulle nie kan sien dat sy die krummels ietie. Ek kyk wide-eyed na die stêk vrou en dink annie poem wat my juffrou innie klas nouriedag geliês et:

*Ses uur en aan tafel sit drie pensies en bid,
voor vier gedekte plekmatjies en vurk uiteengesit.
By die pot tel Ma sorgvuldig ewe porsies uit.
‘Geen kommentaar my kinnars’, dit is mos haar beleid.*

*Sodra ’n bord kos land, begin die vurke speel.
Ritmiese slae met mening, die spel word graag gedeel.*

Random die pot dwaal Ma gerus en trippel tyd verby.

Van elke krummel wat hul los sal sy 'n happie kry.

Ek hettie storie innie poem gelike, maa nie die lesson naskool in madrassa nie. Innie madrassa sê Imam dat ôs al ôs kos móét opiet, tot oppie laaste krummel. Imam rieken mens wiet nooit waa die baraka op jou bôd lê nie en soe mors ek toe nooit kossie. Maa oek wonne ek innie selle asem hoekom wassie krummels dan al wat Mamma kon kry. As ek dit gewiet et sou ek vannie baraka op my bord vi Mamma geoffer et. Ve'al as Mamma blomkool stew met long gemaakit. Dai sou 'n easy negotiation gewies et. 'n Win-win gewiesit. Mens kou mens dood aan dai longpypies. Ek kon easily net op kou vol geraakit, en nét kou! Of toe Mamma dai sago, of soes ôs et gedoep et, bolletjiekos – disgusting nourishment – bedien et. Proe piere naaltjies en all spice, maa ôs moesit sluk, al travel dai kos op en af in jou slukpyp todat jou oë traan. Sluk sal jy maa moet. En moenie as jy later burp ie. Dai reminder wat yt jou krop jou tastebuds groet met definite vengeance. En ommat Majiet, my broe my dai dag kwai met ôse gun-game gehelp et, het ek gevoel om helfte van sy bolletjiekos oek te veslint. Om yt te help. Ek was mos soe half 'n tomboy dai tyd, en Majiet het vi my en hom die houte shape vanne gun met Derra se tools uitgesny. Dit daana afgeskuu en swat gepaint. 'n Kepie virrie elastic band wat as jou trigger dien gesny en elkeen mette sak rekkies tienne neighbourhood team ge-arm. Mette lekke hand vol ammunisie kon ôs mekaa lekke rêrag bruisse. It wasse befokte game, maa ôs team was disabled. Ek konnie die noragge trrrrrr-sound makie. 'n Kot tongetjie sê hulle en dai wassie true crux vannie game, die sound effects. Die siren annie anne spelers dat jy 'n kill gemakit. 'n Indication dat jy die standoff gewen et. Majiet het my gecouch torat ek trrrrrr met great confidence kon maak. Soe om hom met sy bolletjiekos struggle yt te help, wassie minste wat ek vi hom kon doen.

Is allie hoeveelste jaa wat ek oppie angelica team gestation is. Ek bedoel ek't nie 'n issue met xmas shape cookies wat groen angelica enne klein stukkie rooi cherrie mie gedecorate wôtie. Ek voel net hie is baie mee om vêder te lee. Ek't mee gedink ôs kon dalk 'n rotational schedule hou. Ammel kan dan 'n beurt met allie soot cookies kry. Soes maybe die halwe peanuts oppie essies sit; offie star-shaped cookies innie syke dip en met sy klein rooi cherry wat mette tweezer opgesit wôd, soe iets fancy doen of even die lady fingers innie chocolate dip of wat vannie hertzoggies vul, maa hertzoggies, ek vestaan is virrie over 13's. Ek's 12, soe ek qualify noggie op dai level ie. Anyway, ôs kleintjies moet maa te bly wies as ôs graduate at all narie kitchen.

Narie koekies wassit tyd om ôs hare in twisties te kry. It was deel vannie Labarang prep. Nie 'n kop wôd gespaar ie. My een antie drai ôs girls se hare in met nat newspaper twisties vi salon-quality bokdrol-krulle. Soesie hare gefinish wôd, wôtie gheena innie palms van ôs hanne en op ôs naels deere anne antie opgesit. Ôs wôd oppe subliminal conveyer belt aangepass –sône opinions of ideas –veral mettie gheena apply. Ôs is nou al moeg virrie gheena palms. Jaa in en

jaa yt! Ôs wil patterns soesie Kaapse niggies op ôs hanne hê, soesie mandala en geometric shapes, ma my aunties wil niks daavan hoo nie. Hulle klou aan dai oudoos mentality en tradisie. Niemand lag vi hulle yt en vra of hulle vegiet et om hulle hanne te was na hulle gekak et ie. Jou palms is stuck metta bruin smeer torat dit weg fade. Dais ôs struggles as jy 'n nare glempie by jou skool het. Relentless teasing.

Een ding, my aunty-hulle is tarteeb oo hoe dit aangemaak móét wôd. My ouma hette jarelange trick mettie makka-gheena geleer. En dai kamma-secret wôd aangepass na elke volgene een wat makka-gheena asse present na my ouma'le se ghaj trippies kry, asof makka gheena sacred is. Diesie recipe: Jy maakit an met stêk koekene wate en larit ees trek mette bronze coin daa in. Mamma sê dai trick sallit lat donkeder trek. As jyrie coin vewyder, issit blinker as tevore. Vi ôs wassit 'n magic trick toe ôs klein was, maa nou is ôs Labarang mos geslat en modern-looking. Ôs klere, ôs hare, die teased krulle wat ôs yt dai bokdrolle trek as jy 'n jongmeisie is en dis ie naaste wat ôs aan nailpolish kan kom, wan nail polish is basically garaam –soe nou maak ôs maa allie comprimises innie naam van beauty. Soes my anties continuously repeat assie kleinsierage ouens kom sit: “Suffer for beauty! Dai's jou mantra.” Soe nou het ôs die gheena aan met stukkies square geknipte toiletpapier wat ôs vooryt moet prepare boe-op en cellotape daaoo gedrai.

Ammel loep die res vannie aand met sukke cellotape vingehoedjies warrit baie difficult maak om toilet toe te gaan. Ôs resort na twie-man teams, wan jy need help met jou pantie en om te stienja. Isse small sacrifice in the end, want na Labarang byrie skool voel jy somewhat defiant tien nie skoolreëls, want die skool kan niks maakie. Is mosse religious practice. Zulpha ommat sy pêdsteilhare het need iets special met haa hare. My aunties is magicians en manage actually om vi haa Olivia Newton John, soes in *Grease* krulle te create. Al hou it net tot lunchtime, maak it haa dag. Amal moet oppie oggend photo's wat my uncle met sy polaroid vat die aunties se hare wêk getuig.

For me, my excitement issie pre-list van anties en uncles, soes wat history serve, my die next dag innie vorm van geld 'n Labarang box gie. Ek calculate gewoonlik die sente tienie prys vanne brood. Boeya sê altyd, “Mens gooi nie geld weggie, al issit 'n sent. Jy sal net dai sent mis as jyrit need omme rand vol te maak.” En dis hoe ek die going rate vi Labarang exchange ytgefigure et. Dan is daa die familie wat in bulk my vi ma ôs geld sal gie en sê deelit op virrie kinnes. Ek dink hulle operate soes cowards en is bad at decision making. Hulle sal nooit wiet die impact van dai poor management directives ie. In dai geval wennie ouer siblings altyd. Maa ek is een vanne twieling en ôs is cute, mirrored angetrek en isse natural attraction. Ôs kan easy score by unknown random citizens as well. Die prospects virre goeie bottom-line is nog very much possible. Dai's ôs troefkaart. Met elke slamat calculate jy hoeveel snacks jy sal kan koop en hoe lekker jy virre while daana gaan kan iet. Dissie dae wat jy soese ryk kind kan voel, mette bag vol

geld, even papier geld. In fact, jou eeste papiernoot kom van Boeya en Mamma. Jou eeste rand. Melkblokkies is drie vi 10 sent. Jy kannie ees dai Wiskunde doenie, maa jy wiet isse hand vol blokkies.

Labarang trek ammel hulle vessies, panties en onties wat Boeya self gesew et an met hulle Labarang outfits, meestal gemaak dee local dressmakers innie community. Die mans is in wit salaah-toppe, wit koefieyas en som groot mans het mooi goudgebordierde onnebaatjies an. Na masiet sal vannie mans in hulle Labarang mondering veklee. Atter wat oek saamie Makka-trip standard mette wit koefieya en tasbeegh gekoep was, wôd gedeel ennie boys kry elkeen 'n mandatory dab agte hulle ore. Ammel ryk musky, soes Jannah. Die mans gan vroeg masiet toe vi Eid-salaah. Die Imam klim al vroeg oppie miembar soe brekfis is na masiet. Eintlik narie mans die dooies byrie kabrstan gaan ziyaarat et. Dai mien die vrouens moet ie tafel gedek kry. Die anties wat altyd pligsgetrou commit annie dag ennie ly wegstiekie, wêk soese clock met precision. Hulle attend na hulle stations. Hulle bak affie savouries en stroep die koesistes. Delegate die kinnes respectively. Die 'ly fokkers', altyd die skoondogtes, moet kot-kot 'n entjie ommie hoek gan brand maak om hulle vewagte contributions te dodge. Dis gewoonlik waa jy duidelik die dynamics tussen bitchy grootmense upfront kan waarniem. Hulle maak snarky remarks tienoo mekaa, mekaa se kinnes en vra heelyd hard uncomfortable questions wat general knowledge is, maa oek onnerie-mat knowledge is. Soes met my oupa se newly discovered weggelêde eier. 'n Outjie wat net een Sondagmirrag by die dee opgerock et en sy apparent pa kom opsoek et. Behalwe dat hy die spitting image van Boeya was, het hy al Boeya se mannerisms display. Die resemblance was uncanny. Die bitchery wôd oek alles onne Mamma se nies in codes persue. Hulle gannie juis Mamma se feelings hurt ie, maa sal 'n serious stab na mekaa vat, as die blok benoud wôd. Die jongmeisies, dais nou die moekallaf girls, vind die concealed riptide baie amusing tewyl hulle die biscuits oppie bôre in assorted bly anpak. Hulle is oek daavoo veranwoodelik ommie gerasperde soutvleis oppie vasgebakte gebotterde brood te sit. Dan moet hulle't onne die net oppie ietkametafel gan sit.

Innie jaat staan vie bladdes ytselê met wit tafeldoeke wat net ge-use wôd vi Labarang en anne important functions. 'n Losstaande blad virrie kinnes, apart vannie main tafel. Dai tafel kry nie bakke kos soes die adults-tafel ie, net bôre, glase en vurke. Die procedure is as such: jy gan met jou bôd na jou ma en sy skep vi jou. Soe staan elke kroos inne lyn agtemekaa by hulle sittene ma en as it gesettle is, sê Boeya: "Biesmiellaah." Daisie tieken virre go-ahead. Is classy. Organized. Die wat bibs norag het kry en oppie lang tafel is natlappies in pierings vi hanne afvie narie tyd, of tussen-in, 'n trademark as Mamma wil communicate die meal is special. Op Labarang kan ôs, die kinnes vi braai eeste vra, nie soes Vrydae na Jumuah-lunch of Sunday-lunch waa jy ees whatever die anne meal is moet finish ie. Op Labarang kry kinnes gas cooldrink en het free access narie constant topped-up gedekte snacks tafel – soe frequent soes wat jy wil.

“Is Labarang. Lossie kinnes! Ôs pwasa mos ammel gelyk op kliphart. Al issit halfdag of voldag,” sê Boeya. Dai’s Boeya se beleid. Even during Ramadaan as ôs ammel et ie tot oppie bêg gemaak et ie, is Boeya lenient en reward ôs met grace. Soes mettie family tradition, oppie 15de Ramadaan, boeka ôs ammel saam en maak gadat daana.

Bôre savouries en soetigheid wôd oppie wit tafeldoeke wat oppie grond oeppegooi wôd, gedek. It double-up assie boeka tafel, gadat space vi thikrs, asoek die fard maghrib jamaa-at salaah space. Ôs kinnes sit saam innie circle, nie die immediate een ie, maa oek rondom die platters en kan iet soveel ôs wil. Even al vra ôs multiple times, of mee as eenkee boebr, dan allow Boeya ôs. En as ôs hys toe gaan, gie Mamma ôs amal barakatte van whatever kos, savouries en soetigheid daa oo is vi souwer die next oggen.

Soe met Labarang, wat basically soese potluck event getreat wôd, is Mamma en Boeya virrie heeldag-tafel responsible. Dai include oek die Kentucky-fried hoene ennie koue vleise, boud, tong en soutvleis. My ma issie afval queen, penskerrie en tamatie pootjies, my favourite en my antie Fazli, die bebotie. Sy sê issie tameryn warrit soe addictive maak, maa ek wiet net met elke function mol ek vi ha bebotie en my ma se pens en pootjies. Oek die reason wavoo daa nat lappies op pierings oppie tafel móét wies. Pootjies lat ôs lippe en vinges aanmekaa vas sit. Vi ôs kinnes wat it iet issie lappies ees needed, ná ôs, ôs fun mettie stickiness gehad et. Ashieka especially freak nóú nog yt as ôs vi haa sê watte deel vannie skaap ôs nou iet. Sy was mos voobarag om hulle skaap wat hulle inne kraaltjie byrie huis angehou et, soes voogeskryf en met wisdom, voor qurbaan, ’n naam voo te gie. Sy’t elke dag die skapie gevoer enne relationship merit gevorm. Wel is suppose om die sacrifice van Nabie Ismaeel te simulate, maa sytie gewis dat it die vleis was, wat wieke na die qurbaan in sakke by hulle hys afgelaai was ie. Shame.

Sy het laas Labarang-ghadjie saam haa pa gaan kyk hoerie skape gequrbaan wôd en traumatized teruggekome. Finally het sy die connection gemaak en gelee sy’t saam haa gesin Wolniesie in breyani, kerrie en dennylvleis met mash en geelrys geëet. Sy’t ôs vetel dat die skape na ’n gegrawede put gesliep was en dat die Imam wate gevat et ennie skaap se nek ees natgemaak et. Daana het hy die wol oorrie skaap se keel gepart en mette skêp mes met een stroke dwasdeerie keel gesny. “Bismillah allahu akbar.” Sy sê sy’t dadelik annie hyl geraak toe sy die steam ytie skaap se keel sien trek et. En die bloed was awful sê sy. Die skaap hette paa kee geskop en toe issit klaa met hom. Ôs het ammel aan haa lippe gehang, maa Majiet wat in sy element Labarangs was. ’n Man wat jy oek moet wake-up voo wies vi jou bag of wallet op Labarangs. Hy het ’n piece sliced tong op sý tong gesit ennit ytgestiek, terwyl hy skaapgeluide gemaak et. Terrifying picture both ways. Sy’t geskrie en toe skrie haa ma even hadder trug. Dai laat toe ’n lekke crescendo van loud giggles, wat onne die sinkplaat-afdak agte in Mamma se jaat is, yt.

Die grootmense se self-entertainment is even more vesin as ôs s'n. Gewoonlik issit my jongste antie se striede om an ienagge storie te latch enne rymptjie daavan te maak. En dan issie anne siblings nie ly om an te las ie. Soes my ma se oudste dogte, wat haa eeste chop vanne yf by Mamma gelee et, het saam my ma haa eeste pot wôskos oorrie phone gemaak. Mammie het vannie ywesmoor stage tot oppie final stage oorrie phone vedydelik. Sy was maa tien, enne regte ou memmie en ek dink dais oek hoekom sy soe vroeg it wou waag. Anyway, toe my ma byrie hys kom, wassie helfte vannie wôskos missing. Soe vra my ma mos nou waarie anne wôskos is. Gerus antwood sussa dat sy elke kee as Mammie haa instruct et ommie kos te roer, sy geproe et offie kos al gaa is. My ma het dai dag gelag en soe oek die hele tafel annie lag met haa narration gekry en dis toe my antie die rhyiming frenzy begin et. Traditionally cheesy phrases.

Antie Kaamiela: "Miena maak wôskos oorrie phone."

Boeta Maliek: "Shaamie se age herrit condone."

Antie Manan: "Kwai. Hoo dié een, 'despite die mistake, kon Miena nie moan."

Antie Mayah: "Soe toe decide sy om die apprenticeship at once te postpone."

Antie Kaamiela: "Kwai een Mayah."

Dai sink dakplate was had getref met guttural outbursts van laggery. Boeya, annie ent vannie tafel het sy oegies wat hy famously nou soese Chinese trek met sy hand oppie tafel geslat en geskud soes hy lag. Dan die sakdoek ytie broeksak gehal ommie trane af te vie. Rondtom dai tafels vol vleiskerrie, breyani, bebotie en rooti's was memories gemaak en family bonds gesament. Daa was soeveel baraka in dai meal. Baraka wat my niggie Fahima elke kee op ytmis net ommat sy haa droem om cello te bly speel persue.

Ek't gehoo die grootmense praat van haa stubbornness om allien te wil gan bly en die issue wat Boeya met haa cello-spelery gehad et. Die gevoel was dat sy haa act agtemekaa moet kry, maa ek dink aan Antie G en hoe sy sieke haa dogte, my niggie, nou sukke tye moet mis. Ek het al skelmpies eendag, toe sy op haa walkman na haa recordings van haaself geluiste et, voo ammel gewiet et, gehoo hoe sy speel. Perfect. Dieselle soes dai muziek oppie radio, toe ek eendag Boeya vra wat hy lyst en hy antwood: "Opera." Isse shame.

"Is hie nie bôtjies virrie biene nie?"

"Sit jou biene onnerie tafel," skiet my oupa trug en wee is ammel in stitches.

Na lunch gan gie ôs slamat by allie neighbours en vorder lekkie geld in. Oral issie tafels gedek en is heeldag free range. Ôs sakke is vol lekkes wat ôs soema ôself mie byrie mense help. Nur is al een wat in sy suitbroek slangetjies en peanuts gooi. Soe mee ek hom sê dai gan vetkolle los, stry

hy my af. Die bakkie met die bokkoms ry veby en try an ôs regulars vekoep, maa nie vedaggie. Ek het geld, ek kan vedag byrie corner store ampe alles afford. Hulle sal next wiek wee kom en dan sal ek 'n bossie koop en vi my en my baby suste it vlek en in fillets debone en saam lekkie botte en jam op brood enjoy, maa vedag is ek ryk. Vedag kan ôs voel soes mieste kinnes by my skool. Vedag kan ôs innie winkeltjie se lyn gan staan. Na ôs rounds issit tyd om aandag aan my list te gie. At four o'clock tea begin die anties en uncles op my list opdaag en kô sê hulle slamat. Daisie crowd wat ek al heeldag jag. Ek moet visible wies. Dais hoe ek nog geld gan maak.

Af innie pad, op pad na my mamma'le huis sien ek Vrietangs die hekkie enter. Jarre, elke jaa kom die man, die helle agtermirrag om my ouma se gedekte tafel te knak. En sit my ouma inne bad mood daaby. Well, isse dag van gratitude en celebration, en I guess Vrietangs het oek die Ramadaan gesacrifice, so I guess hy kan oek geregtiglik celebrate. Maybe gedra hy hom vedag, after all isse special day.

“Slamat Uncle Faati.”

“Slamat kinnes. Ek't nou nie 'n sent vi julle nie, maa julle ouma het lekkie-goed daa oppie tafel. Biesmillaah.”

Ek konnie stoem yt my ouma se ore hoor suis.

“Maa wag Gakkie, lat ek jou vêre die stuk sny.”

En wragtag moet ôs amal wee hoo hoe Uncle Faati, toe hy 'n kind was gan yt boeka et tien sy ma se wishes. Die oumense het gegloe mens ietie by anne mense se hyse wat jy nie baie goed ken ie. Die oumense het gegloe mense kan jou toor en iets in jou kos sit, even iets in jou plant, soese foreign entity wat later jou laat siek voel of even jou kan dood. Soes bygeloefies man.

Soe toe ignore hy sy ma se advice en gan ommat hy al yt sy kinsbien ytevriet is. En nie net any day nie, maa during Ramadaan! Soe gan boeka hy by iemand daa af innie pad by hulle. En wie gaan boeka yt by random mense innie pwasa, mos net familie. Amal wiet dai. Well, hy't gedink assie antie catering doen, gan hy 'n early Labarang feast kry. Could not have been further from the truth. Hy vetel hoe lekkie het hy nog sy pwasa gebriek et, jamaa-at maghrib met die mans salaah et, die privilege van ikama gehad et en toe kom die main course. Lekke honge na 'n harre dag se pwasa: hoenepootkerrie. Sy vediende loon. Uncle Faati se kwaad kom elke kee dee asofit giste gebeerit en dit laat Boeya sy hand oppie tafel slaan soes wat hy maak as hy hom stukkend lag. Ek moet getyg dit maak my en Mamma oek lag, dalkie virrie selle reasons as wat Boeya voo laggie, maa it is funny. Nonetheless.

“Mareldia, jy moet wee haslag, mash en tamatiesmoor maak man. Kanala. Hie by jou kan 'n mens staat maak dat mens se mag happy bly. Né Gakkie?”

En net soe vie Uncle Faati my ouma en my smile van ôs gevriete af.

“Faati dai storie raak nooit oud ie.”

“Joh Gakkie, nooit ie.”

“Kom ôs gan sit byrie tafel Faati. Kô iet iets virrie Baraka.”

Die Doepmaal

Die hospitaal het my nette uur gegie om my suun se naam te gie. Is my first born en ek't sy hele doepmaal dee my pregnancy in my kop beplan. Traditionally issit die pa, die Imam offe family member wat die naamgie handhaaf en soe opt ek maa vi my Ammie, my ma se broer wat vi my oek met my doepmaal ingedra et. My ma is baie danag vi hom en hulle twie is actually baie close. Die pa, promise my hy het soe gou as moontlik innie regte oor van ôs newborn athaan gemaak ennie iqama innie linke, al was daa 'n delay. Hy's adamant hy het sy duty assie pa complete. Ek móét hom gloe. Soes hy explain was daa ees immediate medical responses wat volgens hospital protocol geclear moes wôd voorat hy, ôs kind in beskerming kon plaas.

Gewoonlik, is die recitals die eeste woore wat 'n Moesliem-kind móét hoor: die glorification of Allah. Benefit: ommie kind tienie ieblies, die shaytaan te beskerm en dis hoekom ek soe adamant is, hy móét innie hospitaal naamkry. Actually, moet hy al by die 7de dag, customary soes prescribed, sy doepmaal gehad et. Ek's net bly ek kry die respek en opportunity, algamdoeliellaah.

2.

Nurse Steyn, 'n oueragge nurse wat sagte laggende oegies het, kom en vra vrae en kry die elements vannie ceremony down ommit met hulle inhouse protocols te compare. Sy's happy mettie piering en skêrkie, maa dink die syke issie 'n goeie idea nie en vevang die syke mette bietjie bôsmelk. Dais glad ie 'n trainsmash ie en ek sal, voo Ammie kom, it express. Ek tick my list af en kannie help om te reminisce oo wat die prep virre traditional doepmaal na sou gelyk et ie. Eeste wôtie tyd determine, assie weekend nie available issie, issit surely oppe Donderagaan, gadataand. Maak sense, Joumul Jumuah, more blessings that way.

Dan wôtie anties mettie assorted specialties gekontak. Antie dit virrie gadatmelk of karamonk tea; antie dat virrie boebr; die savory queen (pies, samosas, daltjies en spring rolls) ennie antie wat fancies maak om te vekoep van haa hys af –die confectionary queen. Hulle wôd ammel benader. Som gie discount, ve'al die wat it al as hulle wêk sien en som gie it liellaahie ta Allah. En ommat die barakatte al ge-anticipate wôd, soes tradisie getyg, issie presence van droeë assorted traditional biscuits imperative ommit vê te trek.

Ammie arrive op tyd en alles is gereed. Die entrance wat my suun sou gemaak et is non-existent hie. My kind lê inne broeikas mette feeding tube in sy nies af en inne nappy en waterproof, onne pype. Dais sy mondering vi sy doepmaal. Niks soes ek talle kee imagine hettie. In anne circumstances sou my ma en my ouma al vroegdag die kussing wat my baltjies sy grand entrance mie sou gemaak et, oogetrek et met Mamma se miedourah. Die miedourah waa onne elke kind, boy or girl, mie gedoop was. Die rosies sal met skoppiespelle late rondom die edges vannie kussing gestiek wôd. Dai stiek vannie rosies oppie kussing dee hanne in generations

gecast, symbolizes die bond van ma-en-dogte, ma-wies en ma-wôd. Die wisdom en knowledge van kind-grootmaak, 'n metaphorical oohandiging van know-how en instinct wôd establish.

3.

Die aantrek vannie doepmaalrokkie issie ma se verantwoordelikheid. Hie kan haa female siblings, of cousins haa assist. Sy pa sou hom ingedra et en ammel sou innie lounge die auspicious occasion met smiles witness. Sy pa is absent vedag. Hy kannie deal met die baby se size ennie bevalling ie. Prem is abnormaal vi hom. In hulle family wôd daa net 'normal' kinnes gebore, dais nou niege maand kinnes. Hy sê hy issie gemaak vi hospitale en rondom siek mense wiesie, maa ek vedydelik hom dis ôs kind. Ôs hettie 'n choice ie. Ôs moet vi ôs kind stêk staan. According hom het hy 'n choice, soe ek lossit daa.

4.

While ek in my gedagtes wonne oo als, hoo ek Ammie sê biesmiellaah en my aandag is by hom en baltjies. Hy oepen die broeikas en ommat hy nie directly in baltjies se regteroor kan athaan maakie, wôtie iqama oek net soe deerie oepe broeikas recite. It klink mooi. Ammie se voice echo tienie glass sides vannie broeikas ennit roe my binne. Maa my memory van my suste kind se doepmaal interfere abruptly, ongenooïd en ek sien in my mind's eye hoe Imam sit mettie decorated kussing en haa baby innie doeprokkie op sy skoot. My hart twist. Ek't it vi my kind velang, maa Allah is kadier, wiet van bieter, I guess. Ammie batja nogge anne surah ytie Quran en vra virrie bôsmelk. Ek pass die bottle cap mettie fresh melk. Ammie sit sy vinge daa in enne bietjie in baltjies se mondjie tewyl hy biesmiellaah yter. 'n Stukkie van baltjies se haartjies wôd daana gesny, tewyl Ammie salawaat oppie nabie Moegammat sallallaah alayhie wassalaam voetbring. Ek val saam in en jikr saggies saam. Ek's overwhelmed met emotion en soe trots.

5.

"Inni sammaytuka Moegammat Uzair. Masha-Allah," sê Ammie.

Ek smile enne trane loep my wange af. Ammie maak 'nduah van welstand vi Moegammat Uzair en gie my slamat na hy die duah afeindig. Ek ennie pa het gepraat en ôs het saam gevoel dat ôs die eer vannie nabie Moegammad sallallaah alayhie wassalaam, asseblessing op ôs suun wil hê. Dit kan 'n voo, agte offe middelnaam wies, maa ek dink sy naam is perfect dié way. Ammie lyk verward vi my sadness en pak die goedjies wat hy gebryk et op. Hy moet. Daa isse time limit. Ek compose myself en deel my shukr met hom vi sy willingness om it under die conditions te perform. Hy groet, bedankie nurses en ek sit langs my suun en maak hopeful duahs soes vooheen.

6.

Een vannie nurses kom en vra of ek nou mee gerus voel. Oek rieken sy dissie mooiste ding wat sy al gesien en gehoorit et. Ek kinda haa sentiment. Kind of. My nieyat virre doepmaal was annes. Sy vat Moegammat Uzair se vitals en vra wat sy naam is. Sy congrats my en voo sy loep

vra sy: “As jy nou dit by die huis gedoen het, sou dit anders plaasgevind het? Ek bedoel die seremonie?”

“Ag nurse, dis die afwesige doebroek, die familie, die vriende, die excitement in ammel se prate oor wat hulle guess die kind se naam gaan wies en die bande en geselligheid. I guess wat grootliks vermis word. Ons sal nou ammal fotos geneem en en ammal sal my slamat gesê en en mooi duels vir my kind maak. Die tafels sal met rye savories en baie fancy gedek gewies. Slangetjies, lekkies, peanute, kinnes wat hulle oor iets. Ma's wat nare kinnes skree en die manne wat seconds en third rounds van gadoemelk en karamonk tea sou vra. Die vrouens sal nare kame gaan want ek my klong sou eers borsvoed om hom rustig te kry na die gepeetery en as ek om neelê sal ammal saam my koe oor klein kleertjies wat as gifte saamgebring was. My ma sal haa mikro-opsake oor my en baltjies yter en haa ma, my oma sal haa maan oor iets wat met my en baltjies te doen. Whether true or false en dan sal hulle ligtelike woore tussen mekaar het en ek sal hulle sê is okay en dan sal ons ammal gaan tea drink en lekker saam iets en gesels oor kinnerate en ou recipes oor kindgrootmaak.” Die nurse skud haa kop asof sy'n begrip kry van ho eke voel.

Ek sou ingesweer word by die groot vrouens, die moeders wat hulle eie taal praat en in codes weet wat sieker goed mien. Sêne moeite my stamp of approval kry en completely graduate as my kind latch en borsvoed.”

“Wow, dit klink spesiaal. Net een vraag nog Mammie. Hoekom het jy gehuil dan toe jou oom so sing en jou seun se naam aankondig?”

“Well... nou het hy 'n naam nurse. 'n Naam om op sy graf te sit as hy ete maakie.”